OOSTELIKE SINODE

22ste
SINODEVERGADERING
2026



*In die*

# VOETSPORE VAN JESUS

**15 - 17 OKTOBER 2026**




# WELKOM

by die twee-en- twintigste sinodevergadering van die

NG KERK
OOSTELIKE
SINODE

15-17 Oktober 2026

te NG Gemeente
Pierre van Ryneveld

# INHOUDSOPGAWE


1 VOORWOORD ..... 1
2 PROGRAM ..... 2
3 SPREKERS ..... 5
4 VISIE EN WAARDES ..... 7
5 ONS SINODE-FAMILIE VERGADER ..... 8
6 AFGEVAARDIGDES ..... 16
7 TEKSGEDEELTES VIR LITURGIESE MOMENTE ..... 26
8 IN MEMORIAM ..... 30
9 VERSLAG VAN DIE SINODALE DIENSRAAD ..... 31
10 TAAKSPAN: KOMMUNIKASIE ..... 36
11 TAAKSPAN: JEUG EN GESINNE ..... 38
12 MISSIONALE TAAKSPAN ..... 40
13 KLEIN GEMEENTES ..... 43
14 TAAKSPAN: LERAARVERSORGING ..... 46
15 TAAKSPAN: EKOLOGIE ..... 49
16 KERKREGDIENSGROEP (KRDG) ..... 52
17 BESKRYWINGSPUNTE ..... 87
18 FONDSEDIENSGROEP ..... 94
19 TEOLOGIESE OPLEIDING ..... 100

# 1 VOORWOORD

Hartlik welkom by die twee-en-twintigste sinodevergadering van die Oostelike Sinode. Ons kom bymekaar in 'n tyd wat nuwe uitdagings aan die kerk stel, maar ook ongekende geleenthede bied om getuies van God se koninkryk te wees.

Ons oorkoepelende tema: **In die voetspore van Jesus**, is nie bloot 'n slagspreuk nie, maar die kompas vir hoe ons tydens hierdie sinode wil saamdink, saambid en saam besluit.

**Die Geestelike Basis: Diensbare Leierskap en Onderskeiding**

Ons rigtingwyser vir hierdie vergadering is diep gewortel in twee Skrifgedeeltes: **Johannes 13**, waar Jesus sy dissipels se voete was en vir ons die model van leierskap deur dienslewering wys; en **Handelinge 15**, waar die vroeë kerk voor geweldige uitdagings gestaan het, maar deur gesamentlike onderskeiding uitkoms bereik het.


Die ontwerpspan het hierdie sinode met 'n baie duidelike uitgangspunt voorberei: **Ons vergader anders.** Ons verskuif doelbewus weg van 'n strakke, tradisionele besigheidsmodel waar papierwerk oorheers, verslae bloot meganies goedgekeur word en polariserende debatte die botoon voer. In plaas daarvan kies ons vir 'n ruimte van:

- **Geestelike toerusting:** waar ons vir die bediening gevoed word.
- **Gesamentlike ontdekking:** waar ons aktief na die Here en na mekaar luister.
- **Konsensus binne die eenheid van die liggaam:** waar die soeke na eenheid belangriker is as om 'n debat te "wen".

Hierdie manier van vergader gaan prakties gestalte vind in die wyse waarop ons, ons kernbedieninge visionêr en strategies aanspreek. Ons verslae en besprekings sal gerig wees op die toekoms van ons jeug en gesinne, ons missionale roeping in die samelewing, die uitvoering van leraarversorging, ons rentmeesterskap ten opsigte van die ekologie, effektiewe kommunikasie, en die lewenskragtigheid van kleingemeente-bediening.

Tydens ons vergadering het ons die belangrike taak om nuwe leiers en ander afgevaardigdes vir die volgende termyn aan te wys en die koers van die volgende seisoen te onderskei. Mag ons dit van die staanspoor af 'n saak van gebed en afhanklikheid van die Gees van die Here maak, sodat ons hierdie prosesse met verantwoordelikheid kan uitvoer.

Mag ons altyd bewus bly van die spore van Jesus waarin ons loop. Mag Sy vrede ons harte bewaar, Sy wysheid ons gedagtes lei, en Sy liefde ons aan mekaar bind.



Dr. Johan Botha
Uitvoerende Amptenaar Oostelike Sinode

## 2 PROGRAM

**DONDERDAG**
**15 OKTOBER 2026**

OOSTELIKE SINODE

**22ste SINODEVERGADERING 2026**

*In die voetspore van Jesus*

11:30 Aankoms en registrasie

12:30 Middagete

13:30 Opening: Tertius Erasmus en Carine Botha

14:00 Toerustingsessie 1. Tema: Hermann du Plessis – *Die predikant as kultuurargitek*

15:30 Vergadersessie 1

16:00 Koffietyd


16:30 Vergadersessie 2. Taakspan Jeug en Kommunikasie wegbreke

17:45 Aandete

18:30 Vergadersessie 3

19:30 Vergadersessie 4

20:30 Afsluiting



OOSTELIKE SINODE

**22ste SINODEVERGADERING 2026**

*In die voetspore van Jesus*

## VRYDAG
## 16 OKTOBER 2026

| | |
|---|---|
| 08:30 | Opening: Alicia Bosman en Sheldon Grahan |
| 09:00 | Toerustingsessie 2. Tema: Stephan Joubert – *Dringende leierskap* |
| 10:30 | Vergadersessie 5 |
| 11:00 | Teetyd |
| 11:30 | Vergadersessie 6. Taakspanne Missionaliteit en Kleingemeentebediening |
| 12:45 | Middagete |
| 13:30 | Vergadersessie 7 |
| 14:00 | Vergadersessie 8 |
| 15:00 | Vergadersessie 9 |
| 16:00 | Koffietyd |
| 16:30 | Vergadersessie 10. Taakspanne Predikantesorg en Ekologie |
| 17:30 | Vergadersessie 11 Ringswegbreeksessie. Aanwysing van verteenwoordigers |
| 18:30 | Afsluiting gevolg deur aandete en sosiale verkeer |

OOSTELIKE SINODE

**22ste**
**SINODEVERGADERING**
**2026**

*In die voetspore van Jesus*

## SATERDAG
## 17 OKTOBER 2026

| | |
|---|---|
| 08:00 | Opening: Rikus Blom en Ilse-Mari van Niekerk |
| 08:30 | Toerustingsessie 3. Hermann du Plessis en Stephan Joubert |
| 10:00 | Koffietyd |
| 10:30 | Vergadersessie 12 |
| 11:30 | Vergadersessie 13 |
| 12:30 | Afsluiting met Nagmaal. Tertius Erasmus en nuwe voorsitter |
| 13:00 | Verdaging |



# 3 SPREKERS

## HERMANN DU PLESSIS

Hermann du Plessis is die stigter en besturende direkteur van die **Themba Thandeka Leadership Institute (TTLI)**, wat reeds in meer as 138 organisasies in 23 lande werksaam was. Hy het meer as twee dekades se ervaring in leierskapsontwikkeling en het leiers in verskillende kontekste afgerig, begelei, opgelei en geadviseer.

Hy is die skrywer van *Lead with Intent*, wat ook in vier internasionale MBA-programme gebruik word. In Julie 2026 het sy opvolgwerk, *Cultivate with Intent*, verskyn. Sy werk fokus onder meer op transformerende leierskap, lewegewende organisasiekultuur en doelgerigte strategie.

Hermann doseer ook leierskap by tersiêre instellings en bestuurskole. Hy beskik oor kwalifikasies in Handel, Opvoedkunde en Teologie, 'n meestersgraad in Volwasse Onderwys en 'n internasionale sertifisering in Leadership and Management Coaching. Hy en sy vrou, Adél, is 25 jaar getroud en het 'n dogter, Grace.





Temas

- Die predikant as kultuurargitek
- Gemeentevernuwing

Hermann du Plessis

# STEPHAN JOUBERT

Stephan Joubert is 'n Buitengewone Professor in **Praktiese en Missionale Teologie** aan die Universiteit van die Vrystaat. Sy akademiese werk bring Bybelse tekste in gesprek met die identiteit, roeping en missionale teenwoordigheid van die kerk in 'n veranderende wêreld.

In sy artikel "*It all starts with urgency…*" gebruik hy Handelinge 17:1–9 en 1 Tessalonisense 1 as vensters en spieëls waardeur die kerk opnuut na sy eie identiteit en roeping kan kyk. Hy vestig die aandag op Paulus se missionale dringendheid, 'n beliggaamde evangelie en geloofsgemeenskappe wat deur hulle lewe 'n sigbare verskil in die wêreld maak.

Sy nadenke daag gelowiges en kerkleiers uit om nie dringendheid met gejaagdheid te verwar nie, maar om met fokus, vreugde en 'n hernude bewussyn van hulle roeping, Christus se evangelie te leef en te deel

**Ter voorbereiding**

Stephan Joubert nooi ons om deur twee skrifgedeeltes, **Handelinge 17:1–9 en 1 Tessalonisense 1**, na die vroeë kerk te kyk as 'n venster én 'n spieël vir ons eie roeping. Ter voorbereiding op sy sessie word afgevaardigdes versoek om sy artikel, "*It all starts with urgency…*", vooraf te lees. Skandeer die QR kode of lees die artikel hier.

## Tema

**Dringende leierskap**

*"It all starts with urgency…"*

Stephan Joubert



OOSTELIKE SINODE

## 4 VISIE

Die sinode wat

*Hoor, dien en lei.*

## WAARDES

| | |
|---|---|
| 1 | Ons wil voor God leef soos Jesus Christus ons geleer het. |
| 2 | Ons wil besluite neem wat berus op die Bybel en ons belydenis. |
| 3 | Ons wil soos 'n gesonde familie in goeie, liefdevolle verhoudings met mekaar leef. |
| 4 | Ons wil sensitief wees vir die veranderende manier waarop mense die wêreld verstaan en daarin leef. |
| 5 | Ons wil ruimte maak vir God se ryke verskeidenheid van mense en gemeentes. |
| 6 | Ons wil met God se liefde uitreik na die nood van die wêreld. |
| 7 | Ons wil groei in verhoudinge met gelowiges van ander kerke. |

# 5 ONS SINODE-FAMILIE VERGADER

## 5.1 VERGADERPLEK


Ons vergader by die gemeentesentrum van die **NG Gemeente Pierre van Ryneveld**



## 5.2 KAART NA PIERRE VAN RYNEVELD

**Pierre van Ryneveld Gemeenskapskerk**

Baltimoreweg 14, Pierre van Ryneveld



### Vanaf die N1-snelweg

Neem die Solomon Mahlanguweg-afrit en draai links in Delmasweg. Draai links in Solomon Mahlanguweg en ry oor die N1 en verby Castle Gate-sentrum. Draai links in Van Ryneveldweg en volg die pad onderdeur die R21 en N1. Draai links in Mustangstraat en daarna regs in Baltimoreweg.

### Vanaf die N4-snelweg

Neem die Solomon Mahlangu-afrit (voorheen Hans Strydomweg). Volg Solomon Mahlanguweg, ry oor die N1 en verby Castle Gate-sentrum. Draai links in Van Ryneveldweg en volg die pad onderdeur die R21 en N1. Draai links in Mustangstraat en daarna regs in Baltimoreweg.

### Vanaf die R21 – Nellmapius-afrit

Neem die Nellmapius-afrit en draai regs in Nellmapiusweg. Ry oor die R21 en verby Irene Village Mall. Draai regs in Van Ryneveldweg. Draai regs in Avianlaan en daarna regs in Baltimoreweg.

Skandeer die kode vir 'n skakel na Google maps

of gebruik die kaart hierbo

## 5.3 REGISTRASIE

1. Registrasie vind plaas op Donderdag 15 Oktober 2026 tussen 11:30 en 13:00. Duidelike aanwysingsborde sal afgevaardigdes na die saal met die registrasietafels lei. Die tafels word alfabeties volgens gemeentename gerangskik.
2. Gemeentes het reeds hulle geloofsbriewe ingedien. **Primarius-afgevaardigdes** wie se name op die gemeente se **geloofsbrief** verskyn, kan registreer. Indien die primarius nie die vergadering kan bywoon nie, kan die **sekundus-afgevaardigde** in sy/haar plek registreer.
3. Indien 'n gemeente se afvaardiging verander het, moet die afgevaardigde met 'n **nuwe, gewysigde geloofsbrief** van die kerkraad by die Uitvoerende Amptenaar aanmeld.
4. Afgevaardigdes ontvang tydens registrasie 'n **naamkaartjie** waarop ook die nommer van die tafel waar hulle sit, aangedui word. Naamkaartjies moet asseblief vir die duur van die vergadering gedra word.
5. Toegang tot die vergaderlokaal word deur die **Sinode-toep** ('n webtoepassing) bestuur. Gebruik die kamera van jou selfoon om die **QR-kode by die ingang** te

skandeer en jou teenwoordigheid aan te meld. Wanneer jy die vergaderlokaal verlaat, moet die **uitgangs-QR-kode** geskandeer word.

6. Persone wat **ná die formele registrasieproses** opdaag, moet eers by die **Notulespan in die moederskamer** aanmeld voordat hulle by die vergadering aansluit. 'n Naamkaartjie wat toegang tot die vergaderlokaal verleen, sal daar uitgereik word.
7. Afgevaardigdes word versoek om **daagliks 15 minute voor die aanvang van die vergadering** hulle plekke in te neem, sodat die vergadering stiptelik kan begin.
8. 'n **Ligte middagete** sal op 15 Oktober vanaf 12:30 beskikbaar wees.

## 5.4 KONSTITUERING

Kennisgewing van die sinodevergadering, asook die geloofsbrief, is op **9 Maart 2026** aan gemeentes gestuur. Die kennisgewing van die sinodevergadering is op **31 Julie 2026** in Die Kerkbode gepubliseer.

**BEPALING 33 - Konstituering**

33.1 Die Sinodale Diensraad lei die vergadering.

33.2 Die voorsitter van die Sinodale Diensraad neem die konstituering en opening van die sinodesitting waar. (Kyk Reglement OOS 1, Reglement van Orde).

**3. KONSTITUERING EN OPENING (Reglement Oos-1)**

3.1 Indien die vereiste kworum teenwoordig is, konstitueer die vergadering onder leiding van die voorsitter met die personeel soos aangeteken op die presensielys.

**EN**

3.1.3 'n Meerdere vergadering konstitueer wanneer ten minste **twee derdes van die afgevaardigdes** teenwoordig is.

## 5.5 VERSKONINGS

Die Uitvoerende Amptenaar het die volgende verskonings van gemeentes ontvang:

1. **Kloofsig** – Die leraarspos is vakant. Verskoning ontvang.
2. **Kragveld** - Geen personeel is beskikbaar om afgevaardig te word nie.
3. **Krielpark** - Die leraarspos is vakant. Verskoning ontvang.
4. **Machado-Boven** - Die kerkraad kan ongelukkig nie afgevaardigdes na die sinodevergadering stuur nie.
5. **Morgenzon** - Geen kerkraadslede is weens planttyd beskikbaar om die sinodevergadering by te woon nie.
6. **Rietkuil** - Geen afgevaardigdes is beskikbaar nie. Ds. H.J.D. de Vos (Hennie) het ook verpligtinge as onderwyser by die skool.
7. **Roossenekal** - Die leraarspos is vakant. Verskoning ontvang.

8. **Westergloed** - Die gemeente kan weens finansiële uitdagings en gepaardgaande besnoeiings nie afgevaardigdes stuur nie.

## 5.6 AFWESIG SONDER VERSKONING

1. **Ermelo-Oos** – Die Gemeente het in 2025 kennis gegee dat hulle alle amptelike verbintenisse met die Ring van Ermelo, Oostelike Sinode en die Algemene Sinode beëindig.
2. **Goedgegun** - Die gemeente het in 2024 'n dokument, getiteld *Akte van opskorting*, aan die ring gestuur waarin aangedui word dat alle verbintenisse met die Ring, Sinode en Algemene Sinode opgeskort word.
3. **Moreleta Park** - Die kerkraad van Moreleta Park Gemeente het die Sinode in 2026 in kennis gestel dat die gemeente van die Ring, Sinode en Algemene Sinode "disassosieer".

## 5.7 SITTINGSTYE

| | | |
|---|---|---|
| **Donderdag** | 15 Oktober 2026 | 13:30 tot 20:30 |
| **Vrydag** | 16 Oktober 2026 | 08:30 tot 20:00 |
| **Saterdag** | 17 Oktober 2026 | 08:00 tot 13:00 |

## 5.8 VERLOF EN PERSONEELVERANDERINGS

1. Elke afgevaardigde word dringend versoek om vir die **volle duur** van die vergadering by alle sessies teenwoordig te wees.
2. Indien 'n afgevaardigde 'n gedeelte van die sitting nie kan bywoon nie, moet hy/sy **verlof neem** en dit by die Notulespan laat aanteken.
3. Indien 'n **primariuslid** hom/haar aan die vergadering moet onttrek, neem die **sekundus** die plek van die primarius in en word hy/sy 'n permanente lid van die vergadering.
4. Let asseblief daarop dat daar **te alle tye 'n kworum teenwoordig moet wees** ter wille van die geldigheid van die vergadering en besluite wat geneem word.

## 5.9 SPREEKBEURTE EN MIKROFONE

Mikrofone word voor in die kerkgebou opgestel. Deelnemers aan die **vloergesprekke** neem op die aangewese stoele plek en wag totdat die voorsitter hulle na die mikrofoon roep.

Geen spreekbeurt mag sonder die toestemming van die voorsitter en/of die vergadering geneem word nie. Slegs afgevaardigdes en gaste wat daartoe uitgenooi word, is geregtig op spreekbeurte.

**SPREEKBEURTE (Reglement Oos-1)**

6.1 Geen lid mag meer as een keer oor dieselfde saak praat nie, tensy die vergadering anders besluit. Die voorsteller het reg van repliek.

6.2 In die bespreking wend elke lid hom/haar tot die voorsitter en onthou hom/haar van alles wat in stryd met die waardigheid van 'n kerklike vergadering is. 'n Persoon wat onordelik optree, word tot orde geroep. Indien hy/sy nie gehoor gee nie, kan hy/sy met die toestemming van die vergadering gevra word om die vergadering te verlaat.

6.3 Die voorsteller het 5 minute geleentheid om sy/haar saak te stel, terwyl alle ander sprekers 3 minute geleentheid het om aan die bespreking deel te neem. Aan die einde het die voorsteller 3 minute geleentheid vir repliek.

## 5.10 KLEREDRAG

Kleredrag word aan die diskresie van elke afgevaardigde oorgelaat. Die riglyn is **netjies-informeel.**

## 5.11 ETES EN VERVERSINGS

Alle etes vir afgevaardigdes word in die **kerksaal en jeuglokaal** bedien. Afgevaardigdes kan nie op sinodekoste elders gaan eet nie.

Tee en koffie word op die aangewese tye en plekke bedien. Afgevaardigdes en besoekers is welkom om daarin te deel. 'n **Koffiewaentjie** sal tydens die vergadering beskikbaar wees. Vir afgevaardigdes se eie rekening.

## 5.12 BESOEKERS

Besoekers is hartlik welkom om die vergadering by te woon. Hulle moet by die **Notulespan** aanmeld om 'n besoekerskaartjie te ontvang en is welkom om tydens teetye saam met die afgevaardigdes tee en koffie te geniet.

Besoekers wat ook van die etes gebruik wil maak, moet asseblief **minstens een week voor die aanvang van die vergadering** die nodige reëlings met die **Sinodehuis** tref.

## 5.13 VERKIESING EN STEMPROSEDURES

Die Ontwerpspan het besluit om van **elektroniese stemprosedures** gebruik te maak vir verkiesings en ander stemprosesse waar 'n geslote stemming voorgeskryf word. Die elektroniese stemproses werk deur middel van selfoontegnologie.

Elke afgevaardigde word versoek om 'n **selfoon met 'n werkende WhatsApp-toepassing** na die sinodevergadering saam te bring. WhatsApp moet funksioneer op die

selfoonnommer wat op die afgevaardigde se geloofsbrief aangedui is. Wi-Fi sal tydens die vergadering beskikbaar wees.

Rooi en groen kaarte sal, na gelang van die diskresie van die voorsitter, vir ander stemprosedures gebruik word.

Papierstembriewe sal as rugsteun beskikbaar wees indien dit nodig sou wees.

## 5.14 VERKIESING VAN DIE SINODALE DIENSRAAD

Reglement 2 van die Familiereëls bepaal die samestelling van die Sinodale Diensraad en die proses waarvolgens die leierskap van die Oostelike Sinode verkies word:

**1. SAMESTELLING SINODALE DIENSRAAD (Reglement Oos-2)**

1.1 Die sinode verkies die voorsitter en ondervoorsitter van die Sinodale Diensraad, wat ook as voorsitter en ondervoorsitter van die daaropvolgende sinodesitting dien. Hierdie persone is nie herkiesbaar in die daaropvolgende termyn in dieselfde posisie nie.

1.2 Die sinode verkies sewe sinodale verteenwoordigers met sekundi vir die Sinodale Diensraad. Twee van die sewe sinodale verteenwoordigers (asook twee sekundi) moet ouderlinge/diakens wees wat nie predikants- of proponentsbevoegdheid het nie.

1.3 Elke ring wys BY DIE SINODESITTING 'n sinodale verteenwoordiger met 'n sekundus aan om op die Sinodale Diensraad te dien.

1.4 Die Kerkregkundige word deur die Sinodale Diensraad aangewys en as volwaardige lid gekoöpteer.

1.5 Die voorsitters van bedieninge word vir 'n bepaalde termyn as lede van die Sinodale Diensraad gekoöpteer.

1.6 Die verkose sinodale verteenwoordigers word vir 'n termyn van vier jaar verkies. (HANDELINGE OOSTELIKE SINODE 2022 BL 77)

### 5.14.1 Wat is vir ons belangrik wanneer ons die Sinodale Diensraad verkies?

- Leiers wat 'n hart vir die sinode het
- Gawes en kundigheid
- Bereidheid en beskikbaarheid om te dien

**VERKIESING**

3.1 Stembriewe word voorberei waarop die hoedanigheid waarvoor die persoon genomineer is (bv. sinodale leier: voorsitter) en die name van al die genomineerdes,

in alfabetiese volgorde verskyn met hul gemeente se naam, amp, ouderdom en geslag in hakies.

3.2 Voordat die stemming plaasvind word die genomineerdes aan die vergadering bekend gestel.

3.3 Die verkiesing van voorsitter en ondervoorsitter van die Sinodale Diensraad vind eerste plaas, daarna die van die ander sewe sinodale leiers.

3.4 Elke stemming geskied deur die lede wat aanwesig is. Sinodale leiers asook sekundi, moet met 'n volstrekte meerderheid van stemme van die aanwesige lede verkies word. Verkiesing van persone geskied op 'n geslote stemwyse. Uit die name in die nominasielys stem elke stemgeregtigde vir soveel name as die getal persone wat in 'n bepaalde hoedanigheid verkies moet word. Indien vir 'n bepaalde hoedanigheid nie 'n volstrekte meerderheid van stemme op 'n persoon verenig is nie, vind 'n verdere stemming plaas uit die name wat die hoogste getal stemme gekry het en saam 'n volstrekte meerderheid vorm. Indien die stemme staak, vind 'n volgende stemming tussen dieselfde persone plaas, waarna die lot beslis.

3.5 Ringe kom tydens die vergadering op 'n afgespreekte plek bymekaar en wys 'n primarius en sekundus met handopsteek aan om namens die ring op die Sinodale Diensraad te dien.

3.6 Die ringe kan nie iemand wat reeds as primarius deur die vergadering verkies is as ringsverteenwoordiger verkies nie. Indien 'n sekundus van die sinodale verteenwoordigers as primarius van 'n ring verkies word, gaan die vergadering voort om 'n ander sekundus vir die sinodale verteenwoordigers te verkies.

## 5.15 AFVAARDIGING NA DIE ALGEMENE SINODE 2027

Die Algemene Sinode vergader van 18–22 Oktober 2027. Afgevaardigdes na hierdie vergadering word aangewys soos deur die Familiereëls en ander sinodebesluite bepaal.

**BEPALING 38 - Afvaardiging na die Algemene Sinode**

38.1 Afgevaardigdes na die Algemene Sinode (met sekundi) word, tydens die vergadering van die sinode voor die eersvolgende vergadering van die Algemene Sinode, uit die afgevaardigdes aangewys.

38.2. **Die benodigde aantal predikante word soos volg aangewys**:

38.2.1. Die sewe gelegitimeerde sinodale leiers (met sekundi).

38.2.2. Dienende lede van die Moderatuur van die Algemene Sinode, indien hy/sy/hulle na die sinodesitting afgevaardig is.

38.2.3. **Die Uitvoerende Amptenaar en Kerkregkundige, indien hulle as predikante na die sinodesitting afgevaardig is**.

38.2.4 Die oorblywende getal predikante (met sekundi) word gekies uit 'n groslys wat saamgestel word uit genomineerdes wat nie by die vorige Algemene Sinode was nie.

38.3 **Die benodigde aantal ouderlinge/diakens (met sekundi) word soos volg aangewys**:

38.3.1 Die twee nie-gelegitimeerde sinodale leiers (met sekundi).

38.3.2 Dienende lede van die Moderatuur van die Algemene Sinode, indien hy/sy/hulle na die sinodesitting afgevaardig is.

38.3.3 **Die Uitvoerende Amptenaar en Kerkregkundige indien hulle as ouderlinge/diakens na die sinodesitting afgevaardig is.**

38.3.4 Die oorblywende getal ouderlinge/diakens (met sekundi) word gekies uit 'n groslys wat saamgestel word uit genomineerdes wat nie by die vorige Algemene Sinode was nie.

38.4 Die sekundi waarna hierbo verwys word, is ook die sekundi vir die afgevaardigdes na die Algemene Sinode. Na afloop van die vergadering van die sinode voor die eersvolgende Algemene Sinode, word vakatures in die afvaardiging deur die Sinodale Diensraad uit hierdie sekundi aangevul.

38.5 Waar die lys van sekundi uitgeput is, word dit deur die Sinodale Diensraad aangevul, waar van toepassing na voorlegging deur die betrokke ringe.

38.6 Die Uitvoerende Amptenaar, Kerkregkundige en Bedryfsbestuurder kan as waarnemers afgevaardig word, indien hulle nie reeds verkies is nie.

### 5.15.1 Prosedure vir aanwysing.

Die vergadering besluit dat elke **ring** 'n leraar en 'n kerkraadslid-afgevaardigde, met sekundi, aanwys uit persone wat nie die vorige sitting van die Algemene Sinode bygewoon het nie. (*Bepaling 38.2.4 en 38.3.4*)

Die Sinodale Diensraad finaliseer daarna die afvaardiging nadat die presiese kwota van die Algemene Sinode ontvang is, met inagneming van die voorkeur dat **alle ringe verteenwoordig behoort te wees**. (*Besluit 5.8 van 2022*)

## 5.16 OM SAAM TE BRING

1. Bring asseblief jou **Bybel** asook ’n drasak vir die agenda en uitdeelstukke saam. 'n Notaboek en pen sal by die vergadering voorsien word.
2. Bring asseblief 'n **selfoon met 'n werkende WhatsApp-toepassing** saam. WhatsApp moet funksioneer op die selfoonnommer wat op jou geloofsbrief aangedui is.
3. Bring asseblief 'n **waterbottel** saam.

# 6 AFGEVAARDIGDES

Gemeentes word volgens ringe gegroepeer, met die ringe alfabeties gerangskik. Binne elke ring word gemeentes volgens stigtingsdatum, van oudste na jongste, gelys. Beide primari- en sekundi-lede verskyn op die lys, met sekundi-lede in kursief. Predikante wie se besonderhede tussen blokkiehakies verskyn, lewer ook diens in 'n tweede gemeente.

## RING VAN BARBERTON

### Barberton (1889)

**Leraar:** Thys Lourens

**Kerkraadslid:** Christiaan Coetzee

*Sekundus – Kerkraadslid: Essie Esterhuizen*

### Goedgegun-Swaziland (1922)

*Geen afvaardiging*

### Nelspruit (1938)

**Leraar:** Alicia Bosman

**Leraar:** JZ De Jager

**Leraar:** Jaco Strauss

**Kerkraadslid:** Pieter Henzen

*Sekundus – Geen*

### Witrivier (1941)

**Leraar:** Alisna Slabbert

**Kerkraadslid:** Diederik Oberholster

*Sekundus – Kerkraadslid: Ilze Aucamp*

### Malelane (1956)

**Leraar:** Jaco van Niekerk

**Kerkraadslid:** Natasha Nel

*Sekundus – Leraar: Louis Raath*

*Sekundus – Kerkraadslid: Wessel Erasmus*

### Komatipoort (1962)

**Leraar:** Chris Jacobs

**Kerkraadslid:** Jonty Pretorius

*Sekundus – Kerkraadslid: Geen*

### Nelspruit-Suid (1964)

**Leraar:** Jean Strydom

**Leraar:** Louis Pienaar

**Kerkraadslid:** Danie Swanepoel

**Kerkraadslid:** Neels Jackson

*Sekundus – Kerkraadslid: Les Williams*

*Sekundus – Kerkraadslid: Gordon Lancaster*

### Nelspruit-Westergloed (1974)

*Geen afvaardiging*

### Hazyview (1975)

**Leraar:** Ingrid Joubert

**Kerkraadslid:** Charlotte van Leeuwen

*Sekundus – Kerkraadslid: Marleen Vos*

### Alkmaar (1957)

**Leraar:** Johannes Van der Merwe

**Kerkraadslid:** Frank Erasmus

*Sekundus – Kerkraadslid: Charl De Kock*

### Krugerwildtuin (1986)

**Leraar:** Juanita Greyvenstein

**Kerkraadslid:** Charmaine Swart

*Sekundus -Geen*

## RING VAN ELARDUSPARK

### Elarduspark (1975)

**Leraar:** Delanie Bezuidenhout

**Leraar:** Johan Botha

**Leraar:** Sheldon Grahan

**Leraar:** Lieze Meiring

**Leraar:** Danie Vermaak

**Leraar:** Maartje Van der Westhuizen

**Leraar:** Louinette Weyer

**Kerkraadslid:** Marike Brink

**Kerkraadslid:** Jannie Dry

**Kerkraadslid:** Elnette Möller

**Kerkraadslid:** Leon Van den Berg

**Kerkraadslid:** Wernard van Zyl

*Sekundus -Geen*

### Pretoria-Oosterlig (1975)

**Leraar:** Roedolf Botha

**Leraar:** JI De Wet

**Leraar:** Ivor Swartz

**Leraar:** Mikal Barnes

**Kerkraadslid:** NC Muller

**Kerkraadslid:** André Rautenbach

**Kerkraadslid:** Dirco Odendaal

**Kerkraadslid:** Jaco van Graan

*Sekundus - Kerkraadslid*: Charl van Zyl

*Sekundus – Leraar: Neels Müller*

### Moreletapark (1985)

*Geen afvaardiging*

### Kerksondermure (1986)

**Leraar:** Fanie Venter

**Leraar:** Colin Smith

**Leraar:** Neels Marais

**Leraar:** Gerrit Visser

**Leraar:** Stefan Fourie

**Kerkraadslid:** Bertie Nel

**Kerkraadslid:** Carl du Preez

**Kerkraadslid:** Francois Retief

**Kerkraadslid:** Gert Pretorius

**Kerkraadslid:** Wynand Smit

*Sekundus – Kerkraadslid: Hannes Van Aswegen*

*Sekundus – Kerkraadslid: Roxanne Janse van Rensburg*

## RING VAN ERMELO

### Ermelo (1870)

**Leraar:** Martin Coetzer

**Kerkraadslid:** Willie Paul

*Sekundus – Kerkraadslid: Dale Groenewald*

### Carolina (1889)

**Leraar:** [Dawie Nieuwoudt]

**Kerkraadslid:** Babs Ruddeck-Deysel

*Sekundus – Kerkraadslid: Rita Greyling*

### Morgenzon (1912)

**Leraar:** Vakant

*Geen afvaardiging*

### Hendrina (1916)

**Leraar:** Tielman Roux

**Kerkraadslid:** Andries Roux

*Sekundus – Leraar: Gerrie Strydom*

*Sekundus – Kerkraadslid: Yolandi Burger*

### Chrissiesmeer (1927)

**Leraar:** [Dawie Nieuwoudt]

*Sekundus – Geen*

### Breyten (1942)

**Leraar:** Marius Smit

**Kerkraadslid:** Jackie De Villiers

*Sekundus – Kerkraadslid: Hettie Stoltz*

### Ermelo-Oos (1956)

*Geen afvaardiging*

### Badplaas (1973)

**Leraar:** Vakant

**Kerkraadslid:** Marius Janse van Vuren

*Sekundus – Leraar: Carina Potgieter*

### Debruinpark-Ermelo (1973)

**Leraar:** Dif Ehlers

**Leraar:** George Matthee

**Kerkraadslid:** Jan Theron

**Kerkraadslid:** Manie Potgieter

*Sekundus – Kerkraadslid: Sias Burger*

*Sekundus – Kerkraadslid: Shobie De Villiers*

## RING VAN LAEVELD

### Laeveld (1929)

**Leraar:** [Francois Schwalbe]

**Kerkraadslid:** Chris Wink

*Sekundus – Geen*

### Kampersrus (1959)

**Leraar:** Vakant

**Kerkraadslid:** Carl Van Dalen

**Kerkraadslid:** Henda Oosthuizen

*Sekundus – Kerkraadslid: Tinus Klopper*

### Tzaneen (1946)

**Leraar:** Chris Zietsman

**Kerkraadslid:** Vic Rijnen
*Sekundus – Leraar: Herman De Beer*

### Gravelotte (1951)

**Leraar:** Vakant
**Kerkraadslid:** Cobus van Jaarsveld
*Sekundus –Geen*

### Letsitele (1956)

**Leraar:** Elbert De Kock

**Kerkraadslid:** Anna-Marie Strydom

*Sekundus – Leraar: Harry Grové*

*Sekundus – Kerkraadslid: Heléne De Kock*

### Phalaborwa (1961)

**Leraar:** Gustav Van Zyl

**Kerkraadslid:** Ian Roux

*Sekundus – Kerkraadslid: Pieter Jacobs*

### Tzaneen-Wolkberg (1976)

**Leraar:** [Francois Schwalb]

**Kerkraadslid:** Adriaan van Tonder

*Sekundus - Geen*

## RING VAN LYDENBURG

### Lydenburg (1850)

**Leraar:** Johan Koen (jnr)

**Kerkraadslid:** Hans Kelly

*Sekundus – Leraar: Ben Liebenberg*

*Sekundus – Kerkraadslid: Derik Viljoen*

### Machado-Boven (1912)

**Leraar:** Vakant

*Geen afvaardiging*

### Graskop (1932)

**Leraar:** Vakant

**Kerkraadslid:** Laetitia Prinsloo

*Sekundus – Leraar: Joachim Prinsloo*

### Ohrigstad (1953)

**Leraar:** Flippie Kotzé

**Kerkraadslid:** Anton Van Rooyen

*Sekundus – Leraar: Hanlie Kuun*
*Sekundus – Kerkraadslid: Frikkie Kuun*

### Burgersfort (1956)

**Leraar:** Johan Koen (snr)

**Kerkraadslid:** Pieter de Jager

*Sekundus – Leraar: Dirk Winterbach*

*Sekundus – Kerkraadslid: Jeanette De Jager*

### Lydenburg-Suid (1969)

**Leraar:** CP Prinsloo

**Kerkraadslid:** Arnold Hertzenberg

*Sekundus – Leraar: Frans Winterbach*

*Sekundus – Kerkraadslid: Jandré Bekker*

### Sabie (1933)

**Leraar:** Uli Trümpelmann

**Kerkraadslid:** Nick Krause

*Sekundus – Leraar: Berrie Linde*
*Sekundus – Kerkraadslid: Gert Strydom*

### Simile (2024)

**Leraar:** Vakant

**Kerkraadslid:** Solly Lekhuleni

**Kerkraadslid:** John Themba

## RING VAN LYTTELTON

### Lyttelton (1944)

**Leraar:** Landi Botha

**Kerkraadslid:** Eugene Van Niekerk

*Sekundus – Kerkraadslid: Oppel Greeff*

### Olifantsfontein (1948)

**Leraar:** Vakant

**Kerkraadslid:** Danie Heystek

*Sekundus – Leraar: Antoinette Heystek*

### Voetspore Gemeenskapskerk (1958)

**Leraar:** Manie Groenewald

**Kerkraadslid:** Jaco van As

*Sekundus – Kerkraadslid: Madelaine Steyn*

### Lyttelton-Noord (1961)

**Leraar:** Gideon Du Toit

**Kerkraadslid:** Adriaan Nel

*Sekundus – Leraar: Charyn Myburgh-Schoeman*

*Sekundus – Kerkraadslid: Cassie Labuschagne*

### Kloofsig (1964)

**Leraar:** Vakant

*Geen afvaardiging*

### Midrand (1969)

**Leraar:** Heinrich Momberg

**Kerkraadslid:** Danie van Zyl

*Sekundus – Kerkraadslid: Grant Page*

### Doornkloof (1973)

**Leraar:** Nelis Lindeque

**Leraar:** Roelf Opperman

**Kerkraadslid:** Saartjie Koekemoer

**Kerkraadslid:** Natasha Meyer

*Sekundus – Kerkraadslid: Francois Van Tonder*

*Sekundus – Kerkraadslid: Renita Jordaan*

## RING VAN MIDDELBURG

### Middelburg (1867)

**Leraar:** Marnus Geyser

**Kerkraadslid:** Koos Snyman

*Sekundus – Leraar: Pierre De Villiers*

*Sekundus – Kerkraadslid: Marthinus Olivier*

### Roossenekal (1885)

**Leraar:** Vakant

*Geen afvaardiging*

### Belfast (1899)

**Leraar:** Jan Potgieter

**Kerkraadslid:** Johan Mills

*Sekundus – Kerkraadslid: Haideé Potgieter*

*Sekundus – Kerkraadslid: Haideé Potgieter*

### Groblersdal (1940)

**Leraar:** Julian Olivier

**Kerkraadslid:** Willem Schoonbee

*Sekundus – Kerkraadslid: Solly Ferreira*

### Marble Hall (1951)

**Leraar:** Theo Homann

**Kerkraadslid:** Franscois Barnard

*Sekundus – Leraar: Kobus Badenhorst*

### Middelburg-Suid (1951)

**Leraar:** Hardus van Niekerk

**Leraar:** Rika van Vuren

**Leraar:** Mart Leonard

**Leraar:** Angie Deiner

*Sekundus – Geen*

### Middelburg-Suid (vervolg)

**Kerkraadslid:** Lorraine Van Deventer

**Kerkraadslid:** Liezl Storm

*Sekundus – Geen*

### Rietkuil (1968)

*Geen afvaardiging*

### Middelburg-Kanonkop (1973)

**Leraar:** [Casper Booy]

**Kerkraadslid:** Pieter Smedema

*Sekundus – Kerkraadslid: Laurina Snyman-Kriel*

### Kragveld (1979)

**Leraar:** Vakant

*Geen afvaardiging*

### Ligkruis (1982)

**Leraar:** Raymond Kramm

**Kerkraadslid:** Christa Hoffmann

*Sekundus – Kerkraadslid: George Cronje*

### Dennesig (1991)

**Kerkraadslid:** Willem Cilliers

**Kerkraadslid:** Vollie Gilfillan

*Sekundus – Kerkraadslid: Gert de Wet*
*Sekundus – Kerkraadslid: Piet Nel*

## RING VAN PRETORIA-FAERIE GLEN

### Pretoria-Faerie Glen (1977)

**Leraar:** Retha Kruidenier

**Leraar:** Dieter de Bruin

**Kerkraadslid:** Hans Lombard

**Kerkraadslid:** Fred Jacobs

*Sekundus – Kerkraadslid: Sarie Human*

*Sekundus – Kerkraadslid: Gerrit Muller*

### Pretoria-Garsfontein (1982)

**Leraar:** Elzeth Pienaar

**Leraar:** Ilse-Mari Van Niekerk

**Kerkraadslid:** Gert Oelofsen

**Kerkraadslid:** Isabella Carstens

*Sekundus – Leraar: Jac Pienaar*

### Pierre van Ryneveld (1984)

**Leraar:** Henk Janse van Rensburg

**Leraar:** Arline Potgieter

**Kerkraadslid:** Alex Flemming

**Kerkraadslid:** Illse Nieuwoudt

*Sekundus – Kerkraadslid: Frans Esterhuyse*

*Sekundus – Kerkraadslid: Anke Van Rooyen*

### Lux Mundi (1988)

**Leraar:** Marco La Grange

**Leraar:** Cornel Viljoen

**Kerkraadslid:** Elize Botha

**Kerkraadslid:** Anton Swanepoel

*Sekundus -Geen*

### Valleisig (1989)

**Leraar:** André de Villiers

**Leraar:** Doret Niemandt

**Leraar:** Lourens van Deventer

**Kerkraadslid:** Pieter Bam

**Kerkraadslid:** Carel Gersbach

**Kerkraadslid:** Riaan Visser

*Sekundus – Kerkraadslid: Christo Janse van Rensburg*

*Sekundus – Kerkraadslid: Steph Blanché*

*Sekundus – Kerkraadslid: Kerneels Gerber*

## RING VAN SILVERPARK

### Bronkhorstspruit (1905)

**Leraar:** Tertius Erasmus

**Kerkraadslid:** Christiaan Gerber

*Sekundus – Kerkraadslid: Christo Van Zyl*

### Premiermyn (1920)

**Leraar:** Vakant

**Kerkraadslid:** Jan Breytenbach

*Sekundus – Kerkraadslid: Christo De Klerk*

### Meyerspark (1959)

**Leraar:** Derick Claassens

**Leraar:** Rikus Blom

**Kerkraadslid:** Marietjie Kotzé

**Kerkraadslid:** Jessie Janse van Vuuren

*Sekundus – Kerkraadslid: Peet Cronjé*

*Sekundus – Kerkraadslid: Marga Cronjé*

### Rayton (1971)

**Kerkraadslid:** Willem Spangenberg

**Kerkraadslid:** Thinus Grobler

*Sekundus -Geen*

### Skuilkrans (1971)

**Leraar:** Nico Swart

**Leraar:** Yolandé Giliomee

**Leraar:** Nadine Swanepoel

**Leraar:** Willem Boshoff

**Kerkraadslid:** Elize Schoeman

**Kerkraadslid:** Christine Shaw

**Kerkraadslid:** Theuns Kriek

**Kerkraadslid:** Ildamari Botha

*Sekundus – Leraar: Magda Grobler*

*Sekundus – Kerkraadslid: Magda Grobler*

### Lynnwoodrif (1975)

**Leraar:** Jorrie Potgieter

**Leraar:** Johan Van der Merwe

**Kerkraadslid:** Willem Gray

**Kerkraadslid:** Hester van Rooyen

*Sekundus – Leraar: Alex Kriel*

*Sekundus – Leraar: Daléne Flynn*

*Sekundus – Kerkraadslid: Albert Williams*

*Sekundus – Kerkraadslid: Johann Neveling*

### Silvertonkruin (1975)

**Leraar:** Vakant

**Kerkraadslid:** Suzette Marais

**Kerkraadslid:** Doret Fischer

*Sekundus – Leraar: Stéfni Jacobs*

*Sekundus – Kerkraadslid: Kotie Oberholzer*

*Sekundus – Kerkraadslid: Jan Janse van Rensburg*

### Nooitgedacht (1976)

**Leraar:** Kobus Mey

**Kerkraadslid:** Leon Von Benecke

*Sekundus – Leraar: Jan Human*

*Sekundus – Kerkraadslid: Louis Du Plooy*

### Tygerpoort (1981)

**Leraar:** Zander Van der Westhuizen

**Leraar:** Karin Steyn

**Leraar:** Marco Koch

**Kerkraadslid:** Sonnika Nel

**Kerkraadslid:** Lizelle Janse van Rensburg

**Kerkraadslid:** Marius Lombard

*Sekundus – Kerkraadslid: Pieter Janse van Rensburg*

*Sekundus – Kerkraadslid: Albertus Malan*

*Sekundus – Kerkraadslid: André Meiring*

## RING VAN WAKKERSTROOM

### Wakkerstroom (1861)

**Leraar:** Vakant

**Kerkraadslid:** Jannie Greyling

*Sekundus – Leraar: Johan Uys*

*Sekundus – Kerkraadslid: Cornel Greyling*

### Amersfoort (1867)

**Leraar:** Hannes Reinecke

**Kerkraadslid:** Jan Lambrechts

*Sekundus – Leraar: Juanita Bam*

*Sekundus – Kerkraadslid: Juanita Bam*

### Piet Retief (1888)

**Leraar:** Meyer van Wyk

**Leraar:** Vakant

**Kerkraadslid:** Erika Du Toit

**Kerkraadslid:** Engela Pretorius

**Kerkraadslid:** Magda Pretorius

### Piet Retief (vevolg)

*Sekundus – Kerkraadslid: Fanie Vermaak*

*Sekundus – Kerkraadslid: Cobus Hitge*

*Sekundus – Kerkraadslid: Bella du Plessis*

### Amsterdam (1910)

**Leraar:** Ruan du Plooy

**Kerkraadslid:** Emile Fölscher

*Sekundus – Leraar: Johann Ernst*

*Sekundus – Kerkraadslid: Konrad Munnik*

### Volksrust (1910)

**Leraar:** Frans de Beer

**Kerkraadslid:** Hennie Laas

*Sekundus – Leraar: Paul de Kock*

*Sekundus – Kerkraadslid: Wessel Oosthuizen*

### Paardekop (1921)

**Leraar:** Samuel Louw

**Kerkraadslid:** Frans Van Eeden

**Kerkraadslid:** Callie Watermeyer

*Sekundus - Geen*

## RING VAN WITBANK

### Witbank (1919)

**Leraar:** Jim de Villiers

**Leraar:** Peet Boshoff

**Kerkraadslid:** Koos Lübcker

**Kerkraadslid:** Neels Wessels

*Sekundus – Kerkraadslid: Dirk Basson*

*Sekundus – Kerkraadslid: Johan Myburgh*

### Witbank-Suid (1954)

**Leraar:** Maans Van Zijl

**Kerkraadslid:** Blomerus Steyn

*Sekundus – Kerkraadslid: Danie Du Preez*

*Sekundus – Kerkraadslid: Pierre Ellis*

### Blinkpan (1963)

**Leraar:** Vakant

**Kerkraadslid:** Rene Taljaard

*Sekundus - Geen*

### Basileia (1968)

**Leraar:** Marius Nel

**Leraar:** Carine Botha

**Kerkraadslid:** Thys du Plessis

**Kerkraadslid:** Jannie van der Westhuizen

*Sekundus – Kerkraadslid: Haniel Badenhorst*

*Sekundus – Kerkraadslid: Bartie Badenhorst*

### Krielpark (1975)

**Leraar:** Vakant

*Geen afvaardiging*

### Witbank-Panorama (1982)

**Leraar:** Willem Esterhuizen

**Kerkraadslid:** Johan Dempsey

*Sekundus – Leraar: Mariëtte Smith*

*Sekundus – Kerkraadslid: Mariëtte Smith*

# 7 TEKSGEDEELTES VIR LITURGIESE MOMENTE

*Vir vooraf bestudering*

## JOHANNES 13

**Dissipels se voete gewas**

1 Voor die Fees van die Pasga het Jesus reeds geweet dat sy uur aangebreek het dat Hy van hierdie wêreld na die Vader sou oorgaan. Daarom, omdat Hy sy eie mense in die wêreld liefgehad het, het Hy hulle liefgehad tot aan die einde. 2 Gedurende die aandete het die Duiwel dit reeds in die hart van Judas, seun van Simon Iskariot, gelê om Jesus te verraai. 3 Jesus het geweet dat die Vader alles in sy hande gegee het, en dat Hy van God gekom het en weer na God terugkeer. 4 Daarom het Hy van die ete opgestaan, sy boklere uitgetrek, 'n linnedoek geneem en dit om Hom vasgebind. 5 Toe gooi Hy water in die waskom en begin om die voete van die dissipels te was en dit met die linnedoek wat om Hom gebind was, af te droog. 6 Toe Hy by Simon •Petrus kom, sê dié vir Hom: "Here, gaan U my voete was?" 7 Jesus het hom geantwoord: "Wat Ek doen, verstaan jy nie nou nie, maar hierna sal jy verstaan. " 8 Petrus sê toe vir Hom: "U sal beslis nie my voete was nie – tot in ewigheid nie!" Jesus het hom geantwoord: "As Ek jou nie was nie, het jy nie deel aan My nie." 9 Toe sê Simon Petrus vir Hom: "Here, dan nie net my voete nie, maar ook my hande en my kop." 10 Maar Jesus sê vir hom: "Iemand wat gebad is, het nie nodig dat iets anders as sy voete gewas word nie, omdat hy reeds heeltemal skoon is. En julle is skoon, maar nie almal nie." 11 Want Jesus het geweet wie Hom sou verraai, en daarom het Hy gesê: "Julle is nie almal skoon nie."

12 Toe Hy hulle voete klaar gewas het en weer sy boklere aangetrek en aangeleun het om te eet, sê Hy vir hulle: "Verstaan julle wat Ek vir julle gedoen het? 13 Julle noem my Meester en Here, en julle sê dit tereg, want Ek is dit. 14 As Ek, julle Here en Leermeester, dan julle voete gewas het, behoort julle ook mekaar se voete te was. 15 Ek het immers vir julle 'n voorbeeld gegee sodat julle ook kan maak soos wat Ek gemaak het. 16 Amen, amen, Ek sê vir julle: 'n Slaaf is nie belangriker as sy eienaar nie, en 'n gesant nie belangriker as die een wat hom gestuur het nie. 17 As julle dit begryp, gelukkig is julle as julle dit doen. 18 Ek sê dit nie van julle almal nie; Ek weet wie Ek uitgekies het, maar die Skrif moet vervul word, 'Die een wat my brood geëet het, het sy hakskeen teen my gelig.' 19 Ek sê dit nou reeds vir julle, voor dit gebeur, sodat julle, wanneer dit gebeur, kan glo dat Ek Is. 20 Amen, amen, Ek sê vir julle: Wie iemand wat Ek stuur ontvang, ontvang My en wie My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het. "

**Jesus en sy verraaier**

(Matt 26:20-25; Mark 14:17-21; Luk 22:21-23)

21 Nadat Jesus dit gesê het, was Hy diep ontroerd, en het Hy getuig en gesê: "Amen, amen, Ek sê vir julle: Een van julle sal My verraai." 22 Die dissipels het na mekaar gekyk, onseker van wie Hy praat. 23 Een van sy dissipels, hy vir wie Jesus liefgehad het, het teen

Jesus se bors geleun. 24 Simon •Petrus het vir hom geknik om uit te vind wie dit sou kon wees van wie Jesus praat. 25 Hy het toe teruggeleun teen Jesus se bors en vir Hom gevra: "Here, wie is dit?" 26 Jesus het hom geantwoord: "Dit is die een vir wie Ek 'n stukkie brood sal indoop en aangee." Toe Hy die stukkie brood ingedoop het, het Hy dit geneem en aan Judas, seun van Simon Iskariot, gegee. 27 Nadat Judas die stukkie brood geneem het, het Satan in hom ingevaar. Toe sê Jesus vir hom: "Wat jy wil doen, moet jy gou doen." 28 Niemand van dié wat daar aangeleun het om te eet, het verstaan waarom Hy dit aan Judas gesê het nie. 29 Omdat Judas die geldbeurs gedra het, het sommige gedink dat Jesus aan hom gesê het: "Gaan koop wat ons vir die fees nodig het," of dat hy iets aan die armes moes gee. 30 Nadat Judas die stukkie brood geneem het, het hy onmiddellik buitentoe gegaan. En dit was nag.

**'n Nuwe opdrag**

31 Nadat Judas uitgegaan het, het Jesus gesê: "Nou is die •Seun van die Mens verheerlik, en God is deur Hom verheerlik. 32 As God deur Hom verheerlik is, sal God Hom ook in Homself verheerlik, en Hy sal Hom dadelik verheerlik. 33 My kinders, Ek is nog net 'n kort tydjie by julle. Julle sal My soek, maar soos Ek vir die Jode gesê het, sê Ek ook nou vir julle: Waarheen Ek gaan, kan julle nie gaan nie. 34 Ek gee julle 'n nuwe gebod: Julle moet mekaar liefhê. Net soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê. 35 Dit is hoe almal sal weet dat julle my dissipels is – as julle liefde teenoor mekaar het."

**Waarskuwing aan Petrus**

(Matt 26:31-35; Mark 14:27-31; Luk 22:31-34)

36 Simon •Petrus vra Hom toe: "Here, waarheen gaan U?" Jesus het hom geantwoord: "Waarheen Ek gaan, kan jy My nie nou volg nie, maar later sal jy volg." 37 Maar Petrus sê vir Hom: "Here, waarom kan ek U nie nou volg nie? Ek sal my lewe vir U aflê." 38 Toe antwoord Jesus: "Sal jy jou lewe vir My aflê? Amen, amen, Ek sê vir jou: Die haan sal beslis nie kraai voordat jy My drie keer verloën het nie."

## HANDELINGE 15

**Vergadering in Jerusalem**

1 Daar het sekere mense van Judea af gekom wat die broers aanhou leer het: "As julle nie besny word ooreenkomstig die gebruik van Moses nie, kan julle nie verlos word nie." 2 Aangesien hieroor meningsverskil ontstaan het, en Paulus en Barnabas met hulle 'n woordestryd gevoer het wat hoegenaamd nie onbenullig was nie, het hulle besluit dat Paulus en Barnabas en nog 'n paar ander uit hulle geledere na die •apostels en ouderlinge in Jerusalem moes opgaan oor hierdie strydvraag. 3 Hulle is toe deur die •gemeente weggestuur, en het deur Fenisië en Samaria gereis en uitvoerig oor die bekering van die heidene berig, en sodoende groot vreugde aan al die broers verskaf. 4 Toe hulle in Jerusalem aankom, is hulle deur die gemeente en die apostels en ouderlinge ontvang. Paulus en Barnabas het vertel wat God alles met hulle gedoen het. 5 Sommige mense wat aan die •Fariseërs se party behoort en gelowig geword het, het egter opgestaan en gesê: "Hulle moet besny word en opdrag kry om die •Wet van Moses te onderhou."

6 Die apostels en die ouderlinge het toe bymekaargekom om hierdie saak in oënskou te neem. 7 Toe 'n hewige woordestryd ontstaan, het •Petrus opgestaan en vir hulle gesê: "Broers, julle weet dat God my al van die vroeë dae af onder julle uitgekies het, sodat die heidene deur my prediking die boodskap van die evangelie hoor en tot geloof kom. 8 En God, die kenner van harte, het dit bevestig deurdat Hy die Heilige Gees aan hulle, net soos aan ons, geskenk het. 9 Hy het geen onderskeid getref tussen ons en hulle nie, want Hy het hulle harte deur die geloof gereinig. 10 Waarom wil julle God dan nou toets deur 'n juk, wat nie ons of ons voorvaders kon dra nie, op die dissipels se nekke te plaas? 11 Maar ons glo dat ons op dieselfde manier as hierdie mense deur die genade van die Here Jesus verlos word."

12 Toe het die hele vergadering stilgebly en na Barnabas en Paulus geluister, terwyl hulle vertel van al die tekens en wonders wat God deur hulle onder die heidene gedoen het. 13 Toe hulle ophou praat, het Jakobus gesê: "Broers, luister na my. 14 Simeon het verduidelik hoe God van die begin af toegesien het dat Hy uit die heidene 'n volk vir sy Naam sou verkry. 15 Hiermee stem die woorde van die profete ooreen, soos daar geskryf staan:

16" 'Daarna sal Ek terugkom

en Ek sal die vervalle huis

van Dawid weer opbou,

en Ek sal die bouvalle daarvan

herbou en dit herstel,

17 sodat die res van die mensdom

die Here kan soek,

ja, al die nasies oor wie my Naam

uitgeroep is.

So sê die Here, wat hierdie dinge doen'

18 wat van lank gelede bekend is.

19" Daarom oordeel ek dat ons dit nie moeilik moet maak vir hulle wat uit die heidendom na God draai nie, 20 maar dat ons vir hulle moet skryf om weg te bly van dit wat deur afgode besoedel is, van hoerery, van wat verwurg is, en van bloed. 21 Daar is tog van die vroegste geslagte af in elke dorp mense wat Moses verkondig en elke Sabbatdag in die sinagoges voorlees."

**Besluite van die vergadering**

22 Hierna het die •apostels en ouderlinge, in oorleg met die hele •gemeente, besluit om manne wat uit eie geledere gekies is, saam met Paulus en Barnabas na Antiogië te stuur. Hulle was Judas, bekend as Barsabbas, en Silas, beide leiers onder die broers. 23 Hulle het die volgende skrywe met hulle saamgestuur:

"Die apostels en ouderlinge, julle broers,

aan die broers uit die heidene in Antiogië, Sirië en Silisië:

Gegroet!

24 "Aangesien ons gehoor het dat sommige mense wat van ons af gekom het, sonder dat ons hulle opdrag gegee het, julle met hulle woorde ontstel en julle gemoedere verwar het, 25 het ons eenparig besluit om manne te kies en na julle te stuur saam met ons geliefde Barnabas en Paulus – 26 mense wat hulle lewens oorgegee het vir die Naam van ons Here Jesus Christus. 27 Ons het dus Judas en Silas gestuur, en hulle sal hierdie dinge mondeling aan julle bevestig. 28 Die Heilige Gees en ons het daarom besluit om geen verdere las op julle te lê nie, behalwe die volgende vereistes: 29 Bly weg van afgodsoffers, van bloed, van wat verwurg is en van hoerery. As julle julle hiervan weerhou, sal julle goed doen.

Laat dit met julle goed gaan."

30 So is die manne weggestuur, en hulle het na Antiogië gereis. Nadat hulle die gemeente bymekaar laat kom het, het hulle die brief oorhandig. 31 Die gemeente het die brief gelees, en was verheug oor die bemoediging. 32 Judas en Silas, wat self ook profete was, het die broers met baie woorde bemoedig en versterk. 33 Hulle het 'n tyd lank daar gebly, en is toe in vrede deur die gelowiges teruggestuur na die mense wat hulle afgevaardig het. 35 Paulus en Barnabas het 'n tyd lank in Antiogië gebly, en saam met baie ander onderrig gegee en die evangeliewoord van die Here verkondig.

**Tweede sendingreis: Paulus en Barnabas uitmekaar**

36 'n Paar dae later het Paulus aan Barnabas gesê: "Kom ons gaan terug en besoek die broers in elke dorp waar ons die woord van die Here verkondig het, en gaan kyk hoe dit met hulle gaan." 37 Barnabas wou ook Johannes, bekend as Markus, saamneem, 38 maar Paulus het nie gedink dat dit reg is om die man saam te neem wat hulle by Pamfilië in die steek gelaat en hulle nie vir die werk vergesel het nie. 39 Daar het toe so 'n skerp meningsverskil tussen hulle ontstaan dat hulle uitmekaar gegaan het. Barnabas het vir Markus saamgeneem en na Ciprus gevaar. 40 Paulus het vir Silas gekies en het vertrek, nadat hulle deur die broers aan die genade van die Here opgedra is. 41 Hy het deur Sirië en Silisië gereis en die gemeentes daar versterk.

*Bybel in Afrikaans 2020-vertaling © Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020.*

# 8 IN MEMORIAM

*Ons eer die Here vir kollegas wat as leraars in Oostelike Sinode gedien het.*


*Die Here gee steeds die vrug op hulle werk.*



## Christo Woite (JP)

**5 Februarie 1954 – 19 Desember 2024**

Gelegitimeer in 1978.
**Gemeentes:**
1979 Edenville
1982 Graskop
1987 Norkempark
1991 Kerksondermure
2019 Emeriteer



## Albertus Driescher (Bertie)

**6 Julie 1938 – 2025**

Gelegitimeer in 1964.
**Gemeentes:**
1964 Vergenoeg, Kenia
1965 Witbank-Suid
1969 Pinetown
1974 Edleen
1999 Emeriteer
2002-2007 Lux Mundi - Pastorale Hulp
2008-2010 Bronkhorstspruit - Pastorale Hulp



## Frans Willem Conradie (Frans)

**15 Mei 1943 – 11 Mei 2026**

Gelegitimeer in 1985.
**Gemeentes:**
1986 Kriel
1995 Florida
2003 Emeriteer
2003-2012 Roossenekal - Pastorale Hulp



30

# 9 VERSLAG VAN DIE SINODALE DIENSRAAD

**AAN DIE TWEE-EN-TWINTIGSTE GEWONE VERGADERING**

**VAN DIE OOSTELIKE SINODE**

**Oostelike Sinode: Die sinode wat hoor, dien en lei**

Die Oostelike Sinode is geroep om God Drie-enig te aanbid, mekaar met deernis te versorg en in die wêreld getuienis te lewer. Die Sinodale Diensraad (SDR) van die Oostelike Sinode help en ondersteun gemeentes om gesonde gemeentes te wees wat 'n betekenisvolle verskil in die wêreld maak in diens van Jesus Christus se koninkryk.

Om hierdie visie te verwesenlik, stel ons gespesialiseerde diensgroepe daar vir Personeel, Fondse, Kerkreg, Eiendom en Argiefdiens, asook taakspanne vir Ekologie, Kleingemeentebediening, Kommunikasie, Leraarversorging, Missionale Kerkwees, en Jeug en Gesinne.

## 9.1 PERSONEEL

Tydens die dienstermyn het verkose en aangewese lede die Oostelike Sinode met onderskeiding gedien. Die Sinodale Diensraad (SDR) het nie vakatures vir verkose lede gevul wat ná Februarie 2026 ontstaan het nie.

### 9.1.1 Lede van die Sinodale Diensraad

**Voorsitter:** Tertius Erasmus;

**Ondervoorsitter:** Maartje van der Westhuizen;

**Gelegitimeerdes:** Hardus van Niekerk, Johan Koen (snr.);

**Nie-gelegitimeerdes:** Carl du Preez, Sonnika Nel;

**Uitvoerende Amptenaar:** Johan Botha;

**Kerkregkundige:** Willem Esterhuizen

**Ringsverteenwoordiging:** Barberton – Louis Pienaar; Elarduspark – JI de Wet; Ermelo – Dif Ehlers; Laeveld – Chris Zietsman; Lydenburg – Johan Koen (jnr.); Lyttelton – Landi Botha; Middelburg – Rika van Vuren; Pretoria-Faerie Glen – Retha Kruidenier; Silverpark – Nico Swart; Witbank – Marius Nel.

Gedurende die termyn het Julian Olivier, Willem Badenhorst, Fred Wilson, Hancke van Blerk, Anandie Greyling, Francois Retief en Adriaan van Tonder uitgetree weens bedanking, beroeping of emeritaat.

Die SDR van 2022, soos uitgebrei met die verteenwoordigers van ringe as permanente deel van die vergadering, het goed gefunksioneer en gereeld vergader. Beter skakeling tussen die SDR en die ringe op grondvlak het daartoe bygedra dat die werksaamhede van die SDR as voortsetting van die sinodevergadering, goed by gemeentes in ringsverband kon tuiskom.

## 9.2 WERKSAAMHEDE

### 9.2.1 Gemeente- en ringsbesoeke

Die Uitvoerende Amptenaar het ringe tydens ringsittings ontmoet. Hierdie besoeke was waardevol om gemeentes en leraars binne hulle onderskeie kontekste beter te leer ken en om 'n geheelbeeld van die werksaamhede van die gemeentes van die Oostelike Sinode te vorm. Gemeentes is ook besoek met die ontvangs of vertrek van leraars.

### 9.2.2 Diens deur taakspanne en diensgroepe

#### 9.2.2.1 Dienswerk deur die taakspanne

Dienswerk deur die taakspanne word elders in die agenda weergegee.

#### 9.2.2.2 Dienswerk aan gemeentes en kerkkantore

Dienswerk aan gemeentes vanuit die Sinodehuis geskied deur uitreiking na gemeentes en kerkkantore deur middel van hulpverlening, ondersteuning en toerusting.

Verskeie toerustingsgeleenthede, asook die Verfriskamp vir kerkkantoor- en administratiewe personeel, is deur die Sinodehuis-personeel aangebied. Hierdie geleenthede is goed ontvang en bygewoon. Deelnemers het na die geleenthede getuig van die groot waarde wat hulle daaruit geput het.

#### 9.2.2.3 Opleiding van ringsdiensrade

Toerusting aan voorsitters en skribas van ringsdiensrade is deur die Uitvoerende Amptenaar en die Kerkregdiensgroep aangebied met die Ringsdiensraad Werkswinkel en kerkreg opleidingsessie.

#### 9.2.2.4 Wisseling van leraars

Sestien nuwe leraars is gedurende die verslagtydperk tydens jaarlikse ontmoetings-geleenthede met die SDR by die Oostelike Sinode verwelkom.

Drie-en-twintig leraars het weens beroeping, emeritaat of bedanking vertrek.

### 9.2.3 Leiding en strategiese sake

#### 9.2.3.1 Sinodesitting 2026

Ná afloop van die Sinodevergadering van 7–10 Oktober 2024 het die SDR aandag gegee aan die evaluering van en terugvoer oor die sinodesitting. 'n Ontwerpspan is aangewys wat begin werk het aan 'n visie vir 'n vernuwende werkswyse vir sinodevergaderings.

Die SDR se besinning het daarop uitgeloop dat die 2026-Sinode beplan is om meer as 'n blote administratiewe vergadering te wees. Die 2026-Sinode is verbeeld as 'n strategiese en geestelike spilpunt waar die kerk saamkom vir herbesinning, eenheid, vernuwing en toerusting.

Die 2026-Sinode is beplan om 'n kultuur van geloofsgemeenskap, luister, gesprek en Koninkryksvisie te versterk en die grondslag te lê vir toekomstige, relevante en geestelik verrykende sinodesittings.

#### 9.2.3.2 Ring van Koninkryksvennootskap

Die Ring van Koninkryksvennootskap het gedurende die termyn disfunksioneel geraak vanweë Ermelo-Oos Gemeente se opskorting van bande met strukture van die NG Kerk. Die SDR het geen ander uitweg gehad as om die ring te ontbind en die gemeentes weer by hulle oorspronklike ringe in te deel nie.

#### 9.2.3.3 Wildtuinwegbreek

Die reëlings vir die Wildtuinwegbreek-predikantekonferensie is saam met die Taakspan vir Predikanteversorging gefasiliteer. Tydens die konferensie is leraars geestelik opgebou en toegerus, en is 'n rusgeleentheid ná Pinkster gebied. 'n Volgende Wildtuinwegbreek word vir 2027 beplan.

#### 9.2.3.4 Kleingemeentebediening

Die ondersteuning van kleingemeentes deur die werk van ds. Francois Retief en die diensgroep, het groot waarde tot die werk van die sinode toegevoeg. Die werk, asook die toenemende behoefte daaraan, regverdig dat die diensgroep as 'n sesde taakspan van die sinode aangewys word.

Ds. Tielman Roux het die leiding van die diensgroep opgeneem om hierdie werksaamhede verder uit te bou en voort te sit. 'n Aanbeveling in dié verband dien aan die einde van hierdie verslag.

#### 9.2.3.5 Benutting en verspreiding van leraars

Die benutting van werkkragte in gemeentes, asook die verspreiding van leraars en diensleraars, was 'n belangrike tema gedurende die termyn. Die verandering in die

ouderdomsprofiel van dienende leraars, asook die toenemende tekort aan leraars, veral in die landelike gebiede van ons sinode, verdien verdere aandag.

Die bediening van gemeentes deur leraars ouer as 70 jaar kom toenemend aan die orde. Volgens die funksionele besluite in die Kerkorde kan 'n gemeente in buitengewone omstandighede by die sinodale regs-/kerkordekommissie aansoek doen om vir 'n tydperk van een jaar van die dienste van 'n leraar ouer as 70 gebruik te maak, met verslag aan die ring.

Die SDR het geoordeel dat gemeentes betyds bewus gemaak moet word van reëlings rondom emeritaat op 65, asook die moontlikheid van termynbepaalde poste vir emeriti tot en met die ouderdom van 69. Riglyne oor sogenaamde buitengewone omstandighede behoort ontwikkel te word om vereistes vir diens onder dié omstandighede te bepaal. 'n Formaat vir diensooreenkomste in buitengewone omstandighede moet opgestel word om gemeentes te help.

#### 9.2.3.6 Strategiese bedieningswerkgroep of toekomsvisiespan

'n Voorstel om 'n strategiese bedieningswerkgroep of toekomsvisiespan in die lewe te roep, het in die laaste deel van die SDR se dienstermyn ter sprake gekom.

Die voorstel kom teen die agtergrond van veranderende omstandighede wat onder meer sake soos 'n afname in leraargetalle en ekonomiese en demografiese verskuiwings insluit.

Die voorgestelde werkgroep behoort aandag te gee aan temas soos die identifisering van groeigebiede in stedelike en landelike omgewings; die volhoubaarheid van die bestaande model van kerkwees; die impak van die tendens dat Afrikaanssprekendes toenemend onaktiewe kerkgangers is; die invloed van onderlinge verdeeldheid; hulp aan gemeentes met vakante leraarsposte; en die sinode se rol in personeelvoorsiening ten opsigte van leraars, diensleraars, bedienaars en studente wat tot die beroep toetree.

Spesifieke aandag behoort gegee te word aan hulp aan gemeentes ingevolge Reglement 27 (Vermeerdering, kombinering, eenwording en samesmelting van gemeentes).

## 9.3 REFLEKSIE OOR DIE TOEKOMSTIGE WERKSAAMHEDE VAN DIE SINODE

Die Sinodale Diensraad se visionêre en koersgewende rol word versterk deur pro-aktief op roepingsvrae en toekomstige tendense te fokus, terwyl visie altyd in praktiese uitvoering moet uitmond.

Die SDR se kernfokus is om gemeentes en ringe te bemoedig, te bemagtig en te ondersteun, en om hulle te help om binne 'n Koninkrykskultuur saam te werk en te groei. Die nuwe SDR behoort vir dié doeleindes 'n duidelike visie vir die volgende termyn te formuleer wat taakspanne, hulpbronne en werksaamhede belyn.

Doeltreffende kommunikasie, beter inligtingsvloei en gedeelde hulpbronne wat die verbinding tussen die SDR, ringe, gemeentes en lidmate versterk, is deur die uitgaande SDR as kernwerksaamhede identifiseer. Institusionele geheue, kontinuïteit en

kennisdeling deur mentorskap, asook toeganklike hulpbronne kan die SDR se hulp aan gemeentes versterk. Die SDR van die toekoms se funksie as 'n koördinerende skakel tussen netwerke, kundigheid en behoeftes, kan 'n groot bydrae lewer in die realisering van die visie van die sinode.

## 9.4 AANBEVELINGS

9.4.1 Die Sinode betuig sy dank teenoor die Sinodale Diensraad vir sy dienswerk van 2022 tot 2024.

9.4.2 Die Sinode keur die vestiging van die Taakspan vir Kleingemeentebediening as die sesde taakspan van die Oostelike Sinode goed en besluit om die werksaamhede van die taakspanne vir Predikantesorg, Ekologie, Kommunikasie, Jeug en Gesinne, en Missionale Kerk, soos dit tans funksioneer, voort te sit.

9.4.3 Die SDR word versoek om die sinode te bedien met riglyne oor benutting van leraars bo 70 in buitengewone omstandighede asook vereistes vir aanstellings en diensooreenkomste.

9.4.4 Die Sinode dra dit aan die nuwe SDR op om 'n strategiese werkgroep vir bediening en toekomsvisie in die lewe te roep wat aandag kan gee aan die bestuur en hantering van die impak van veranderende omstandighede op gemeentes.

9.4.5 Die Sinode dra dit aan die SDR op om benutting van werkkragte in gemeentes, asook die verspreiding van leraars en diensleraars te moniteer en gemeentes te help met praktiese riglyne vir reëlings rondom emeritaat en termynbepaalde poste vir emeriti tot en met die ouderdom van 69 jaar.



# 10 TAAKSPAN: KOMMUNIKASIE

## 10.1 ONS VERTREKPUNT EN REIS

Oor die afgelope vier jaar was ons op 'n opwindende ontwikkelingsreis om die Oostelike Sinode se kommunikasie te versterk en gemeentes te help besef hoe waardevol doelgerigte kommunikasie werklik is. Ons het in die proses besef dat kommunikasie baie meer behels as net inligtingsoordrag; dit is 'n kern aspek van ons bediening. Dit is die gom wat mense en gemeentes saambind en speel 'n onmisbare rol om God se werk in ons sinode sigbaar te maak.

## 10.2 VERNUWING BY DIE SINODEHUIS

Ons eerste taak was om die Sinodehuis se interne en eksterne kommunikasie op te skerp sodat dit meer doeltreffend kan wees. Deur van Outlook na Mailchimp oor te skakel, het ons nie net 'n beter platform vir massa-e-posse gekry nie, maar ook nuwe maniere om ons elektroniese kommunikasie te bestuur en te evalueer. Terselfdertyd is daar hard gewerk om 'n netjiese, konsekwente visuele identiteit oor al ons platforms, insluitend e-pos en die webtuiste, te vestig. Hierdie groei het ons gelei na 'n belangrike vraag: dit gaan nie net oor hoe ons kommunikeer nie, maar wat ons kommunikeer en hoe ons inhoud skep wat mense werklik wil lees.

## 10.3 ONS EIE STEM EN INHOUD

In ons tweede fase het ons kommunikasie 'n gedaanteverwisseling ondergaan. Kommunikasie het meer mensgerig, toeganklik en visueel geword terwyl ons doelbewus aan 'n eie, herkenbare stem begin bou het. Hieruit het Yskasstories ontstaan, 'n inisiatief wat spesifiek ruimte skep om die unieke verhale van ons gemeentes en bedieninge te deel. Ons leef in 'n wêreld waar negatiwiteit, konflik en sensasie dikwels die botoon voer. Tog verneem ons daagliks van wonderlike verhale van omgee, herstel, diensbaarheid en geloof in ons gemeentes. Yskasstories is gebore uit 'n behoefte om hierdie verhale van hoop raak te sien as 'n herinnering dat God onverpoos aan die werk is. Hierdie fokus het sedert 2024 verder uitgebrei, en teen 2025 het die Oostelike Sinode aktief tot sosiale media toegetree as deel van die Algemene Sinode se nasionale netwerk.

## 10.4 BEMAGTIGING VAN ONS GEMEENTES

Mettertyd het ons besef dat goeie kommunikasie nie net by die Sinodehuis kan vassteek nie. Die hartklop van ons stories leef binne die plaaslike gemeentes. Ons het dus begin fokus om gemeentes te ondersteun, te inspireer en toe te rus om hul eie kommunikasie te dryf:

2024: Kommunikasiesessies is tydens die Sinodesitting gehou, en spesifieke kommunikasie-opleiding is vir kerkkantoorpersoneel aangebied.

2025: Kommunikasie is as module by die Induksiekursus ingesluit. Ons het ook die Verby Sondag Kommunikasiekonferensie by Oosterlig gehou vir gemeentes in die Pretoria-omgewing.

Maart 2026: 'n Tweede Verby Sondag konferensie het by Badplaas plaasgevind, spesifiek gemik op plattelandse gemeentes.

Tydens hierdie geleenthede het ons gekyk na kommunikasiestrategie, die kuns van storievertelling, en die verantwoordelike inspan van nuwe tegnologie soos kunsmatige intelligensie. Ons doel is nie eenvormigheid nie, maar om gemeentes te help om hul unieke stem met selfvertroue, wysheid en verantwoordelikheid te laat hoor.

## 10.5 BELANGRIKE LESSE GELEER

Die afgelope vier jaar het bewys dat kerkkommunikasie nie 'n blote administratiewe funksie is nie. Werklike goeie kommunikasie:

1. Luister eers voordat dit praat.
2. Vertel die stories van God se genade en werk.
3. Bou brûe tussen mense, gemeentes en bedieninge.
4. Bemagtig gemeentes om eienaarskap van hul eie stories te neem.
5. Bewaar die verhale van vandag vir die geslagte van môre.
6. Ons wil nie noodwendig die hardste stem wees nie, maar ons streef daarna om altyd 'n betroubare stem van hoop te wees.

## 10.6 ONS DROOM VIR DIE TOEKOMS

Die digitale landskap, veral met nuwe platforms en kunsmatige intelligensie, ontwikkel blitsvinnig en bring nuwe uitdagings na die kerk toe. Tog het die kerk deur die eeue heen nuwe tegnologie aangegryp om die Evangelie te deel. Ons droom is dat:

1. Kommunikasie 'n samebindende krag in die Oostelike Sinode sal wees.
2. Ons as kerk 'n baken van hoop sal bly in 'n dikwels negatiewe openbare ruimte.
3. Selfs ons kleinste gemeentes met beperkte middele die vermoë sal hê om uitmuntend te kommunikeer.
4. Gemeentes tegnologie met wysheid sal inspan om met oorgawe hul verhale te vertel.
5. Ons kommunikasie altyd gekenmerk sal word deur egtheid, geloofwaardigheid en 'n verbintenis aan ons unieke Godgegewe stem.

Vir ons lê sukses nie net in statistiek soos webverkeer en "likes" nie. Ons ware maatstaf is: Het mense die Evangelie deur ons gehoor? Het ons mense nader aan mekaar gebring? Het ons hoop versprei? Het ons iets van God se grootheid sigbaar gemaak?

*Verslag saamgestel deur ds. JI de Wet*

# 11 TAAKSPAN: JEUG EN GESINNE

## 11.1 KERNOPSOMMING

Die Jeugtaakspan het vanweë beweging van leiers en leraars vakant geraak. Hierdie Sinode word versoek om die taakspan weer te bemagtig met personeel om die werk sinvol voort te sit.

Die Jeugtaakspan bevorder geloofsvorming deur kinders en jongmense te begelei, ouers te bemagtig en gemeenteleiers toe te rus. Die volgende fase van die taakspan se werk sou kon fokus op die program van Ontwakende Geloof, die toepassing van IN PAS, die implementering van Roetemerkers en sterker sinodale samewerking rondom intergenerasionele bediening.

## 11.2 OPDRAG EN DOELWITTE

- Rus kinders en jongmense toe vir geloofsgroei binne hulle unieke leefwêrelde.
- Bemagtig ouers vir geloofsvorming, geestelike groei en sosio-emosionele ondersteuning binne die gesin.
- Bevorder geestelike bewustheid as grondslag vir geestelike, emosionele en sosiale welstand.
- Stel gemeenteleiers, kerkrade en skole bekend aan toepaslike hulpbronne vir jeug- en gesinsbediening en ondersteun die praktiese gebruik daarvan.

## 11.3 BELANGRIKSTE AKTIWITEITE

Taakspanlede het aan relevante strukture van die Algemene Sinode deelgeneem, waaronder die Jeugtaakspan, Kategesetaakspan, Roetemerkers en die Fokusgroep vir Gemeentes en Geloofsgemeenskappe.

## 11.4 UITDAGINGS EN LEERPUNTE

- Jeugbediening behoort geïntegreerd met ouer- en gesinsbediening aangepak te word; toerusting van volwassenes is daarom ‘n kernprioriteit.
- Prestasiegerigte druk in akademie, sport en kultuur kan geloofsvorming verdring, ondanks die belangrike bydrae van spiritualiteit tot volhoubare ontwikkeling en welstand.
- *Mindfulness* is nie ‘n plaasvervanger vir geloof nie; geloofsgemeenskap, geloofsbegeleiding en ‘n lewende verhouding met God bly sentraal.
- Hulpbronne het slegs volhoubare waarde wanneer leiers daarvan bewus is, daarvoor toegerus word en ondersteuning met die plaaslike implementering daarvan ontvang.

- Internasionale materiaal moet deeglik vertaal en gekontekstualiseer word en deur praktiese begeleiding ondersteun word.

## 11.5 TOEKOMSVISIE EN VOLGENDE STAPPE

### 11.5.1 Ontwakende Geloof:

Voltooi die vertaling en kontekstualisering van *Awakened Awareness for Adolescents*, toets dit in geselekteerde gemeentes en ontwikkel 'n ondersteunende VBO-kursus.

### 11.5.2 IN PAS

Bepaal hoe die proses binne intergenerasionele jeugbediening toegepas kan word en stel praktiese riglyne saam.

### 11.5.3 Roetemerkers

Ontwikkel implementeringshulp in die vorm van 'n bondige handleiding, webinare en aanvullende gemeentelike hulpmiddels.

### 11.5.4 Netwerke

Werk met die Algemene Sinode aan 'n ekumeniese model vir jeugbediening en bevorder sterker skakeling met gemeenskappe en skole.

### 11.5.5 Toerusting en liturgie

Ontwikkel 'n toerustingsmodel vir gemeenteleiers en liturgiese hulpmiddels vir intergenerasionele geloofsvorming.

## 11.6 AANBEVELINGS VIR 'N TOEKOMSTIGE TAAKSPAN

- Bevestig jeug- en gesinsbediening, met geloofsvorming as kern, as 'n sigbare sinodale prioriteit.
- Bied gereelde toerusting aan predikante, jeugwerkers, ouers en gemeenteleiers.
- Gebruik ringsverteenwoordigers en bestaande sinodale netwerke doelgerig vir kommunikasie, verspreiding en implementeringsondersteuning.

## 11.7 AANBEVELING

Die sinode besluit om:

11.7.1 gemeentes, ringe en afgevaardigdes aan te moedig om aan die taakspan se programme, toerusting en netwerke deel te neem;

11.7.2 die fokus op geloofsvorming, ouerbemagtiging en intergenerasionele jeugbediening te onderskryf.

*Verslag saamgestel deur dr. Johan Botha*

# 12 MISSIONALE TAAKSPAN

## 12.1 SAMESTELLING VAN DIE TAAKSPAN

Hiermee word verslag gedoen oor die Missionale Taakspan se werksaamhede gedurende die afgelope vier jaar, asook oor ons drome vir die volgende vier jaar. Die doel van die taakspan is om gemeentes te ondersteun en te begelei om die Groot Opdrag van Jesus uit te leef.

Die taakspan se voorsitter was dr. Frikkie Coetzee. Ná sy emeritaat het ds. Nico Swart as sameroeper oorgeneem.

Die taakspan bestaan uit vyf subspanne:

- Evangelisasie en Dissipelmaking – ds. Nico Swart
- INPAS – ds. Johan Koen (jnr.).
- Missionale Diakonaat – ds. Retha Kruidenier
- Kerkplanting – ds. Ryno Meyer
- Vennootskap met die Novo Sinode van die IRM – ds. Nico Swart

## 12.2 DOEL EN OPDRAGTE

Die taakspan moes gemeentes begelei om evangelisasie en dissipelmaking opnuut 'n prioriteit op kerkrade se agendas en in gemeentes se bedieninge te maak. Dit het onder meer behels dat kursusse, in samewerking met Excelsus en die Algemene Sinode se Taakspan vir Evangelisasie, vir leraars en lidmate ontwikkel en aangebied word.

Die INPAS-werkswyse (ritmes en gewoontes vir roepingsgetroue gemeentes) moes deur opleidingseminare vir leraars in ons sinode uitgerol word.

Missionale diakonaat, en vennootskappe met CMR en ander barmhartigheids-organisasies, moes as 'n integrale deel van evangelisasie uitgebou word. Die moontlikheid van kerkplanting, oftewel die ontwikkeling van nuwe geloofsgemeenskappe, moes verder ondersoek word. Ons verhouding met die kerk in Mosambiek moes ook verder versterk word.

## 12.3 BELANGRIKSTE AKTIWITEITE EN VORDERING

VBO-opleiding oor evangelisasie is aanlyn onder leiding van dr. Frikkie Coetzee aangebied. By een geleentheid het 30 leraars dit bygewoon. Die onderwerp was *Ontdek die avontuur van spontane geïntegreerde getuienis*.

'n Lesersvriendelike brosjure oor ons kerk se teologiese verstaan van evangelisasie is ook ontwikkel en word tydens die sinodevergadering beskikbaar gestel.

Die *Getroue Getuies*-kursus is deur prof. Malan Nel herskryf en hernoem tot *Dissipels maak Dissipels*. In dié kursus word diensevangelisasie, koninkryksteologie en dissipelmaking met mekaar in verband gebring.

INPAS-werkswinkels is onder leiding van dr. Tom Smith in ons sinode aangebied. Leraars en lidmate is as fasiliteerders opgelei om hulle gemeentes te begelei in 'n proses van geloofsonderskeiding om te bepaal waarmee die Here reeds in die gemeente besig is, en wat die volgende treë is wat ons moet gee. Die fokus val op praktiese en eenvoudige gewoontes en ritmes wat gemeentes kan beoefen om meer roepingsgetrou te funksioneer.

Die Missionale Diakonaat-span het verteenwoordiging op ReDi SA (Research in Diaconia and Christian Social Practice) se komitee gekry. ReDi SA is 'n netwerk van kerke en ander geloofsgroepe wat op noodtoestande in die land reageer.

Die belangrike saak van kerkplanting bly op ons tafel, aangesien ons nuut sal moet dink oor die demografiese veranderinge in ons gemeenskappe.

Die vennootskap met die IRM gaan goed voort. Dit sluit jaarlikse vergaderings met die moderatuur en vennootskapgemeentes in, asook die bestuur van finansies en die pensioenfonds, die koördinering van korttermynuitreike en pastorale besoeke aan leraars en gemeentes, wat nou deur ds. Nico Swart behartig word.

## 12.4 RESULTATE EN VORDERING

Die evangelisasie-opleiding en die *Dissipels maak Dissipels*-kursus is baie goed ontvang. 'n Paar gemeentes het laasgenoemde reeds met groot vrug aangebied. In Skuilkrans-gemeente het 100 lidmate die negeweekkursus bygewoon, en ons beplan om dit jaarliks te herhaal.

Die INPAS-werkswinkels is ook baie goed bygewoon. Ds. Nico Swart is deur dr. Tom Smith gekoöpteer om deel te word van die fasiliteringspan wat ook leraars uit ander sinodes oplei. Dit is 'n beweging wat groei.

Ons het ook baie goeie terugvoer ontvang van die Mosambiekse leraars wat pastoraal besoek is. Ds. Nico Swart is genooi om die Algemene Sinodesitting van die IRM in Maputo by te woon en toe te spreek.

## 12.5 UITDAGINGS EN LEERPUNTE

Een van ons uitdagings is om leraars, kerkraadslede en lidmate te inspireer om aanlyn opleidingseminare oor evangelisasie by te woon.

Die INPAS-seminare moet ook nie net in die stede aangebied word nie. Dit behoort op sentrale plekke op die platteland aangebied te word sodat meer gemeentes en ringe dit kan bywoon.

Dieselfde geld vir die *Dissipels maak Dissipels*-kursus. Prof. Malan Nel vereis dat leraars wat die kursus wil aanbied, eers persoonlik deur hom toegerus word. Leraars wat reeds

*Getroue Getuies* aangebied het, ontvang een dag opleiding, terwyl dié wat dit nog nie aangebied het nie, drie dae opleiding ontvang.

Wat ons geleer het, is dat ons deur goeie navorsing moet vasstel wat reeds in gemeentes ten opsigte van evangelisasie en dissipelmaking gedoen en aangebied word. Ons moet daarby aansluit en dit versterk. Dieselfde beginsel geld vir missionale diakonaat en kerkplanting.

## 12.6 TOEKOMSVISIE EN VOLGENDE STAPPE

Ons visie is dat elke gemeente in ons sinode haarself sal sien as evangelis en dissipelmaker vir Jesus in haar gemeenskap. Dit beteken dat die nodige kultuurskuiwe in gemeentes moet plaasvind om toenemend roepingsgetrou te funksioneer.

Die volgende stap is om meer leraars en lidmate by die Missionale Taakspan se verskillende subspanne betrokke te kry en saam te dink oor hoe ons nog beter kan inskakel by dit waarmee God reeds besig is.

Ons sal ook nuut moet dink oor ekumene en kerkeenheid, en oor hoe ons hande kan vat met ander kerke – in die besonder die Verenigende Gereformeerde Kerk.

## 12.7 BESLUITE

Die taakspan het, binne die raamwerk van sy opdrag, betekenisvolle vordering gemaak met die ondersoek na wat evangelisasie en dissipelmaking volgens ons Gereformeerde verstaan behels.

Hoewel verdere navorsing nodig is oor wat reeds in gemeentes gebeur, is die taakspan van mening dat die volgende fase op die toerusting van leraars en gemeentes moet fokus. Hierdie toerusting moet so toeganklik en bekostigbaar moontlik gemaak word.

## 12.8 DIE MISSIONALE TAAKSPAN BEVEEL AAN DAT DIE SINODE:

12.8.1 kennis neem van die verslag;

12.8.2 die voorgestelde volgende stappe goedkeur;

12.8.3 die Missionale Taakspan se mandaat tot Oktober 2030 verleng.

*Verslag saamgestel deur ds. Nico Swart*

# 13 KLEIN GEMEENTES

**Van navorsing na moontlikhede**

**Verslagtydperk:** 2024-2026

**Lede:** Francois Retief, Carl Lourens en Tielman Roux.

## 13.1 KERNOPSOMMING

Die gesprek oor kleiner gemeentes het oor die afgelope paar jaar 'n belangrike skuif gemaak. Die vraag is nie meer net: "Hoe hou ons die klein gemeente aan die gang?" nie, maar eerder: "Wat kan God deur hierdie gemeente doen, juis hier waar Hy haar geplant het?"

Francois Retief het hierdie proses tot einde 2025 gelei en sy navorsing, gesprekke en bevindinge in 'n volledige verslag saamgevat. Die volgende fase gaan minder oor verdere navorsing en meer oor hoe ons gemeentes en ringe kan help om hierdie moontlikhede prakties te ontsluit.

## 13.2 OPDRAG EN DOEL VAN DIE TAAKSPAN

Die taakspan se fokus was om doelbewus aandag te gee aan die unieke werklikhede van kleiner gemeentes. 'n Belangrike uitgangspunt was dat klein nie onbelangrik beteken nie. Kleiner gemeentes kan selfs pioniers wees in 'n tyd waarin baie van die vrae waarmee hulle reeds worstel, uiteindelik ook deur groter gemeentes gevra sal word.

Die groot skuif is om van 'n instandhoudings-perspektief na missionale kerkwees te beweeg: weg van bediening hoofsaaklik aan lidmate, na bediening deur lidmate aan lidmate. Dit vra dat gemeentes opnuut vra: Wie is ons? Waartoe roep God ons? En hoe leef ons dit?

## 13.3 BELANGRIKSTE AKTIWITEITE EN VORDERING

Francois het 'n proses van gesprekke en werkswinkels met kleiner gemeentes, leraars, kerkraadslede en ringsdiensrade gelei. Die gesprek is ook uitgebrei na ander sinodes, kundiges en kerkverbande.

Een van die belangrikste uitkomste hiervan is die volledige verslag ***Wanneer klein gemeentes diep spore begin trap.***

Die verslag bevat navorsing én praktiese hulpmiddels rondom identiteit, roeping, bediening, die rol van die ring, bedieningsmodelle, waarderende ondersoek, gemeenskapsvennootskappe en volhoubaarheid.

Die verslag is beskikbaar op die Oostelike Sinode se webtuiste onder Gemeente-ondersteuning. Leraars, kerkraadslede en ringsdiensrade wat met kleiner gemeentes werk, word aangemoedig om die verslag te lees.

## 13.4 BELANGRIKSTE RESULTATE EN LEERPUNTE

Die grootste wins is dalk 'n nuwe taal om oor kleiner gemeentes te praat.

Ons hoef nie eerste te vra: "Wat is fout?" nie. Ons kan begin vra: "Waar het God reeds begin werk? Waar is daar energie? Wat doen hierdie gemeente goed? En wat kan hieruit groei?"

Die navorsing wys ook hoe belangrik die ring is. Die ring is die "naaste familie" van 'n gemeente en kan veel meer wees as bloot 'n kerkregtelike of verhoudingsstruktuur. Die vraag wat ringe aan hulleself moet vra, is: "Hoe kan ons as ring verseker dat elke gemeente die koninkryk van God in haar unieke konteks laat kom?"

Dit vra langtermynverhoudings, begeleiding en 'n doelbewuste belegging in die toekoms van gemeentes, veral waar gemeentes vakant of onder groot druk is.

Ons leer ook dat daar nie een model vir alle kleiner gemeentes is nie. Verskillende vorme van bediening, gedeelde bediening, opleiding van lidmate, kleingroepe, tegnologie en samewerking met ander kerke en gemeenskapsvennote bied nuwe moontlikhede vir die hede en die toekoms.

## 13.5 UITDAGINGS

Kleiner gemeentes word maklik vasgevang in gesprekke oor kwynende lidmaattalle, finansies, verlies, oorlewing en dit wat hulle nie meer kan doen nie. Die uitdaging is om nie vas te kyk teen wat kleiner geword het nie, maar om te ontdek wat God steeds moontlik maak.

Een van die belangrikste uitdagings vir die volgende fase is daarom om nie bloot nóg programme of nóg hulpbronne te skep nie. Ons moet eerder bestaande mense, gawes, verhoudings en moontlikhede ontsluit.

## 13.6 TOEKOMSVISIE EN VOLGENDE STAPPE

Vanaf Oktober 2026 begin 'n nuwe fase vir die taakspan. Francois het 'n belangrike fondament gelê; die volgende fase behoort nou meer prakties en doelgerig te wees.

Ons fokus behoort op nege moontlikheidsvelde te wees:

Roeping; Leierskap; Bedieningsmodelle; Pastoraat; Jeug en gesinne; Gemeenskapsvennote; Ringsbegeleiding; Volhoubaarheid; Hulpmiddels en opleiding

Die bedoeling is nie om vir elke gemeente 'n antwoord te gee nie, maar om gemeentes en ringe te help om hulle eie konteks, roeping en moontlikhede raak te sien.

## 13.7 AANBEVELINGS

Die taakspan versoek dat die Sinode:

13.7.1 van hierdie verslag en die werk wat reeds gedoen is, kennis neem; en

13.7.2 die voortsetting van die taakspan se fokus gedurende die volgende termyn ondersteun.

13.7.3 dat die Sinode die werk rondom kleiner gemeentes voortsit, met 'n duidelike skuif van navorsing na praktyk wat op die volgende fokus:

- die deel van goeie praktyke en moontlikhede;
- die toerusting en begeleiding van ringe en gemeentelike leiers;
- die ontwikkeling van eenvoudige, bruikbare hulpmiddels;
- die bevordering van samewerking tussen gemeentes, ringe en gemeenskapsvennote; en
- volhoubare bedieningsmodelle wat by die werklikheid van elke gemeente pas.

## 13.8 SLOT

Ons glo ons is nie besig met 'n projek om kleiner gemeentes bloot aan die lewe te hou nie. Ons is besig om saam te ontdek hoe God sy kerk, ook in klein plekke, steeds kan gebruik.

Daar is 'n idioom wat lui: **"Klein botteltjie, groot gif!"** Wanneer ons oor kleiner gemeentes praat, sê ons eerder: **Klein gemeente, groot potensiaal!**

Die vraag is nie meer hoe klein ons geword het en hoe ons gaan oorleef nie. Ons wil weet: **Wat gaan God nou deur ons doen?**

*Verslag saamgestel deur ds. Tielman Roux*

# 14 TAAKSPAN: LERAARVERSORGING

**Taakspan:** Carl du Preez – sameroeper (Kerksondermure); Hancke van Blerk (NG Gemeente Piet Retief); Maartje van der Westhuizen (NG Kerk Elarduspark); Marius Nel (Basileia Gemeente Witbank); Sonnika Nel (NG Gemeente Tygerpoort)

## 14.1 KERNOPSOMMING

Die Taakspan Leraarversorging het gedurende die afgelope termyn gefokus op 'n meer geïntegreerde en volhoubare benadering tot leraarversorging binne die Oostelike Sinode. Die werk het begin met navorsing onder leraars, waarna die bevindinge in praktiese ondersteuning en hulpbronne omskep is.

Belangrike uitkomste sluit in die ontwikkeling van 'n Leraarversorgingsgids vir kerkrade, ringe en die sinode; die vestiging van 'n vertroulike professionele terapeutiese en beradingsdiens; en die aanbieding van predikantekonferensies.

## 14.2 OPDRAG EN DOEL VAN DIE TAAKSPAN

Die oorkoepelende opdrag was om riglyne vir voorkomende sowel as reaktiewe leraarversorging te ontwikkel.

Die belangrikste doelwitte was om:

- vas te stel wat leraars onder leraarversorging verstaan;
- faktore te identifiseer wat hul bedieningsvreugde en welstand beïnvloed;
- die rolle van kerkrade, ringe en die sinode duideliker te omskryf;
- praktiese riglyne en hulpbronne te ontwikkel; en
- professionele ondersteuning beskikbaar te stel.

## 14.3 BELANGRIKSTE AKTIWITEITE EN VORDERING

### 14.3.1 Navorsing en luister

- Gedurende 2023 het naastenby die helfte van die leraars in die Oostelike Sinode 'n anonieme leraarversorgingsvraelys voltooi.
- Die navorsing het 'n waardevolle beeld gegee van leraars se belewenis, uitdagings en ondersteuningsbehoeftes.
- Dit het bevestig dat leraarversorging fisiese, emosionele, geestelike en sosiale welstand moet insluit.

### 14.3.2 Predikantekonferensies

- In 2023 is die Predikantekonferensie in die Krugerwildtuin aangebied met die tema "Terug na die Fontein."
- In 2025 is die konferensie aangebied met die tema "Die krag van waarde: 'n Padkaart van lewenskwaliteit."

### 14.3.3 Sinodesitting 2024

- Tydens die 2024-Sinodesitting by Weesgerus is sterk gefokus op persoonlike selfsorg en emosionele welstand.
- Dr Jacqui von Cziffra-Bergs het praktiese toerusting aangebied rondom *Solution Focused Selfcare*, uitbranding, hoop en veerkragtigheid.

### 14.3.4 Leraarversorgingsgids

- 'n Praktiese Leraarversorgingsgids is ontwikkel en versprei.
- Die gids omskryf die onderskeie rolle van kerkrade, ringe en die sinode.
- Die fokus is om kerkrade te help om leraarversorging as 'n deurlopende verantwoordelikheid te verstaan.

### 14.3.5 Professionele ondersteuning

- 'n Vertroulike professionele terapeutiese en beradingsdiens is gevestig.
- Predikante wat trauma, spanning, uitbranding of persoonlike nood ervaar, kan ondersteuning ontvang.
- Die diens is reeds deur verskeie predikante binne die Oostelike Sinode benut.

## 14.4 BELANGRIKSTE RESULTATE OF UITKOMSTE

Die belangrikste uitkomste van die taakspan se werk is:

- 'n Beter begrip van leraars se welstand en ondersteuningsbehoeftes.
- 'n Holistiese raamwerk vir fisiese, emosionele, geestelike en sosiale welstand.
- Duideliker rolle vir kerkrade, ringe en die sinode.
- Die ontwikkeling en verspreiding van 'n praktiese Leraarversorgingsgids.
- Die vestiging van 'n vertroulike professionele terapeutiese en beradingsdiens.
- Voortsetting van die Predikantekonferensie as ruimte vir rus, toerusting en kollegiale ondersteuning.

## 14.5 UITDAGINGS EN RISIKO'S

Die grootste uitdaging is dat goeie riglyne en hulpbronne nie vanself tot veranderde praktyk lei nie.

Belangrike voortgaande risiko's is:

- dat leraarversorging steeds hoofsaaklik reaktief plaasvind;
- dat die Leraarversorgingsgids nie konsekwent gebruik word nie;
- dat professionele hulp soms te laat benut word; en
- dat verantwoordelikheid vir leraarversorging na 'n taakspan of die sinode verskuif word eerder as om plaaslik geïntegreer te word.

## 14.6 BELANGRIKE LEERPUNTE

Twee belangrike insigte het na vore gekom:

- Leraarversorging behoort pro-aktief én reaktief te wees.
- Leraarversorging is 'n gedeelde verantwoordelikheid tussen die leraar en kerkraad, met 'n aanvullende rol vanuit die ring en sinode.

## 14.7 TOEKOMSVISIE EN AANBEVELINGS

Die taakspan se grootste droom is dat leraarversorging al hoe minder die werk van 'n spesifieke taakspan sal wees en al hoe meer deel sal word van die kultuur van elke kerkraad, ring en die sinode.

Die volgende prioriteite word aanbeveel:

Die Sinode besluit:

14.7.1 dat die Leraarversorgingsgids deurlopend bekendgestel en gebruik word.

14.7.2 dat die vertroulike professionele terapeutiese en beradingsdiens permanent beskikbaar bly.

14.7.3 dat minstens een voorkomende aanlyn toerustingsgeleentheid per jaar aangebied word rondom temas soos geestesgesondheid, uitbranding, emosionele veerkragtigheid, selfsorg en 'n *growth mindset*.

14.7.4 dat die Predikantekonferensie voortgaan as 'n belangrike ritme van rus, toerusting en konneksie met kollegas.

## 14.8 BESLUIT OF ONDERSTEUNING DEUR DIE SINODE

Die Taakspan Leraarversorging versoek dat die Sinode:

14.8.1 Leraarversorging steeds 'n duidelike plek binne toekomstige sinodale strukture en beplanning behou.

14.8.2 Bestaande inisiatiewe verder steun

*Verslag saamgestel deur Carl du Preez*

# 15 TAAKSPAN: EKOLOGIE

**Grensloos Groen**

## 15.1 OPDRAG EN DOEL VAN DIE TAAKSPAN

Die Ekologietaakspan van die Oostelike Sinode het reeds ontstaan voordat ekologie deur die Algemene Sinode as 'n belangrike fokus binne die kerk se getuienis uitgelig is.

Ten diepste bly dit ook die taakspan se opdrag: om gemeentes toe te rus en aan te moedig om die kerk se verantwoordelikheid ten opsigte van God se skepping na te kom.

Die taakspan fokus daarom op die **toerusting en motivering van gemeentes** om hulle ekologiese roeping te verstaan en prakties uit te leef.

## 15.2 BELANGRIKSTE AKTIWITEITE EN VORDERING

Die taakspan het oor die afgelope aantal jare verskillende geleenthede benut om bewustheid van die kerk se ekologiese verantwoordelikheid te bevorder.

Tydens sinodesittings is bewusmakingsgeleenthede geskep en preke met ekologiese temas is by geleentheid aan leraars beskikbaar gestel. Die herwinnings- en waterbottelprojek tydens die sinodesitting by Weesgerus is een voorbeeld hiervan.

Ekologiekampe vir kinders word reeds vir baie jare aangebied. Verskeie projekte wat op volwassenes gerig is, waaronder staptoere, konferensies en ander toerustingsgeleenthede, het ook deel van die taakspan se werksaamhede gevorm.

## 15.3 BELANGRIKSTE RESULTATE EN LEERPUNTE

Die verskillende projekte het elk op eie wyse tot bewusmaking en toerusting bygedra. Deelnemers is toegerus en geïnspireer om nuut oor die kerk se verantwoordelikheid teenoor God se skepping te dink.

Die taakspan het ook na organisasies buite die kerkverband uitgereik in 'n poging om breër bande en samewerking te bevorder. Hoewel hierdie skakeling waardevol was, het dit nie in alle gevalle die langtermynresultate gelewer waarop gehoop is nie.

## 15.4 UITDAGINGS

Een van die grootste uitdagings bly **kommunikasie**. Elke diensgroep en taakspan het belangrike inligting wat gemeentes moet bereik, terwyl gemeentes terselfdertyd met 'n groot hoeveelheid kommunikasie gekonfronteer word – 'n inligtings"tsunami".

Die uitdaging op sinodale vlak is daarom om nader aan die **"minder is meer"-beginsel** te beweeg. Dit sal vra dat leierskap dapper en goedberekende besluite oor die verskillende bedieninge sal moet neem.

## 15.5 BELANGRIKE LEERPUNTE

'n Belangrike praktiese leerpunt is dat persoonlike uitnodiging en betrokkenheid die beste resultate lewer. Oop uitnodigings alleen het nie dieselfde respons tot gevolg nie.

## 15.6 TOEKOMSVISIE EN VOLGENDE STAPPE

Die taakspan gee tans aan die volgende prioriteite aandag:

### 15.6.1 Kerklike en ekumeniese skakeling

Skakeling met die VGKSA en moontlik ook pastore van onafhanklike kerke om bewustheid van Christene se roeping ten opsigte van God se skepping verder uit te brei. Deur met kerkleiers hande te vat, kan hierdie boodskap 'n groter geloofsgemeenskap bereik.

### 15.6.2 Bewusmaking en publikasies

Gedrukte en/of elektroniese publikasies wat bewusmaking bevorder, word saamgestel en beskikbaar gestel. Die inligtingsdokumente oor indringerplante is 'n voorbeeld hiervan.

### 15.6.3 Kampe en toerusting

Die jeugkamp en toerustingsnaweek vir volwassenes, wat reeds goed gevestig is, word voortgesit. Meer doeltreffende bemarking, veral van die jeugkamp, verdien verdere aandag.

### 15.6.4 Biddag vir Ekologie

Die kerk se ekologiese verantwoordelikheid word verder onder die aandag van gemeentes gebring, onder meer deur die jaarlikse Biddag vir Ekologie te bevorder.

## 15.7 AANBEVELINGS

Die taakspan versoek dat die sinode:

15.7.1 waardering uitspreek vir die volgehoue werk van die Ekologietaakspan om bewustheid van die kerk se ekologiese roeping te bevorder;

15.7.2 die taakspan se visie ondersteun om skakeling met leraars van die VGKSA en pastore van onafhanklike kerke te bevorder ten einde bewustheid van die geloofsgemeenskap se ekologiese verantwoordelikheid uit te brei;

15.7.3 ringe en gemeentes versoek om daadwerklik aandag te gee aan die bekendstelling en bemarking van die taakspan se aksies; en

15.7.4 gemeentes oproep om, veral rondom die jaarlikse Biddag vir Ekologie, (laaste Sondag in Mei) aandag te skenk aan die kerk se roeping ten opsigte van God se skepping.

## 15.8 TEN SLOTTE

Die Ekologietaakspan bedank die Oostelike Sinode vir die ondersteuning – finansieel en andersins – waarsonder die taakspan nie sy opdrag met vrug sou kon uitvoer nie.

Die waarde van hierdie volgehoue werk word sigbaar in die terugvoer wat ontvang word: volwassenes wat jaarliks terugkeer na die toerustingsnaweek; lidmate wat boer en nuwe praktyke begin toepas; mense wat by herwinningsaksies betrokke raak; en kinders wat onthou wat hulle tydens 'n vorige Veldpretkamp oor plante, diere, voëls en hulle plek in die natuur geleer het.

*Verslag saamgestel deur Dif Ehlers*

# 16 KERKREGDIENSGROEP (KRDG)

## 16.1 WYSIGINGS VAN BEPALINGS EN REGLEMENTE IN DIE FAMILIEREËLS 2024

### 16.1.1 Aanbeveling:

16.1.1.1 Die Sinode keur die wysigings aan die Familiereëls goed soos deur die Kerkregdiensgroep aanbeveel.

16.1.1.2 Die Sinode keur goed dat die Kerkregdiensgroep enige redaksionele wysigings wat verder hieruit mag voortspruit kan afhandel.

| **Familiereëls 2024** | **Familiereëls 2026 (Wysigings)** | **Motivering** |
|---|---|---|
| **BEPALING 1 - Beroeping van 'n predikant**<br>1.1 Wie is beroepbaar<br>1.1.1 Persone wat oor bevoegdheid in die NG Kerk beskik (kyk Reglement 12, Reglement vir die Bevoegdheid van Predikante, Proponente en Emeriti) en nog nie die ouderdom van 65 jaar bereik het nie, is beroepbaar. | **BEPALING 1 - Beroeping van 'n predikant**<br>1.1 Wie is beroepbaar<br>1.1.1 Persone wat oor bevoegdheid in die NG Kerk beskik (kyk Reglement 11, Reglement vir die bevoegdheid van predikante, diensleraars, standplaasleraars, proponente en emeriti) en nog nie die ouderdom van 65 jaar bereik het nie, is beroepbaar. | Redaksioneel |
| ***Artikel 9***<br>***Predikant***<br>***Diensleraar***<br>*9.7 Die diensleraar is geroep om 'n volgeling van Christus te wees en sy lewe te wy in diens van die Here en sy kerk.*<br>*9.8 Die diensleraar funksioneer in 'n gemeente, in die kerkverband en in die diens van die kerk in die wêreld.* | ***Artikel 9***<br>***Predikant***<br>***Diensleraar***[1]<br>*9.7 Die diensleraar is geroep om 'n volgeling van Christus te wees en sy lewe te wy in diens van die Here en sy kerk.*<br>*9.8 Die diensleraar funksioneer in 'n gemeente, in die kerkverband en in die diens van die kerk in die wêreld.* | Uitbreiding met voetnota |

[1] Oostelike Sinode: Slegs gelegitimeerde predikante wat ingevolge die Kerkorde kwalifiseer vir 'n pos ingevolge Artikel 9.1 - 9.6, mag aansoek doen. Diensleraars, soos omskryf in die Reglement 18 vir Standplaas- en Diensleraarsposte, is nie beroepbaar tot sodanige poste nie en mag derhalwe nie vir hierdie poste aansoek doen nie.

| | | |
|---|---|---|
| *9.9 Die diensleraar fokus op die toegespitse bediening in 'n spesifieke spesialisasieveld van opleiding.* | *9.9 Die diensleraar fokus op die toegespitse bediening in 'n spesifieke spesialisasieveld van opleiding.* | |
| **Demissie**<br>**Diensbeëindiging**<br>Vergelyk Reglement 13, Reglement vir Beroeping, Bevestiging, Demissie en Emeritaat van Predikante | **Demissie**<br>**Diensbeëindiging**<br>Vergelyk Reglement 12, Reglement vir beroeping, bevestiging, demissie en emeritaat van predikante. | Redaksioneel |
| **BEPALING 5 - Emeriti wat tot die bediening terugkeer**<br>(Vergelyk Reglement 16, Reglement vir Vastetermynposte)<br>5.1 'n Predikant wat emeritaat aanvaar het en vóór ouderdom 65 weer tot die bediening wil toetree, moet hom/haar wend tot die ring/ringsdiensraad binne wie se gebied hy/sy woon met<br>5.1.1 'n mediese sertifikaat, deur 'n geneesheer uitgereik, ter stawing van geskiktheid,<br>5.1.2 'n getuigskrif of verklaring van die kerkraad van die gemeente waarvan hy/sy lidmaat is,<br>5.2 Die ring verwys die aansoek na die Algemene Taakspan Predikantesake met die oog op beroepbaarstelling.<br>5.3 Indien die aansoek slaag, kan dit in die Kerkbode gepubliseer word dat die persoon beroepbaar is. | **BEPALING 5 - Emeriti wat tot die bediening terugkeer**<br>(Vergelyk Reglement 16, Reglement vir Vastetermynposte)<br>5.1 'n Predikant wat emeritaat aanvaar het en vóór ouderdom 65 weer tot die bediening wil toetree, moet hom/haar wend tot die ring/ringsdiensraad binne wie se gebied hy/sy woon met<br>5.1.1 'n mediese sertifikaat, deur 'n geneesheer uitgereik, ter stawing van geskiktheid,<br>5.1.2 'n getuigskrif of verklaring van die kerkraad van die gemeente waarvan hy/sy lidmaat is,<br>5.1.3 en VBO-punte op datum is.<br>5.2 Die ring verwys die aansoek na die Algemene Taakspan Predikantesake met die oog op beroepbaarstelling.<br>5.3 Indien die aansoek slaag, kan dit in die Kerkbode gepubliseer word dat die persoon beroepbaar is.<br>5.4 wanneer 'n emeritus ouer as 70 diens verrig, word 'n bedieningsooreenkoms opgestel; dit is nie 'n dienskontrak nie; en die opdrag en 'n honorarium word uiteengesit. | Uitbreiding van die bepaling |

| | | |
|---|---|---|
| **BEPALING 6 - Leiding van eredienste deur ouderlinge**<br>6.1 In gevalle waar 'n ouderling ingevolge artikel 16.1.8 eredienste lei, sien die ring toe dat die nodige opleiding geskied. | **BEPALING 6 - Leiding van eredienste deur ouderlinge**<br>6.1 In gevalle waar 'n ouderling ingevolge artikel 16.1.8 eredienste lei, sien die ring toe dat die nodige kerklike opleiding vir prediking geskied het. (Vergelyk Riglyne wat Kerkorde, Artikels en reglemente aanvul en toelig, Punt 4) | Uitbreiding ter verduideliking |
| **BEPALING 13 - Doleer[2]**<br>Bepaling 37 verwoord ons onderlinge pastorale ooreenkoms hoe ons treur wanneer ons van mening is dat sake teen die Skrif, die Belydenis en die *Kerkorde/Familiereëls* binne die kerk verloop.<br><br>13.1 **Uitgangspunt**<br>13.1.1 Gemeentes en/of ringe van die Oostelike Sinode kan doleer/treur indien genoegsaam aangetoon kan word dat die kerk teen die Skrif, die Belydenis en die *Kerkorde/Familiereëls* oortree.<br>13.1.2 Dolering kan uitgeoefen word nadat alle ander kerklike middele vooraf gevolg is om kerklike konflik op te los.<br>13.1.3 Dolerende gemeentes of ringe behou volle voorregte en volle verantwoordelikhede (soos onder | **BEPALING 13 - Doleer[6]**<br>Bepaling 13 verwoord ons onderlinge pastorale ooreenkoms hoe ons treur wanneer ons van mening is dat sake teen die Skrif, die Belydenis en die *Kerkorde/Familiereëls* binne die kerk verloop<br><br>~~13.1~~ **~~Uitgangspunt~~**<br>13.1~~.1~~ Gemeentes en/of ringe van die Oostelike Sinode kan doleer/treur indien genoegsaam aangetoon kan word dat die kerk teen die Skrif, die Belydenis en die *Kerkorde/Familiereëls* oortree.<br>13.~~1.~~2 Dolering kan uitgeoefen word nadat alle ander kerklike middele vooraf gevolg is om kerklike konflik op te los.<br>13.~~1.~~3 Dolerende gemeentes of ringe behou volle voorregte en volle verantwoordelikhede (soos onder | Redaksioneel |

[2] Met hierdie bepaling word op positiewe wyse ruimte gemaak vir gemeentes of ringe wat treur oor sake wat volgens hulle in die kerk verkeerd gaan. Hierdeur word die sinode gehelp om as geloofsfamilie op dieselfde wyse en met dieselfde riglyne te doleer.

[6] Met hierdie bepaling word op positiewe wyse ruimte gemaak vir gemeentes of ringe wat treur oor sake wat volgens hulle in die kerk verkeerd gaan. Hierdeur word die sinode gehelp om as geloofsfamilie op dieselfde wyse en met dieselfde riglyne te doleer.

| | | |
|---|---|---|
| andere finansies) binne die sinodale verband van Oostelike Sinode.<br>13.1.4 Dolering dra 'n geestelike karakter en pas by die kerk as 'n geloofs- en liefdesgemeenskap.<br>13.1.5 Dolering moet op 'n kerklike wyse met geestelike middele hanteer word.<br>13.1.6 Dolering moet pastoraal-kerkregtelik hanteer word.<br>13.1.7 Dolering is nie afskeiding van die kerkverband nie.<br><br>13.2 **Grense van Dolering**<br>13.2.1 **Dolering sluit die volgende in**<br>13.2.1.1 Dolering is 'n tydperk waar 'n gemeente(-s) en/of ring-e) treur oor die geestelike toestand van die kerk.<br>13.2.1.2 Dolering is 'n tydperk waar 'n gemeente(-s) en/of ring (-e) gegun word om 'n saak voor God en die kerkverband te bring, sonder om beskuldig of verdag gemaak te word.<br>13.2.1.3 Dolering is 'n tydperk waar die kerkverband by die dolerende party (-e) gaan sit om na hulle te luister en pastoraal te versorg.<br>13.2.2 **Dolering sluit die volgende uit**<br>13.2.2.1 Dolering kan nie onbepaald voortduur nie.<br>13.2.2.2 Dolering is nie 'n staat van stilswye waarin gesprek met die kerkverband geweier word nie. | andere finansies) binne die sinodale verband van Oostelike Sinode.<br>13.~~1.~~4 Dolering dra 'n geestelike karakter en pas by die kerk as 'n geloofs- en liefdesgemeenskap.<br>13.~~1.~~5 Dolering moet op 'n kerklike wyse met geestelike middele hanteer word.<br>13.~~1.~~6 Dolering moet pastoraal-kerkregtelik hanteer word.<br>13.7 Dolering kan nie vir 'n tydperk langer as eenjaar duur nie.<br>13.8 Dolering is nie afskeiding van die kerkverband nie.<br><br>**Riglyne en toeligting tot Bepaling 13**<br>**1 Grense van Dolering**<br>**1.1 Dolering sluit die volgende in**<br>1.1.1 Dolering is 'n tydperk waar 'n gemeente(-s) en/of ring-e) treur oor die geestelike toestand van die kerk.<br>1.1.2 Dolering is 'n tydperk waar 'n gemeente(-s) en/of ring (-e) gegun word om 'n saak voor God en die kerkverband te bring, sonder om beskuldig of verdag gemaak te word.<br>1.1.3 Dolering is 'n tydperk waar die kerkverband by die dolerende party (-e) gaan sit om na hulle te luister en pastoraal te versorg.<br><br>**1.2 Dolering sluit die volgende uit**<br>1.2.1 Dolering kan nie onbepaald voortduur nie.<br>1.2.2 Dolering is nie 'n staat van stilswye waarin gesprek met die kerkverband geweier word nie. | |

| | | |
|---|---|---|
| 13.2.2.3 Dolering mag nie vir verdagmakery of skeurmakery gebruik word nie, dit is tugwaardige sondes (Reglement 22.7.1, Reglement op Tug en Vermaning van die Algemene Sinode)[3].<br>13.2.2.4 Dolering is nie 'n metode om met die kerk oor 'n bepaalde saak in 'n geveg te tree nie.<br>13.2.2.5 Dolering vind plaas tussen twee sinodesittings (vier jaar). | 1.2.3 Dolering mag nie vir verdagmakery of skeurmakery gebruik word nie, dit is tugwaardige sondes (Reglement 22.7.1, Reglement op Tug en Vermaning van die Algemene Sinode) .<br>1.2.4 Dolering is nie 'n metode om met die kerk oor 'n bepaalde saak in 'n geveg te tree nie.<br>1.2.5 Dolering vind plaas tussen twee sinodesittings (vier jaar). | |
| 13.3 **Hantering van dolering**<br>13.3.1 Die dolerende kerkraad en/of ring gee dadelik, met die nodige motivering aan die Ringsdiensraad en/of Sinodale Diensraad, kennis dat daar doleer word.<br>13.3.2 Indien die Ringsdiensraad en/of Sinodale Diensraad bewus word van 'n gemeente(-s) en/of ring(-e) wat doleer, tree die dagbestuur van die Sinodale Diensraad of die Ringsdiensraad dadelik met die betrokke party(e) in gesprek, met rapport aan die Sinodale Diensraad of volgende ring in sitting.<br>13.3.3 In die geval van die dagbestuur van die Sinodale Diensraad word by die eersvolgende vergadering van die Sinodale Diensraad verslag gegee.<br>13.3.4 In die geval waar die Ringsdiensraad die saak hanteer word by die volgende jaarlikse ringsitting verslag gegee.<br>13.3.5 Spoedeisende pogings word deur die Sinodale Diensraad en/of die Ringsdiensraad aangewend om die | **2 Hantering van dolering**<br>2.1 Die dolerende kerkraad en/of ring gee dadelik, met die nodige motivering aan die Ringsdiensraad en/of Sinodale Diensraad, kennis dat daar doleer word.<br>2.2 Indien die Ringsdiensraad en/of Sinodale Diensraad bewus word van 'n gemeente(-s) en/of ring(-e) wat doleer, tree die dagbestuur van die Sinodale Diensraad of die Ringsdiensraad dadelik met die betrokke party(e) in gesprek, met rapport aan die Sinodale Diensraad of volgende ring in sitting.<br>2.3 In die geval van die dagbestuur van die Sinodale Diensraad word by die eersvolgende vergadering van die Sinodale Diensraad verslag gegee.<br>2.4 In die geval waar die Ringsdiensraad die saak hanteer word by die volgende jaarlikse ringsitting verslag gegee.<br>2.5 Spoedeisende pogings word deur die Sinodale Diensraad en/of die Ringsdiensraad aangewend om die | |

3 In die gereformeerde wyse van kerkwees kan daar van besluite van 'n kerkvergadering verskil word. Dit kan selfs herbesoek word. Indien 'n kerkvergadering by herhaling dieselfde besluit neem val lidmate in by die besluit van die kerkvergadering asof dit hulle eie besluit is.

| | | |
|---|---|---|
| saak waaroor die gemeente(-s) en/of ring(-e) doleer, aan te hoor en, indien moontlik, op te los.<br>13.3.6 Indien die saak nie in ringsverband opgelos kan word nie, word die Sinodale Diensraad versoek om die saak verder te hanteer.<br>13.3.7 Indien die saak waaroor die Gemeente(-s) en/of ring(-e) doleer onversoenbaar blyk te wees, sou die verskillende partye tot die Beslegting van Kerklike Geskille opgeroep kon word.<br>13.3.8 Indien die dolerende gemeente(-s) en/of ring(-e) nie tot 'n vergelyk wil kom nie, kan die individue wat vir die proses verantwoordelik is, van skeurmakery aangekla word (*Kerkorde 2023, Besluite wat Aanvul en Toelig 27.3)*[4]<br>13.3.9 Slegs in hoë uitsondering, kan die Sinodale Diensraad toestemming gee dat dolering langer voortduur[5].<br>13.3.10 Die Sinodale Diensraad lewer verslag aan die eerskomende sinode aangaande die stand van die dolering in die sinode. | saak waaroor die gemeente(-s) en/of ring(-e) doleer, aan te hoor en, indien moontlik, op te los.<br>2.6 Indien die saak nie in ringsverband opgelos kan word nie, word die Sinodale Diensraad versoek om die saak verder te hanteer.<br>2.7 Indien die saak waaroor die Gemeente(-s) en/of ring(-e) doleer onversoenbaar blyk te wees, sou die verskillende partye tot die Beslegting van Kerklike Geskille opgeroep kon word.<br>2.8 Indien die dolerende gemeente(-s) en/of ring(-e) nie tot 'n vergelyk wil kom nie, kan die individue wat vir die proses verantwoordelik is, van skeurmakery aangekla word (Kerkorde 2023, Besluite wat Aanvul en Toelig 27.3)[7]<br>2.9 Slegs in hoë uitsondering, kan die Sinodale Diensraad toestemming gee dat dolering langer voortduur .<br>2.10 Die Sinodale Diensraad lewer verslag aan die eerskomende sinode aangaande die stand van die dolering in die sinode. | |

[4] Kerkvergaderinge kan nie getug word nie, maar slegs individue. Daarom kan die individue wat die kerkvergadering (-e) lei om tot skeurmakery te kom, en hulle wat die besluite wat tot skeurmakery lei neem, wel van hierdie ergerlike sonde aangekla word. Dit sou kon gebeur dat diegene wat nie met die skeurmakery saamstem nie, hulle name bekend maak.

[7] Kerkvergaderinge kan nie getug word nie, maar slegs individue. Daarom kan die individue wat die kerkvergadering (-e) lei om tot skeurmakery te kom, en hulle wat die besluite wat tot skeurmakery lei neem, wel van hierdie ergerlike sonde aangekla word. Dit sou kon gebeur dat diegene wat nie met die skeurmakery saamstem nie, hulle name bekend maak.

| | | |
|---|---|---|
| **BEPALING 15 - Telefoon- en elektroniese vergaderings**<br>**(alle vergaderinge van die kerk)**<br><br>15.1 **Telefoon- en elektroniese vergaderings is toelaatbaar vir hantering van sake onder die volgende voorwaardes:**<br>15.1.1 Die vereistes vir 'n telefoon-/elektroniese vergadering is dieselfde as wat, ten opsigte van agenda, kworum en besluitneming, vir 'n gewone vergadering geld.<br>15.1.2 Kennisgewing van 'n telefoon-/elektroniese vergadering geskied op dieselfde wyse as wat vir 'n buitengewone vergadering geld (verwys Bepaling 17.2).<br>15.1.3 In gevalle waar dit om 'n persoon gaan, is 'n telefoon-/elektroniese vergadering nie wenslik nie.<br>15.1.4 Die notule van so 'n vergadering word tydens die volgende gewone vergadering goedgekeur.<br>15.1.5 Sake waaroor gehandel word, en die wyse waarop gestem moet word, moet duidelik gekommunikeer word.<br><br>15.2 **Stemming geskied op die volgende wyses:**<br>15.2.1 Telefoonvergaderings: Tydens telefoonvergaderings geskied stemming mondeling, behalwe in gevalle waar die vergadering op 'n ander stemwyse besluit.<br>15.2.2 Elektroniese vergaderings: Lede dui elektronies aan hoe hulle oor 'n saak stem. | **BEPALING 15**<br>~~**Telefoon- en**~~ **Elektroniese vergaderings (RIGLYNE WAT KERKORDE, ARTIKELS EN REGLEMENTE AANVUL EN TOELIG, Punt 10) (alle vergaderinge van die kerk)**<br>15.1 ~~**Telefoon- en**~~ **Elektroniese vergaderings is toelaatbaar vir hantering van sake onder die volgende voorwaardes:**<br>15.1.1 Die vereistes vir 'n ~~telefoon-/~~elektroniese vergadering is dieselfde as wat, ten opsigte van agenda, kworum en besluitneming, vir 'n gewone vergadering geld.<br>15.1.2 Kennisgewing van 'n ~~telefoon-/~~elektroniese vergadering geskied op dieselfde wyse as wat vir 'n buitengewone vergadering geld (verwys Bepaling 17.2).<br>15.1.3 In gevalle waar dit om 'n persoon gaan, is 'n ~~telefoon-/~~elektroniese vergadering nie wenslik nie.<br>15.1.4 Die notule van so 'n vergadering word tydens die volgende gewone vergadering goedgekeur.<br>15.1.5 Sake waaroor gehandel word, en die wyse waarop gestem moet word, moet duidelik gekommunikeer word.<br><br>15.2 **Stemming geskied op die volgende wyses:**<br>~~15.2.1 Telefoonvergaderings: Tydens telefoonvergaderings geskied stemming mondeling, behalwe in gevalle waar die vergadering op 'n ander stemwyse besluit.~~<br>15.2.1 Elektroniese vergaderings: Lede dui elektronies aan hoe hulle oor 'n saak stem. | Redaksioneel en verwydering van telefoon-vergaderings |

| | | |
|---|---|---|
| 15.2.3 Die notule van die stemming tydens telefoon-/elektroniese vergaderings word by die volgende vergadering vir goedkeuring voorgelê (Vergelyk ook Besluite wat Aanvul en Toelig 16) | 15.2.2 Die notule van die stemming tydens ~~telefoon-/~~elektroniese vergaderings word by die volgende vergadering vir goedkeuring voorgelê (Vergelyk ook Besluite wat Aanvul en Toelig 16)<br>15.3 **Elektroniese bywoning van kerkraadsvergaderings**<br>15.3.1 Kerkraadslede en konsulente kan kerkaadsvergaderings elektronies bywoon mits die tegnologie van so aard is, dat hulle sinvol kan deelneem. | Byvoeging |
| **BEPALING 26 - Opsig, Tug en Vermaning, / Appèlsake van die Ring**[8]<br>26.1 **Tugliggaam**<br>26.1.1 Die gevolmagtigde Ringstugliggaam bestaan uit 'n minimum van vyf lede (Vergelyk Reglement 22, Reglement vir Tug en Vermaning, punt 1.4.).<br>26.1.2 Die Ringsdiensraad fasiliteer die aanstelling van 'n tugliggaam volgens Reglement 22.4.2.<br>26.1.3 Elke ring verskaf tydens elke sinodesitting drie name wat namens die sinode op enige tug- en appèlliggaam binne Oostelike Sinode se verband benoem kan word. | **BEPALING 26 - Opsig, Tug en Vermaning, / Appèlsake van die Ring**[12]<br>26.1 Tugliggaam<br>~~26.1.1 Die gevolmagtigde Ringstugliggaam bestaan uit 'n minimum van vyf lede (Vergelyk Reglement 22, Reglement vir Tug en Vermaning, punt 1.4.).~~<br>~~26.1.2 Die Ringsdiensraad fasiliteer die aanstelling van 'n tugliggaam volgens Reglement 22.4.2.~~<br>26.1.1 Elke ring verskaf tydens elke sinodesitting twee name wat namens die sinode op enige tug- en appèlliggaam binne Oostelike Sinode se verband benoem kan word. | Reeds aanspreek in Artikel 64 en Reglement 22 |

[8] In geval van 'n tugsaak van die kerkraad geld dieselfde beginsels as wat in Reglement 22 neergelê is en word Reglement 22 van die Kerkorde van die NG Kerk toegepas. Die Tugliggaam neem altyd kennis van die proloog wat by die Tugreglement geskryf is. Dit verduidelik die hart waarmee die kerklike tug- en dissipline plaasvind.

[12] In geval van 'n tugsaak van die kerkraad geld dieselfde beginsels as wat in Reglement 22 neergelê is en word Reglement 22 van die Kerkorde van die NG Kerk toegepas. Die Tugliggaam neem altyd kennis van die proloog wat by die Tugreglement geskryf is. Dit verduidelik die hart waarmee die kerklike tug- en dissipline plaasvind.

| | | |
|---|---|---|
| Indien moontlik, is een van hierdie persone 'n vrou.<br>26.1.4 Indien die klaer 'n vrou is, moet daar verkieslik twee vroulike lede op die Ringstugliggaam dien (Vergelyk Reglement 22, Reglement vir Tug en Vermaning, punt 1.4.).<br>26.1.5 Die tugmaatreëls word gereël in ooreenstemming met Art 64 en Reglement 22.10 van die 2023 *Kerkorde* van die N G Kerk.<br>26.1.6 Die Ringsdiensraad op sy eie is nie die gevolmagtigde Ringstugliggaam nie, maar tree op as die posbus van die ring.<br><br>***Die aard van oortredings en die wyse van hantering deur die Ringstugliggaam (verwys ook Reglement 22)***<br>*Tug is* ***'n teologies-etiese optrede*** *deur die kerk en* ***nie 'n juridies-etiese optrede*** *deur die landshowe nie. Dit is verkieslik dat klagtes teen gelowiges eerder onder mekaar opgelos word, as in die wêreldse regbank (1 Kor. 6).*<br><br>26.1.7 Die Ringstugliggaam[9] bepaal voor die hantering van die saak of dit op die tafel van die kerk, of op die tafel van die sekulêre hof hoort (die aard van hierdie vasstelling word aan die diskresie van die tugliggaam oorgelaat),<br>26.1.8 Indien daar onsekerheid is of dit 'n kriminele oortreding kan wees, word van die advies van | Indien moontlik, is een van hierdie persone 'n vrou.<br>~~26.1.4 Indien die klaer 'n vrou is, moet daar verkieslik twee vroulike lede op die Ringstugliggaam dien (Vergelyk Reglement 22, Reglement vir Tug en Vermaning, punt 1.4.).~~<br>~~26.1.5 Die tugmaatreëls word gereël in ooreenstemming met Art 64 en Reglement 22.10 van die 2023 *Kerkorde* van die NG Kerk.~~<br>~~26.1.6 Die Ringsdiensraad op sy eie is nie die gevolmagtigde Ringstugliggaam nie, maar tree op as die posbus van die ring.~~<br><br>***Die aard van oortredings en die wyse van hantering deur die Ringstugliggaam (verwys ook Reglement 22)***<br>*Tug is* ***'n teologies-etiese optrede*** *deur die kerk en* ***nie 'n juridies-etiese optrede*** *deur die landshowe nie. Dit is verkieslik dat klagtes teen gelowiges eerder onder mekaar opgelos word, as in die wêreldse regbank (1 Kor. 6).*<br>26.1.2 Die Ringstugliggaam[13] bepaal voor die hantering van die saak of dit op die tafel van die kerk, of op die tafel van die sekulêre hof hoort (die aard van hierdie vasstelling word aan die diskresie van die tugliggaam oorgelaat), | |

[9] Die Ringsdiensraad is nie die Ringstugliggaam nie

[13] ~~13~~ ~~Die Ringsdiensraad is nie die Ringstugliggaam nie~~

| | | |
|---|---|---|
| regsgeleerdes gebruik gemaak oor die plek waar die saak hoort. Die kerkregkundige/kerkregdiensgroep word genader om gepaste inligting te verskaf.<br>26.1.9 Indien iemand in die siviele hof aangekla word, kan stuiting oorweeg word (vgl Reglement 22.7.1.), maar die geïmpliseerde word steeds pastoraal begelei.<br>26.1.10 Eers nadat die sekulêre hof 'n bevinding gemaak het, hanteer die gevolmagtigde Ringstugliggaam dit verder volgens die gepaste kerklike riglyne.<br>26.1.11 Die Ringsdiensraad bepaal hoe die gemeente pastoraal gedurende hierdie tyd ondersteun kan word. | 26.1.3 Indien daar onsekerheid is of dit 'n kriminele oortreding kan wees, word van die advies van regsgeleerdes gebruik gemaak oor die plek waar die saak hoort. Die kerkregkundige/kerkregdiensgroep word genader om gepaste inligting te verskaf.<br>26.1.4 Indien iemand in die siviele hof aangekla word, kan stuiting oorweeg word (vgl Reglement 22.5.1.), maar die geïmpliseerde word steeds pastoraal begelei.<br>26.1.5 Eers nadat die sekulêre hof 'n bevinding gemaak het, hanteer die gevolmagtigde Ringstugliggaam dit verder volgens die gepaste kerklike riglyne.<br>26.1.6 Die Ringsdiensraad bepaal hoe die gemeente pastoraal gedurende hierdie tyd ondersteun kan word. | |
| 26.2 **Appèlliggaam**<br>26.2.1 Die appèlliggaam bestaan uit 'n minimum van drie lede.<br>26.2.2 Die Ringsdiensraad dien as die ring se gevolmagtigde appèlliggaam, tensy 'n ander gevolmagtigde appèlliggaam deur die ring in sitting aangewys is (Reglement 23, Reglement vir Hersiening (Revisie, Appèl, Beswaarskrif (gravamen) en Prosedurele Beswaar).<br>26.2.3 Die tug-/appèlliggaam het die reg om verdere lede te koöpteer[10]. | ~~26.2 **Appèlliggaam**~~<br>~~26.2.1 Die appèlliggaam bestaan uit 'n minimum van drie lede.~~<br>~~26.2.2 Die Ringsdiensraad dien as die ring se gevolmagtigde appèlliggaam, tensy 'n ander gevolmagtigde appèlliggaam deur die ring in sitting aangewys is (Reglement 23, Reglement vir Hersiening (Revisie, Appèl, Beswaarskrif (gravamen) en Prosedurele Beswaar).~~<br>~~26.2.3 Die tug-/appèlliggaam het die reg om verdere lede te koöpteer[14].~~ | Reeds aanspreek in Artikel 65 en Reglement 23 |

[10] Dit is wenslik dat die skriba van die tug-/ondersoekliggaam die ringsdiensraad op hoogte hou van die vordering met die ondersoek.
[14] Dit is wenslik dat die skriba van die tug-/ondersoekliggaam die ringsdiensraad op hoogte hou van die vordering met die ondersoek.

| | | |
|---|---|---|
| 26.3 **Konsulent**<br>26.3.1 In geval van stuiting dra die konsulent dit aan die gemeente oor[11].<br>26.3.2 Die konsulent dien nie op die tugliggaam nie, maar staan die geïmpliseerde en die gemeente by.<br>26.3.3 Tydens die ondersoek van 'n plaaslike gemeente, woon die konsulent kerkraadsvergaderings by (Besluit Oostelike Sinode 2018). | 26.2 **Konsulent**<br>26.2.1 In geval van stuiting dra die konsulent dit aan die gemeente oor[15].<br>26.2.2 Die konsulent dien nie op die tugliggaam nie, maar staan die geïmpliseerde en die gemeente by.<br>26.2.3 Tydens die ondersoek van 'n plaaslike gemeente, woon die konsulent kerkraadsvergaderings by (Besluit Oostelike Sinode 2018). | Numering |
| **BEPALING 27 - Konstituering en ampsdraers van die ring**<br>27.3 Tydens 'n gewone vergadering van die ring word 'n nuwe Ringsdiensraad, bestaande uit minstens 'n voorsitter, ondervoorsitter en skriba, met sekundi wat in volgorde opgeroep kan word, vir 'n termyn van een jaar gekies. Dieselfde persone word nie vir meer as twee agtereenvolgende termyne in dieselfde hoedanigheid verkies nie. | **BEPALING 27 - Konstituering en ampsdraers van die ring**<br>27.3 Tydens 'n gewone vergadering van die ring word 'n nuwe Ringsdiensraad, bestaande uit minstens 'n voorsitter, ondervoorsitter en skriba, met sekundi wat in volgorde opgeroep kan word, vir 'n termyn van twee jaar gekies. Dieselfde persone kan vir 'n tweede agtereenvolgende termyn in dieselfde hoedanigheid verkies word. | Sinchroniseer met die tydperk van die Sinodevergaderings |
| **BEPALING 30 - Kerkvisitasie**<br>30.1 As familie versorg ons mekaar. Daarom reël die ring persoonlike visitasie by elke gemeente.<br>30.2 Die ring bepaal die aard en inhoud van die visitasie. Die visitatore gee, onder meer, aandag aan:<br>* verhoudings binne die gemeente; | **BEPALING 30 - Kerkvisitasie**<br>30.1 As familie versorg ons mekaar. Daarom reël die ring persoonlike visitasie by elke gemeente.<br>30.2 Die ring bepaal die aard en inhoud van die visitasie. Die visitatore gee, onder meer, aandag aan:<br>* verhoudings binne die gemeente; | |

[11] Met gemeente word nie net die kerkraad bedoel nie. Die konsulent dra die boodskap aan die kerkraad tydens 'n vergadering en die gemeente tydens 'n erediens oor.

[15] Met gemeente word nie net die kerkraad bedoel nie. Die konsulent dra die boodskap aan die kerkraad tydens 'n vergadering en die gemeente tydens 'n erediens oor.

| | | |
|---|---|---|
| * hoe dit met die predikante en gesin(ne) gaan;<br>* gemeentelike administrasie;<br>* finansies;<br>* verlof;<br>* dienskontrakte.<br>30.3 Die konsulent van die gemeente en 'n ouderling uit sy/haar gemeente tree as visitatore op.<br>30.4 Die visitatore ontmoet die predikant(-e) en die kerkraad by afsonderlike geleenthede.<br>30.5 Die voorsitter van die kerkraad tree by die ontmoeting van die visitatore met die kerkraad as voorsitter op, tensy die kerkraad anders besluit en die konsulent daartoe versoek. Die gemeente kan na hierdie ontmoeting uitgenooi word.<br>30.6 Die visitatore gee skriftelik aan die ring en kerkraad terugvoer. Die kerkraad gee aan die gemeente terugvoer.<br>30.7 Die ring bespreek die visitatore se terugvoer. | * hoe dit met die predikante en gesin(ne) gaan;<br>* gemeentelike administrasie;<br>* finansies;<br>* verlof;<br>* dienskontrakte.<br>~~30.3 Die konsulent van die gemeente en 'n ouderling uit sy/haar gemeente tree as visitatore op.~~<br>~~30.4 Die visitatore ontmoet die predikant(-e) en die kerkraad by afsonderlike geleenthede.~~<br>~~30.5 Die voorsitter van die kerkraad tree by die ontmoeting van die visitatore met die kerkraad as voorsitter op, tensy die kerkraad anders besluit en die konsulent daartoe versoek. Die gemeente kan na hierdie ontmoeting uitgenooi word.~~<br>30.3 Die visitatore gee ~~skriftelik~~ aan die ring en kerkraad terugvoer. Die kerkraad gee aan die gemeente terugvoer.<br>30.4 Die ring bespreek die visitatore se terugvoer. | Uitlating weens die onuitvoerbaarheid in die praktyk |
| **BEPALING 33 - Konstituering**<br>33.1 Die Sinodale Diensraad lei die vergadering.<br>33.2 Die voorsitter van die Sinodale Diensraad neem die konstituering en opening van die sinodesitting waar (Kyk Reglement OOS 1, Reglement van Orde). | ~~**BEPALING 33 - Konstituering**~~<br>~~33.1 Die Sinodale Diensraad lei die vergadering.~~<br>~~33.2 Die voorsitter van die Sinodale Diensraad neem die konstituering en opening van die sinodesitting waar (Kyk Reglement OOS 1, Reglement van Orde).~~ | Vervat in Reglemente |
| **BEPALING 36 - Projekspanne**<br>36.1 Die sinode werk projekmatig.<br>36.2 Projekte word volgens die sinode se proses bepaal.<br>36.3 Sake in die sinode se posbus word deur die Sinodale Diensraad oorweeg en geprioritiseer. | **BEPALING 36 - Taakspanne**<br>36.1 Die sinode werk deur middel van taakspanne.<br>36.2 Taakspanne word volgens die sinode se proses bepaal.<br>36.3 Sake in die sinode se posbus word deur die Sinodale Diensraad oorweeg en geprioritiseer. | Redaksioneel |

| | | |
|---|---|---|
| 36.4 Die Sinodale Diensraad wys projekspanne aan om die projekte uit te voer.<br>36.5 Die leiers van die projekspanne kan, indien nodig, tot die Sinodale Diensraad gekoöpteer word. | 36.4 Die Sinodale Diensraad wys taakspanne aan om die projekte uit te voer.<br>36.5 Die leiers van die taakspanne kan, indien nodig, tot die Sinodale Diensraad gekoöpteer word. | |
| **BEPALING 37 - Ondersteuning**<br>37.4 **'n Eiendomsdiensgroep wat**<br>37.4.1 die Sinode se eiendom in stand hou;<br>37.4.2 sorg dat hierdie eiendom opgradeer word. | **BEPALING 37 – Ondersteuning**<br>~~37.4 **'n Eiendomsdiensgroep wat**~~<br>~~37.4.1 die Sinode se eiendom in stand hou;~~<br>~~37.4.2 sorg dat hierdie eiendom opgradeer word.~~ | Deel van sinodale werksaamhede |
| **BEPALING 38 - Afvaardiging na die Algemene Sinode**<br>38.1 Afgevaardigdes na die Algemene Sinode (met sekundi) word, tydens die vergadering van die sinode voor die eersvolgende vergadering van die Algemene Sinode, uit die afgevaardigdes aangewys.<br>38.2. **Die benodigde aantal predikante word soos volg aangewys**:<br>38.2.1. Die sewe gelegitimeerde sinodale leiers (met sekundi).<br><br>38.3 **Die benodigde aantal ouderlinge/diakens (met sekundi) word soos volg aangewys**:<br>38.3.1 Die twee nie-gelegitimeerde sinodale leiers (met sekundi). | BEPALING 38 - **Afvaardiging na die Algemene Sinode**<br>38.1 Afgevaardigdes na die Algemene Sinode (met sekundi) word, tydens die vergadering van die sinode voor die eersvolgende vergadering van die Algemene Sinode, uit die afgevaardigdes aangewys.<br>**38.2. Die afvaardiging van gelegitimeerdes word soos volg aangewys:**<br>38.2.1. Die Voorsitter, Ondervoorsitter en vyf gelegitimeerde sinodale leiers (met sekundi) (REGLEMENT OOS-2: REGLEMENT VIR SINODALE DIENSRAAD, klousule 1).<br><br>**38.3 Die afvaardiging van kerkraadslede (met sekundi) word soos volg aangewys:**<br>38.3.1 Die twee nie-gelegitimeerde sinodale leiers (met sekundi) (REGLEMENT OOS-2: REGLEMENT VIR SINODALE DIENSRAAD, klousule 1). | (word onder Artikel 38 gevoeg)<br><br>Redaksioneel<br><br>Redaksioneel |

| | | |
|---|---|---|
| **BEPALING 47 - Sinodale eiendomme, goedere en fondse**<br>47.1 Sinodale fondse word deur Ondersteuningsdiens geadministreer. Die sinode/Sinodale Diensraad beskik oor alle fondse. | **BEPALING 47 - Sinodale eiendomme, goedere en fondse**<br>47.1 Sinodale fondse word deur ~~Ondersteuningsdiens~~ die Sinodehuis geadministreer. Die sinode/Sinodale Diensraad beskik oor alle fondse. | Verandering in struktuur |
| **Artikel 64**<br>*64.4 **Gelegitimeerdes***<br>*64.4.1 'n vermaning ter vergadering van die tugliggaam;*<br>*64.4.2 'n skriftelike waarskuwing deur die tugliggaam met verslag aan die werkgewer;*<br>*64.4.3 opskorting van legitimasie vir 'n vasgestelde tydperk met een of meer van die volgende maatreëls:*<br>*64.4.3.1 gedeeltelike of volle weerhouding van lewensonderhoud en toelaes deur die werkgewer. (Uitgawes wat direk met die nakoming van pligte te doen het, kan weerhou word.)*<br>*64.4.3.2 Indien die tugliggaam nie oortuig is van die egtheid van die berou nie, kan hierdie opskorting van legitimasie verleng word.*<br>*64.4.4 Verlies van legitimasie waarna die kerkraad verplig is om uitvoering te gee aan Artikel 12.*<br>*64.4.4.1 Hierdie verlies van legitimasie kan vir 'n vasgestelde tydperk of permanent wees.*<br>*64.4.4.1.1 In die geval van die tydelike verlies van bevoegdheid is die betrokkene weer beroepbaar na die verstryking van die vasgestelde tydperk.*<br>*64.4.4.1.2 In die geval van permanente verlies van bevoegdheid word die akte van legitimasie nietig verklaar* | **Artikel 64**<br>*64.4 **Gelegitimeerdes***<br>*64.4.1 'n vermaning ter vergadering van die tugliggaam;*<br>*64.4.2 'n skriftelike waarskuwing deur die tugliggaam met verslag aan die werkgewer;*<br>*64.4.3 opskorting van legitimasie vir 'n vasgestelde tydperk met een of meer van die volgende maatreëls:*<br>*64.4.3.1 gedeeltelike of volle weerhouding van lewensonderhoud en toelaes deur die werkgewer. (Uitgawes wat direk met die nakoming van pligte te doen het, kan weerhou word.)*<br>*64.4.3.2 Indien die tugliggaam nie oortuig is van die egtheid van die berou nie, kan hierdie opskorting van legitimasie verleng word.*<br>*64.4.4 Verlies van legitimasie waarna die kerkraad verplig is om uitvoering te gee aan Artikel 12.*<br>*64.4.4.1 Hierdie verlies van legitimasie kan vir 'n vasgestelde tydperk of permanent wees.*<br>*64.4.4.1.1 In die geval van die tydelike verlies van bevoegdheid is die betrokkene weer beroepbaar na die verstryking van die vasgestelde tydperk.* | |

| | | |
|---|---|---|
| *64.4.5 Kennisgewings word in beide gevalle aan die Algemene Taakspan Predikantesake gegee.* | *64.4.4.1.2 In die geval van permanente verlies van bevoegdheid word die akte van legitimasie nietig verklaar*<br>*64.4.5 Kennisgewings word in beide gevalle aan die Algemene Taakspan Predikantesake gegee.*<br><br>**Riglyn – Vasgestelde tydperk**<br>'n Vasgestelde tydperk volgens Artikels 64.4.3 en 64.4.4.1 en 64.4.4.1.1 word bedoel nie langer as 6 maande vanaf die datum van die toepassing van die opskorting of verlies van legitimasie. | Die oop mandaat te beperk in tugsake. |

## 16.2 REGLEMENT OOS-3: REGLEMENT VIR DIE HANTERING VAN ARGIVALIA EN REGISTERS

### 16.2.1 Agtergrond

Die huidige Reglement Oos-3 vergelyk eerder met 'n kort proseduredokument vir registers as 'n argiefreglement. Die meeste van die huidige inhoud fokus op Winkerk, BackUp Buddy en die jaarlikse trek van registers, terwyl die groter verantwoordelikhede van gemeentes, ringe en die sinode rondom argiefbestuur nie werklik aangespreek word nie.

In die benadering tot die nuwe weergawe van Reglement OOS 3 is die volgende uitgangspunte gebruik.

- Om verantwoordelikhede vas te lê van gemeentes, ringe en sinode;
- die minimum vereistes te bepaal;
- die sinode se werkswyse te beskryf;
- te verwys na die amptelike riglyne;
- nie die volledige prosedures te herhaal nie.

### 16.2.2 Aanbeveling:

Die Sinode keur die nuwe weergawe van Reglement Oos-3 goed vir opname in die Familiereëls

**REGLEMENT OOS-3: REGLEMENT VIR REKORDBESTUUR, ARGIVALIA EN REGISTERS**

**DOEL**

1.1 Die doel van die argiefdiens is om die geheue van die kerk te bewaar, die kerk se administratiewe, historiese en regsaangeleenthede te beskerm en die getuienis van God se werk deur die kerk vir toekomstige geslagte te ontsluit.

1.2 Die Oostelike Sinode onderhou 'n sinodale argiefbewaarplek vir die versameling, bewaring, ontsluiting en beskikbaarstelling van argivalia volgens die goedgekeurde riglyne/beleide van die Algemene Sinode.

1.3 Rekordbestuur, registerbestuur en argiefwerk vorm deel van verantwoordelike rentmeesterskap en ondersteun goeie kerklike administrasie, historiese bewaring, navorsing en wetlike nakoming.

**2. RIGLYNE/BELEIDE EN BESKIKBARE DOKUMENTE**

2.1 Die die volgende goedgekeurde riglyne / beleide is beskikbaar op die Sinode se webblad:

2.1.1 Riglyne vir die Hantering van Argief- en Museummateriaal.

2.1.2 Riglyne vir die Hantering van Registers.

2.1.3 Riglyn vir die Insameling van Argivalia.

2.1.4 Beleid vir Argiefbewaarplekke van die NG Kerk.

2.1.5 Riglyne met minimum vereistes vir die Bewaring en Vernietiging van Dokumente.

2.1.6 PAIA- en POPIA-handleidings.

2.1.7 Voorgeskrewe Inventarisvorms.

2.1.8 Vorm vir verklaring van lidmaatskap / lidmaatskap deur lidmate van 'n ander kerkgenootskap

2.1.9 Vorm vir aansoek om wysiging / verandering van lidmaatinligting.

2.1.10 Kontrolelyste vir die nasien van registerinskrywings.

2.2 Hierdie dokumente moet saam met hierdie reglement gelees word.

**3. VERANTWOORDELIKHEDE VAN GEMEENTES**

3.1 Elke kerkraad bly verantwoordelik vir die behoorlike bestuur, bewaring en beskerming van die gemeente se rekords en argivalia.

3.2 Kerkrade moet toesien dat:
3.2.1 notules, agendas, bylaes, registers en ander belangrike dokumente veilig bewaar word;
3.2.2 'n doelmatige rekord- en liasseerstelsel in stand gehou word;
3.2.3 aan die vereistes van PAIA en POPIA voldoen word;
3.2.4 doop- en belydendelidmaatregisters deurlopend op datum gehou word volgens die goedgekeurde riglyne en jaarliks gekontroleer word as volledig en korrek;
3.2.6 redelike maatreëls tref om elektroniese lidmaatdata en ander persoonlike inligting veilig te bewaar en teen ongemagtigde toegang, verlies of vernietiging te beskerm.
3.2.7 statistiese inligting jaarliks aan die Sinodehuis voorsien word;
3.2.8 'n inventaris van dokumente jaarliks hersien en bygewerk word;
3.2.9 historiese dokumente, foto's, publikasies, en ander materiaal van historiese waarde te identifiseer en verantwoordelik te bewaar;
3.2.10 die Riglyne vir die bewaring en vernietiging van dokumente gevolg word;
3.3 Kerkrade word aangemoedig om oorspronklike doop- en belydende lidmaatregisters vir veilige bewaring by die Oostelike Sinode se argief in te handig. Hierdie registers vorm 'n belangrike deel van die kerk se geskiedenis en erfenis en word onder gepaste bewaringsomstandighede bewaar.
3.4 Gemeentes moet die Sinodehuis deurlopend in kennis stel van verandering van:

- predikante;
- personeel soos skribas; administratiewe personeel;
- kontakbesonderhede soos kontaknommers; e-posadresse en posadresse;
- webwerwe en amptelike sosialemediakanale;
- ander amptelike gemeentebesonderhede.

## 4. VERANTWOORDELIKHEDE VAN RINGE

4.1 Elke ring is verantwoordelik vir die bestuur, bewaring en beskerming van sy eie rekords en argivalia.
4.2 Die ring moet toesien dat:
4.2.1 agendas, notules, bylaes en ondersteunende dokumente veilig bewaar word;
4.2.2 aan die vereistes van PAIA en POPIA voldoen word;
4.2.3 'n inventaris van dokumente jaarliks hersien en bygewerk word;
4.2.4 opgedateerde kontakbesonderhede aan die Sinodehuis voorsien word;

4.2.5 ringstukke wat nie meer vir operasionele doeleindes benodig word nie, volgens die goedgekeurde riglyne aan die sinodale argief beskikbaar gestel word.

## 5. VERANTWOORDELIKHEDE VAN DIE SINODE

5.1 Die Sinodehuis bestuur die sinodale argiefbewaarplek namens die Oostelike Sinode.
5.2 Die Oostelike Sinode volg 'n gedesentraliseerde benadering tot rekord- en argiefbestuur waar:
5.2.1 Gemeentes en ringe verantwoordelik is vir die bestuur en bewaring van hul eie rekords en argivalia;
5.2.2 Die Sinodehuis advies en ondersteuning aan gemeentes en ringe bied rakende rekordbestuur, registers en argiefsake.
5.3 Die Sinodehuis ontvang, bestuur en bewaar argivalia van die Oostelike Sinode, insluitende notules, bylaes en ondersteunende dokumente van die Sinodale Diensraad / diensgroepe / taakspanne en kommissies;
5.4 Die Sinodehuis versamel en bewaar jaarliks statistiese gegewens;
5.5 Die Sinodehuis verskaf opleiding, handleidings en hulpmiddels rakende rekordbestuur, argiefbestuur en registers en ondersteun gemeentes en ringe met die implementering van goedgekeurde riglyne en beleid.

## 6. DOOP- EN BELYDENDE LIDMAATREGISTERS

6.1 Die Oostelike Sinode gebruik 'n goedgekeurde elektroniese stelsel (Winkerk) vir die bestuur en bewaring van lidmaatinligting.
6.4 Jaarlikse elektroniese lidmaatregisters afskrifte word deur die Sinodehuis vanuit hierdie stelsel getrek.
6.4.1 Jaarlikse elektroniese lidmaatregisters afskrifte moet, in die geval waar gemeentes nie die goedgekeurde elektroniese stelsel gebruik nie, steeds in 'n soortgelyke formaat aan die Sinodehuis voorsien word.

## 8. PAIA EN POPIA

8.1 Gemeentes, ringe en die sinode moet voldoen aan die vereistes van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting (Wet 2 van 2000) en die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (Wet 4 van 2013).
8.2 Elke kerkraad moet 'n verantwoordelike persoon of inligtingsbeampte aanwys en toesien dat die nodige registrasies en opdaterings ingevolge wetgewing gedoen word.
8.4 Persoonlike inligting van lidmate, werknemers, ampsdraers en ander betrokkenes moet verantwoordelik versamel, bewaar, gebruik en vernietig word volgens die bepalings van POPIA.
8.5 Die Oostelike Sinode en ringe verwerk lidmaat- en statistiese inligting wat deur gemeentes voorsien word binne die raamwerk die bepalings van POPIA.

8.6 Die Sinodehuis stel riglyne, vorms en ondersteunende dokumentasie beskikbaar om gemeentes en ringe te help om aan die vereistes van PAIA en POPIA te voldoen.

## 9. ARGIVALIA VAN HISTORIESE WAARDE

9.1 Die Oostelike Sinode moedig gemeentes en ringe aan om hul eie geskiedenis en erfenis verantwoordelik te dokumenteer, te bewaar en vir toekomstige geslagte toeganklik te maak.

## 16.3 Beskrywingspunt van die Ring van Lydenburg: Aansoek tot verdeling van sinode

**BESKRYWINGSPUNT**

Sinodale Diensraad
Oostelike Sinode

**9 Mei 2026**

Die Uitvoerende Amptenaar
Oostelike Sinode

**OPSKRIF VIR BESKRYWINGSPUNT:** Aansoek tot Verdeling van Sinode

**FORMULERING:**

Die Sinode besluit:
1. Dat die Sinode in beginsel erken dat die hergroepering van gemeentes binne die Oostelike Sinode tot meer as een sinodale eenheid 'n kerkordelik toelaatbare opsie is, soos ook histories toegepas is by die vorming van die Sinode van Oos-Transvaal (1975-1979).
2. Dat die Sinode ruimte skep vir gemeentes van die Ring van Lydenburg en ander gemeentes wat daarvoor aansoek doen om, ingevolge Artikel 32 van die Kerkorde, 'n nuwe Streeksinode te vorm, in die lig van die vasgelooptheid van Skrifinterpretasies binne die huidige kerkverband, soos erken in die Algemene Sinode se besluite van 2019 en 2023 en die Oostelike Sinode se besluite van 2021.
3. Dat die Sinode die administratiewe erkenning en hantering van hierdie besluit aan die Sinodale Diensraad in samewerking met die Ringsdiensraad van die Ring van Lydenburg opdra. Dit word gedoen met die begrip dat finale administratiewe stappe in gesprek met die Algemene Sinodale Moderamen geneem sal word, soos histories gedoen is by die vorming van die Sinode van Oos Transvaal (1975-1979).
4. Dat die Sinode bevestig dat Artikel 32 van die Kerkorde voorsiening maak vir die groepering van gemeentes op grond van geografiese eenheid (Art. 32.1), sowel as vir gemeentes wat nie geografies saamval nie maar aansoek doen om deel te wees van 'n bepaalde sinodale eenheid (Art. 32.2).
5. Dat die Sinode erken dat voorlopige ooreenkomste tussen sinodes, soos toegepas by die 1978 buitengewone sitting van die Sinode Noord-Transvaal, 'n geskikte meganisme is om personeel, administrasie en gemeenskaplike werksaamhede tydens 'n oorgangsfase te beskerm, en om die te stigte sinode geleentheid te bied om 'n administratiewe stelsel te ontwikkel.
6. Dat die Sinode die Sinodale Diensraad opdrag gee om hierdie proses administratief te erken en in samewerking met die Ringsdiensraad van die Ring van Lydenburg uit te voer.

**ARTIKELS EN BESLUITE WAARNA VERWYS WORD:**

Artikel 32
32.1 Die sinode word saamgestel uit afgevaardigdes van gemeentes wat geografies 'n eenheid vorm en maklik vergader. Die groepering kan deur die Algemene Sinode/Algemene Sinodale Moderamen gewysig word op versoek en met goedkeuring van die betrokke sinode(s)/moderamen(s)/sinodale kommissie(s).19

32.2 Gemeentes wat by 'n ander sinode wil inskakel, doen aansoek by beide sinodes/moderamens/sinodale kommissies wat dit oorweeg aan die hand van prosedures soos deur die Algemene Sinode/Algemene Sinodale Moderamen in oorleg met die Algemene Taakspan Regte vasgestel is. Indien beide die betrokke sinodes/moderamens/sinodale kommissies die aansoek goedkeur, word dit aan die Algemene Sinode/Algemene Sinodale Moderamen voorgelê vir goedkeuring.

Notules van die Noord Transvaal Sinode
1. 1975 – Beskrywingspunt 1.6 (pp. 365, 439, 468)
2. 1979 – (pp. 612-616)

Agenda van die Noord Transvaal Buitengewone Sinodesitting 1978 (Handel oor die Verdeling van Noord-Transvaal en Oos Transvaal Sinodes)

**MOTIVERING**:

Die Oostelike Sinode het tydens die Buitengewone Sinodesitting van 2021 erken dat die Algemene Sinode se 2019-besluit oor selfdegeslagverhoudings die kerk op 'n punt van **vasgelooptheid** gebring het. Hierdie vasgelooptheid is nie bloot 'n meningsverskil nie, maar 'n strukturele impasse waarin die bestaande sinodale raamwerk nie meer die uiteenlopende Skrifverstaan binne die kerkverband kan dra nie.

**Vasgelooptheid** beteken dat verskillende partye by 'n onoplosbare punt gekom het waar daar nie meer ander roetes oor is nie. In effek beteken vasgelooptheid dat daar nie meer 'n gemeenskaplike pad vorentoe bestaan nie. Die natuurlike uitkomste van vasgelooptheid is goed bekend:
1. dat een party toegee – onwaarskynlik waar albei partye oortuig is dat hulle Skrifgetrou optree,
2. dat die partye in die vasgelooptheid bly en die organisasie disfunksioneel raak – waar spanning opbou, besluite onwerkbaar word en legitimiteit verlore gaan, of
3. dat die partye **herorganiseer in aparte strukture** — nie as vyande nie, maar as 'n gesonde en ordelike uitkoms wanneer 'n stelsel nie meer die spanning kan dra nie.

Die NG Kerk beleef hierdie vasgelooptheid reeds aan alle kante van die spektrum. Gemeentes met uiteenlopende Skrifverstaan ervaar dat hulle nie langer in dieselfde sinodale raamwerk kan funksioneer sonder voortdurende spanning, seerkry en onsekerheid nie. Die Algemene Sinode se besluite van 2019 en 2023 bevestig self dat daar geen konsensus oor hierdie sake bestaan nie en dat gemeentes self moet kies. Hierdie erkenning skep egter nie 'n werkbare pad vorentoe vir gemeentes wat nie hul weg oopsien om binne die huidige verband te bly nie.

Die Oostelike Sinode het in 2021 onderneem om gemeentes wat nie langer deel van die Algemene Sinode kan wees nie, te help om 'n ordelike pad te vind. Die Sinodale Diensraad het gevolglik die verantwoordelikheid ontvang om moontlike roetes te ondersoek. Die geskiedenis van die NG Kerk toon dat sulke hergroepering nie net moontlik is nie, maar reeds suksesvol toegepas is — soos by die vorming van die Sinode van Wes Transvaal (1972) en die verdeling van die Sinode van Oos Transvaal (1979). In hierdie gevalle is Artikel 32 van die Kerkorde gebruik om gemeentes te hergroepeer, en is voorlopige ooreenkomste gesluit om administrasie, gemeenskaplike werksaamhede en Koninkrykswerk te beskerm.

Die huidige vasgelooptheid in die NG Kerk bied aan die Oostelike Sinode 'n

**geleentheid** om 'n pad van vrede, ordelikheid en ruimte te skep — nie deur skeuring te bevorder nie, maar deur te erken dat gemeentes met verskillende Skrifverstaan nie noodwendig in dieselfde sinodale struktuur kan voortgaan nie. Deur gemeentes toe te laat om 'n nuwe Streeksinode te vorm, skep die Oostelike Sinode 'n gesonde alternatief wat spanning verlig, seerkry beperk en die eenheid van die liggaam van Christus eerbiedig deur eerlike verskille ordelik te akkommodeer.

Hierdie beskrywingspunt vra dat die Oostelike Sinode 'n geloofstap sal neem om sodoende die huidige spanning voortspruitend uit die vasgelooptheid kreatief op te los. Dit vra dat die Sinode **ruimte skep**, **erkenning gee** en die **administratiewe hantering** van die proses aan die SDR opdra — in lyn met historiese presedente en die Kerkorde. Só word 'n pad oopgemaak vir gemeentes om in vrede en met integriteit hul roeping uit te leef, terwyl die Oostelike Sinode 'n voorbeeld stel van hoe vasgelooptheid op 'n gesonde, ordelike en Christelike wyse hanteer kan word.

Ds. Johan (JPT) Koen (snr)
Ringsvoorsitter
Ring van Lydenburg

Ds. Johan (JPT) Koen (jnr)
Ringskriba
Ring van Lydenburg

### 16.3.1 Die Kerkregdiensgroep se verslag ten opsigte van die beskrywingspunt van die Ring van Lydenburg

## 1. Inleiding

1.1 Die kerkregdiensgroep (KRDG) het die beskrywingspunt saam met 'n begeleidende brief vanaf die Uitvoerende Amptenaar ontvang. Die beskrywingspunt het voldoen aan al die vereistes soos in 9.1 van die *"Riglyne vir die opstel van 'n beskrywingspunt"* vereis word (hieronder aangeheg).

**'n Beskrywingspunt volgens Reglement Oos-1: Reglement van Orde**

**9. RIGLYNE VIR DIE OPSTEL VAN 'n BESKRYWINGSPUNT**

9.1 'n Beskrywingspunt word skriftelik per begeleidende brief op die voorgeskrewe vorm deur 'n kerkraad of ring minstens drie maande voor die aanvang van 'n sinodesitting, by die skriba van die Sinodale Diensraad ingedien. Die voorgeskrewe vorm word in die Familiereëls gevind.

9.2 Indien 'n beskrywingspunt later ingedien word, moet die sinode toestemming gee of dit gaan dien, aldan nie.

9.3 Tydens die sinodesitting self, mag 'n afgevaardigde ook 'n beskrywingspunt indien. Die sinode gee toestemming of dit gaan dien, aldan nie.

| | |
|---|---|
| 9.4 | Daar word aangedui watter kerkvergadering die beskrywingspunt indien. |
| 9.5 | Ter wille van administrasie word skribas versoek om "Beskrywingspunte" op afsonderlike bladsye in te dien. |
| 9.6 | Dit word van 'n kort samevattende opskrif voorsien. |
| 9.7 | Dit word so geformuleer dat die sinode by die lees daarvan sonder enige moeite sal weet presies wat die beskrywingspunt vra, sê of bedoel. |
| 9.8 | Dit word, waar enigsins moontlik, van 'n motivering vergesel. |
| 9.9 | Dit bevat 'n duidelike verwysing na 'n betrokke sinodebesluit, Artikel, Bepaling of Reglement, indien die beskrywingspunt 'n voorstel vir die hersiening (revisie) van 'n sinodebesluit of bepaling behels. |
| 9.10 | Dit moet positief gestel word sodat elke afgevaardigde presies sal weet waarvoor hy/sy stem wanneer "Ja" of "Nee" gestem word. |
| 9.11 | Indien die beskrywingspunt kerkordelike implikasies het, word dit na die Kerkregdiensgroep verwys om die sinode met die beste advies te dien voordat 'n finale besluit geneem word. |

| | |
|---|---|
| **10.** | **DIE PROSES VERLOOP SOOS VOLG:** |
| 10.1 | 'n Kerkvergadering stel 'n beskrywingspunt op en stuur dit na die Sinodale Diensraad. |
| 10.2 | Die Sinodale Diensraad ontvang die Beskrywingspunt en die Uitvoerende Amptenaar verwys dit na die toepaslike Taakspan/Diensgroep op wie se terrein die saak lê, om te hanteer, vir verslag aan die volgende sinodesitting. |
| 10.3 | Die Taakspan/Diensgroep ontmoet die opstellers van die beskrywingspunt om hulle daaroor toe te lig.[16] |
| 10.4 | Die Taakspan/Diensgroep behandel daarna die Beskrywingspunt en stel 'n verslag met aanbevelings op wat voor die Sinode dien. |
| 10.5 | Die verslae van die Sinode se Taakspan/Diensgroep wat die Beskrywingspunt vooraf hanteer het, is bedoel om die Sinode te help om ingeligte en weldeurdagte besluite te neem. |
| 10.6 | Die Sinode het die verantwoordelikheid om die verslae deeglik te oorweeg en kan ook die verslae wysig indien nodig. |
| 10.7 | Die Taakspan/Diensgroep stuur ook die oorspronklike Beskrywingspunt na die sinodesitting vir kennisname. |

[16] Die Taakspan / Diensgroep stel vas of die beskrywingspunt aan al die kerkordelike vereistes voldoen om as beskrywingspunt by die sinode te dien (vgl. tyd, formaat en inhoud). Die riglyne soos hier uiteengesit word dan as riglyn gebruik.

| | |
|---|---|
| 10.8 | Tydens sinodesittings doen die tydelike kommissies aanbeveling oor Beskrywingspunte wat deur die Sinode of agendataakspan na hulle verwys is. |
| 10.9 | Die vergadering van Oostelike Sinode bespreek die aanbevelings volgens die gewone reëls van vergaderings, hanteer amendemente indien nodig en neem 'n besluit (*Reglement van Orde van die Algemene Sinode, Kerkorde 2023, Reglemente 4 en 8; Agenda en Handelinge Oos-Transvaal 1991, bladsy 33-54, 300*). |

Die Beskrywingspunt bevat ses voorstelle.

Die taak van die KRDG is daarom om die voorgestelde besluite aan die hand van die Familiereëls 2024 te beoordeel. Elke voorstel van die beskrywingspunt is soos volg benader:

- Die voorstel is ter tafel geneem
- Die voorstel is beoordeel
- 'n Gevolgtrekking is gemaak
- 'n Aanbeveling word voorgehou vir besluitname

Die KRDG erken dat die Beskrywingspunt 'n belangrike kerkregtelike en ekklesiologiese vraagstuk aan die orde stel. Dit gaan nie bloot oor administratiewe herindeling nie, maar oor die vraag hoe die kerk, te midde van diepgaande verskille in Skrifverstaan en kerkordelike praktyk, die eenheid van die kerk kan bewaar en terselfdertyd ruimte kan skep vir verskille.

Die KRDG is egter van oordeel dat daar 'n duidelike onderskeid gemaak moet word tussen:

1. die algemene kerkordelike moontlikheid van hergroepering van gemeentes,
2. 'n konkrete besluit om die bestaande sinodale verband te verdeel,
3. die vorming van 'n nuwe sinodale eenheid, en
4. die administratiewe uitvoering van sodanige besluit.

Hierdie onderskeid is noodsaaklik omdat die Familiereëls self die bevoegdhede en prosedures rondom sinodale groepering bepaal.

1.2 Die KRDG het uitvoering gegee aan 10.3 van die Reglement van Orde van die Familiereëls 2024 om die opstellers van die beskrywingspunt te ontmoet om hulle daaroor toe te lig. Die doelwit hiermee was om vas te stel of die beskrywingspunt aan al die kerkordelike vereistes voldoen om as beskrywingspunt by die sinode te dien (vgl. tyd, formaat en inhoud). Die riglyne soos hier uiteengesit word dan as riglyn gebruik. Die KRDG het die opstellers ruim geleentheid gegee om gehoor te word, waarna die KRDG sekere kerkordelike knelpunte uitgelig het, wat ook voorts in die verslag beredeneer word.

1.3 Die KRDG het in sy beoordeling van die beskrywingspunt soos volg gehandel:

1.3.1 Die vraag na die ontvanklikheid van die beskrywingspunt word kerkordelik beredeneer.

1.3.2 Indien die Sinode oordeel dat die beskrywingspunt ontvanklik is, word elke voorstel van die beskrywingspunt beredeneer, waarna aanbevelings ter tafel lê.

## 2. Die beoordeling van die beskrywingspunt

### 2.1 Is die beskrywingspunt kerkordelik ontvanklik?

Die eerste wesenlike beoordeling van die KRDG gaan oor die vraag na die inhoudelike ontvanklikheid van die beskrywingspunt volgens die riglyne vir die opstel van 'n beskrywingspunt (punt 9- soos hierbo aangeheg). Die KRDG beoordeel soos volg:

*"Riglyne vir die opstel van 'n beskrywingspunt"* (aangeheg hierbo) beteken dat die opstellers van die beskrywingspunt hierdie riglyne in ag moes neem om seker te maak dat aan die kerkordelike vereistes voldoen is. Indien die opstellers nie hierdie riglyne inaggeneem het nie, is die ontvanklikheid van die beskrywingspunt kerkordelik op die spel.

Die vraag is: Het die inhoud van die beskrywingspunt voldoen aan riglyn 9.9 wat lui:

> *9.9 Dit bevat 'n duidelike verwysing na 'n betrokke sinodebesluit, Artikel, Bepaling of Reglement, indien die beskrywingspunt 'n voorstel vir die hersiening (revisie) van 'n sinodebesluit of bepaling behels.*

In 2024 was daar reeds 'n soortgelyke beskrywingspunt met die opskrif *"Afstigting van Sinode."* hanteer. Aangeheg 'n uittreksel uit die agenda van die 2024 Sinodesitting.

***8.3.1 Die beskrywingspunt van die NG Gemeente Burgersfort***

***8.3.1.1 Beskrywingspunt***

***OPSKRIF VIR BESKRYWINGSPUNT**: Afstigting van Sinode*

***FORMULERING:***

*Die Sinode besluit:*

1. *Om gemeentes wat daarvoor aansoek doen, toe te laat om as 'n nuwe Sinode af te stig op grond van die onversoenbare Skrifinterpretasies binne die Kerkverband.*
2. *Om die afhandeling van die afstigting en sake wat daarmee verband hou aan die SDR op te dra om met die ASM te finaliseer.*
3. *Dat die nuwe Sinode saamgestel word uit gemeentes wat 'n geografiese eenheid vorm (Art 32.1) sowel as gemeentes wat nie geografies 'n eenheid vorm nie, maar aansoek doen om deel van die nuwe geografies bepaalde Sinode te wees (Art 32.2).*
4. *Dat daar 'n aanvanklike vyf jaar ooreenkoms tussen die Oostelike Sinode en die ter stigte Sinode gesluit word om sekuriteit te verleen aan die personeel en gemeenskaplike werksaamhede en die ter stigte Sinode geleentheid te bied om 'n administratiewe stelsel te ontwikkel.*
5. *Dat hierdie as 'n prioriteit hanteer moet word.*

***ARTIKEL WAARNA VERWYS WORD:***

*Artikel 32*

*32.1 Die Sinode word saamgestel uit afgevaardigdes van gemeentes wat geografies 'n eenheid vorm en maklik vergader. Die groepering kan deur die Algemene Sinode/Algemene Sinodale Moderamen gewysig word op versoek en met goedkeuring van die betrokke Sinode(s)/moderamen(s)/sinodale kommissie(s).*

*32.2 Gemeentes wat by 'n ander Sinode wil inskakel, doen aansoek by beide Sinodes/moderamens/sinodale kommissies wat dit oorweeg aan die hand van prosedures soos deur die Algemene Sinode/Algemene Sinodale Moderamen in oorleg met die Algemene Taakspan Regte vasgestel is. Indien beide die betrokke Sinodes/moderamens/sinodale kommissies die aansoek goedkeur, word dit aan die Algemene Sinode/Algemene Sinodale Moderamen voorgelê vir goedkeuring.*

***MOTIVERING:***

1. *Oostelike Sinode het reeds tydens die 2021 Buitengewone Sitting (BSS) bevestig dat die 2019 SGV besluit van die AS die kerk op 'n vasgeloopte plek gebring het.*

2. *Tydens Oostelike Sinode se 2022 Sitting is 'n proses goedgekeur om die planting van 'n nuwe kerkverband te ondersoek wat aan gemeentes wat nie meer langer deel van die Algemene Sinode wil wees nie 'n geleentheid sou skep om 'n alternatiewe kerkverband te vind. Hierdie proses was tydens die reses ondersoek en daar is besef dat dit nie werkbaar is nie weens verskeie Kerkordelike haakplekke.*
3. *Tydens 2021 se BSS het Oostelike Sinode onderneem om gemeentes wat nie hulle weg oopsien om langer deel van die Algemene Sinode te wees nie te help om uit verband te tree.*

*Handtekening: Johan Koen (Snr)*

*Hoedanigheid: Voorsitter van Kerkraad*

*Naam van Gemeente: Burgersfort Gemeente*

Die NG Gemeente Burgersfort het gevra:

- dat gemeentes toegelaat word om as 'n nuwe sinode af te stig,
- dat die SDR die afhandeling met die ASM finaliseer,
- dat die nuwe sinode ingevolge Artikel 32 saamgestel word,
- dat 'n vyfjaar-ooreenkoms tussen die twee sinodes gesluit word, en
- dat dit 'n prioriteit word.

Die voorstel is nie goedgekeur nie. Die *"Handelinge"* van die 2024-beskrywingspunt lui soos volg:

**33.3.2 Die beskrywingspunt van die NG Gemeente Burgersfort**

Ds Willem Esterhuizen lees die beskrywingspunt, soos in die Agenda, aan die vergadering voor. Ds Johan Koen (snr), NG Gemeente Burgersfort, tafel 3, gee toeligting namens die gemeente. Ds Esterhuizen hou die aanbeveling van die Kerkregdiensgroep aan die vergadering voor. Die vergadering kry ruim tyd om aan die gesprek rondom die beskrywingspunt deel te neem. Nadat ds Koen die geleentheid tot repliek gebruik, gaan die vergadering oor tot stemming met behulp van die rooi en groen kaarte. Die tafelleiers doen 'n opname van die aantal stemme vir en teen die besluit aangesien die sigbare verskil tussen die aantal rooi en groen kaarte moeilik te onderskei is. Die vergadering beslis oor die voorstel van die Kerkregdiensgroep met 'n meerderheid ten gunste van die besluit van die Kerkregdiensgroep.

**BESLUIT 12/SINOOS/10/2024**

Die Sinode keur die aanbeveling van die KRDG dat die Sinode kennis neem van die beskrywingspunt van NG Gemeente Burgersfort, goed.

**GOEDGEKEUR**

Die 2026-beskrywingspunt is dus nie 'n nuwe probleem wat vir die eerste keer aan die Sinode voorgehou word nie. Dit is inhoudelik 'n heraanbieding van dieselfde basiese kerkregtelike pad. Die Sinode het in 2024 reeds oor dieselfde fundamentele kerkregtelike vraag besin en die voorgestelde weg nie aanvaar nie. Die 2026-beskrywingspunt moet daarom nie behandel word asof daar geen voorgeskiedenis oor dieselfde saak bestaan nie.

Die 2024-beskrywingspunt se motivering het erken dat die proses wat sedert die 2022-besluit ondersoek is, uiteindelik as nie werkbaar weens verskeie kerkordelike haakplekke beskou is. Maar die 2026-beskrywingspunt kom nou terug met 'n soortgelyke konstruksie en beroep hom weer op dieselfde Artikel 32.

Die vraag ontstaan: *Wat het tussen 2024 en 2026 kerkordelik verander wat maak dat dieselfde basiese voorstel nou wel uitvoerbaar is?* Artikel 32 is gewysig, maar die wysiging het nie aan die Oostelike Sinode of SDR die bevoegdheid gegee om 'n nuwe sinode te skep nie. Die nuwe Artikel 32 het juis 'n gestruktureerde proses geskep vir gemeentes wat by ander sinodes wil inskakel.

Die Algemene Sinode het in 2023 Artikel 32 gewysig, maar die implementering daarvan is uitdruklik opgeskort totdat 'n prosedure deur die ASM in oorleg met die ATR ontwikkel en goedgekeur is. Daardie prosedure is uiteindelik deur die ASM se vergadering van 29–31 Oktober 2024 goedgekeur en het vanaf 1 November 2024 gegeld. Dit is dus baie moeilik om in 2026 te beweer dat Artikel 32 ons toelaat om self 'n nuwe sinode te skep. Die prosedure wat ná die 2023-besluit ontwikkel is, wys eerder presies die teenoorgestelde, naamlik dat die proses sterk gesentraliseer is rondom die betrokke gemeentes, die betrokke sinodes en uiteindelik die Algemene Sinode/ASM.

Wat het sedert 2024 verander wat die kerkordelike gevolgtrekking nou anders maak? As daar geen nuwe kerkordelike grondslag is nie, is die Sinode geregtig om te vra: *Waarom moet die Sinode dieselfde basiese voorstel weer aanvaar nadat dit twee jaar gelede nie aanvaar is nie?*

Die 2024-besluit, ingevolge waarvan die stigting van 'n nuwe sinode nie goedgekeur is nie, is 'n bestaande besluit van die Oostelike Sinode. Indien die Ring van Lydenburg van oordeel is dat daar nuwe gronde bestaan waarom daardie besluit heroorweeg behoort te word, behoort dit deur die toepaslike hersieningsproses hanteer word (Reglement Oos-1, klousule 11).

Die huidige Beskrywingspunt kan nie self as 'n revisie van die 2024-besluit beskou word nie juis omdat die 2026 Beskrywingspunt enigsins verwys na die 2024-besluit soos riglyne 9.9 hierbo vereis nie. Die twee sake behoort daarom kerkregtelik duidelik van mekaar onderskei te word.

Die KRDG oordeel dat die Beskrywingspunt in sy huidige vorm nie kerkordelik vatbaar is vir bespreking en besluitneming nie. Die redes hiervoor is:

a) Die Ring van Lydenburg moes eerder die 2024-besluit op hersiening geneem het soos riglyn 9.9 vereis.

b) Verder het die KRDG die Ring van Lydenburg hiervan vooraf mondelings in hulle toeligting van die beskrywingspunt in kennis gestel, asook na sy beoordeling van die beskrywingspunt 'n skriftelik advies gerig om hersiening van die 2024-besluit te neem voor die agenda van hierdie sinode gedruk is. Die Ring van Lydenburg het ongelukkig nie hiervan gebruik gemaak nie.

## 3. Die KRDG se beoordeling van die ses voorstelle

### Voorstel 1: Hergroepering as kerkordelike moontlikheid

Die Ring van Lydenburg stel voor dat die Oostelike Sinode in beginsel erken dat gemeentes binne die Oostelike Sinode in meer as een sinodale gebied hergroepeer kan word. Die Ring beroep hom onder andere op die historiese vorming van die Sinode van Oos-Transvaal.

**Reaksie van die KRDG**

Die Kerkregdiensgroep oordeel dat Artikel 32 wel ruimte laat vir die hergroepering van gemeentes binne sinodale verband. Die bestaan van sodanige kerkordelike moontlikheid kan derhalwe nie ontken word nie. Daar moet egter 'n belangrike onderskeid gemaak word tussen die erkenning van 'n algemene kerkordelike moontlikheid en die goedkeuring van 'n bepaalde verdeling van die Oostelike Sinode.

Artikel 32.1 bepaal dat die sinode saamgestel word uit afgevaardigdes van gemeentes wat geografies 'n eenheid vorm en maklik kan vergader. Dit bepaal verder dat sodanige groepering deur die Algemene Sinode/Algemene Sinodale Moderamen gewysig kan word op versoek en met goedkeuring van die betrokke sinode(s), moderamen(s) of sinodale kommissie(s). Artikel 32.2 bevat 'n verdere prosedure vir gemeentes wat by 'n ander sinode wil inskakel.

Die historiese dokumentasie wys juis dat die hergroepering van 1979 nie bloot 'n besluit van een streeksinode en sy administratiewe liggaam was nie. Die historiese proses het onder meer vereis dat volgens Artikel 32 toestemming deur die Algemene Sinode gevra en

verleen word vir die hergroepering. Dit is dus eerder 'n presedent vir die teenoorgestelde standpunt, want 'n nuwe sinode vereis betrokkenheid en goedkeuring tot op Algemene Sinodale vlak. Die historiese presedent kan daarom nie gebruik word om te bewys dat die Oostelike Sinode self die bevoegdheid het om die proses te finaliseer nie.

**Gevolgtrekking**

Voorstel 1 bevat 'n kerkregtelik aanvaarbare algemene uitgangspunt, naamlik dat hergroepering binne die raamwerk van Artikel 32 moontlik is. Die punt kan egter nie gebruik word as 'n besluit waarmee die Oostelike Sinode reeds 'n bepaalde verdeling of die stigting van 'n nuwe sinode goedkeur nie.

### Voorstel 2: Vorming van 'n nuwe Streeksinode

Die Ring stel voor dat die Oostelike Sinode ruimte skep vir gemeentes van die Ring van Lydenburg en ander gemeentes om ingevolge Artikel 32 'n nuwe Streeksinode te vorm. Die motivering verbind hierdie voorstel aan die beweerde vasgelooptheid oor Skrifinterpretasie.

**Reaksie van die KRDG**

Artikel 32 moet egter in sy geheel gelees word. Die artikel erken nie net die moontlikheid van geografiese groepering nie, maar reël ook die prosedure waarvolgens veranderinge aan sinodale groepering kan plaasvind. Die Oostelike Sinode kan daarom nie deur 'n algemene beginselbesluit vooruitloop op die prosedure wat Artikel 32 voorskryf nie. Die kerkregtelike probleem is gevolglik nie dat 'n nuwe sinodale groepering per se onmoontlik is nie. Die probleem is dat die voorgestelde besluit voldoen nie aan die beginsel van presiese besluitbaarheid nie. REGLEMENT OOS-1: REGLEMENT VAN ORDE punt 9.7 vereis dat 'n beskrywingspunt so geformuleer moet word dat die Sinode sonder moeite weet presies wat gevra word. Die beskrywingspunt het egter verskeie onduidelikhede:

**Wie gaan afstig?** Die Ring van Lydenburg? Al die gemeentes in die ring? Sommige gemeentes? Ander gemeentes?

**Wie besluit oor die vorming van 'n nuwe sinode?** Die ring? Die kerkrade? Die individuele gemeente? Die Oostelike Sinode? Die SDR? Die ASM? Die Algemene Sinode? Was daar 'n behoorlike proses in al die gemeentes om die besluit van die ring te ondersteun? Was daar konsensus, of is daar lidmate of kerkrade wat verdere gesprek nodig het om duidelikheid te kry?

**Wat is die nuwe sinode?** Is dit 'n geografiese sinode? 'n Teologies-kategoriale sinode? 'n Geografiese sinode met "oop grense"? 'n Nuwe sinode bestaande uit Lydenburg plus ander nie-aangrensende gemeentes? Dit kom voor uit die beskrywingspunt of daar 'n

poging aangewend word om tegelykertyd geografiese en nie-geografiese lidmaatskap te akkommodeer. Dit skep 'n nuwe sinodale model waarvoor Artikel 32 nie uitdruklik voorsiening maak nie.

**Gevolgtrekking**

Voorstel 2 kan nie in sy huidige vorm as 'n kerkordelik uitvoerbare besluit aanvaar word nie. Daar is te veel onduidelikhede oor presies wat gevra word.

### Voorstel 3: Administratiewe erkenning en hantering deur die SDR

Die ring stel voor dat die Sinodale Diensraad, in samewerking met die Ringsdiensraad van die Ring van Lydenburg, die administratiewe erkenning en hantering van die besluit moet behartig, met finale administratiewe stappe in gesprek met die Algemene Sinodale Moderamen.

**Reaksie van die KRDG**

Die Kerkregdiensgroep ag dit noodsaaklik om hier tussen administratiewe ondersteuning en kerkordelike besluitneming te onderskei. Die SDR kan uiteraard binne sy toegekende funksies 'n proses fasiliteer, koördineer en administratief ondersteun. Punt 3 sê: *"Dat die Sinode die administratiewe erkenning en hantering van hierdie besluit aan die Sinodale Diensraad … opdra."* En punt 6 herhaal dit. Die SDR kan nie deur 'n sinode 'n bevoegdheid ontvang wat die sinode self nie het nie. Die *delegatus non potest delegare*-beginsel sê juis dat 'n vergadering kan nie aan 'n gevolmagtigde 'n bevoegdheid delegeer wat buite die vergadering se eie bevoegdheid lê nie. As die Algemene Sinode/ASM ingevolge Artikel 32 die bevoegde liggaam is om die groepering te wysig, kan die Oostelike Sinode nie sy SDR opdrag gee om daardie besluit administratief te erken of te implementeer nie.

**Gevolgtrekking**

Voorstelpunt 3 behoort nie in die voorgestelde vorm aanvaar te word nie. Die SDR kan wel opdrag ontvang om 'n proses te fasiliteer en administratief te ondersteun, maar slegs binne die bevoegdhede wat die Kerkorde aan hom verleen en onderhewig aan besluite van die bevoegde kerkvergaderings.

### Voorstel 4: Artikel 32.1 en 32.2

Die Ring stel voor dat die Oostelike Sinode bevestig dat Artikel 32.1 voorsiening maak vir geografiese groepering en Artikel 32.2 vir gemeentes wat nie geografies saamval nie maar by 'n bepaalde sinode wil aansluit.

**Reaksie van die KRDG**

Die Kerkregdiensgroep stem saam dat Artikel 32.1 en 32.2 in hierdie verband relevant is. Die bepalings moet egter in hulle geheel gelees word. Artikel 32.1 bepaal nie slegs dat geografiese groepering moontlik is nie, maar dit beskryf ook die kerkordelike raamwerk waarbinne sodanige groepering gewysig kan word. Artikel 32.2 bepaal eweneens 'n spesifieke proses waarvolgens gemeentes wat by 'n ander sinode wil inskakel, aansoek doen by die betrokke sinodes/moderamens/sinodale kommissies en waar goedgekeurde aansoeke vervolgens aan die Algemene Sinode/Algemene Sinodale Moderamen voorgelê word. Die blote bevestiging van Artikel 32.1 en 32.2 kan derhalwe nie as 'n magtiging gebruik word om die ander vyf voorgestelde besluite te legitimeer nie.

Punt 4 is besonder problematies, dat Artikel 32 voorsiening maak vir groepering van geografiese én nie-geografiese gemeentes binne 'n bepaalde sinodale eenheid. Artikel 32.2 skep nie 'n algemene bevoegdheid vir nie-geografiese gemeentes om self 'n nuwe sinode te vorm nie. Dit skep 'n proses vir 'n bestaande gemeente om by 'n ander bestaande sinode in te skakel. Dit is 'n wesenlike verskil.

**Gevolgtrekking**

Die Oostelike Sinode kan bevestig dat Artikel 32 ruimte vir hergroepering en verandering van sinodale groepering bied, maar dit moet uitdruklik saamgelees word met die prosedures en bevoegdheidsverdeling wat in Artikel 32 vervat is. Voorstel 4 behoort derhalwe nie gebruik te word as 'n selfstandige magtiging vir die stigting van 'n nuwe Streeksinode nie.

### Voorstel 5: Voorlopige ooreenkomste

Die Ring stel voor dat voorlopige ooreenkomste tussen sinodes gebruik kan word om personeel, administrasie en gemeenskaplike werksaamhede gedurende 'n oorgangsfase te beskerm. Die Ring verwys na die historiese toepassing van sodanige reëlings.

**Reaksie van die KRDG**

Die KRDG erken dat daar praktiese waarde in voorlopige administratiewe ooreenkomste kan wees. Sulke ooreenkomste kan moontlik van belang wees wanneer 'n bevoegde kerkordelike besluit oor hergroepering reeds geneem is en die betrokke kerklike strukture 'n oorgangsfase moet bestuur. Dit kan egter nie andersom gebruik word nie. 'n Voorlopige administratiewe ooreenkoms kan nie die

kerkregtelike grondslag vir 'n nuwe sinode skep nie. Dit kan ook nie dien as bewys dat die voorgestelde verdeling reeds kerkordelik goedgekeur is nie. Die historiese praktyk kan hoogstens as agtergrond en voorbeeld dien, maar dit kan nie die huidige Kerkordse bepalings vervang nie.

**Gevolgtrekking**

Die beskrywingspunt skep die indruk dat die SDR later bloot die administratiewe besonderhede kan uitwerk. Dit is nie korrek nie. 'n Sinodeverdeling raak onder meer sinodale eiendom, fondse, personeel, kontrakte, pensioenverpligtinge, diensverhoudinge, bestaande ooreenkomste, argiewe, moontlike skuld, finansiële verpligtinge, verteenwoordiging, bestaande bedieningstrukture. Die huidige Artikel 32.2-prosedure vereis byvoorbeeld reeds duidelikheid oor pensioen, argiewe, ringsverpligtinge, bestaande kontrakte, sinodale verpligtinge en ander verantwoordelikhede voordat 'n gemeente kan skuif. 'n Vyfjaar-ooreenkoms, soos in die 2024-voorstel, was dus nie voldoende om hierdie vrae eenvoudig op te los nie. Die beginsel van voorlopige ooreenkomste kan kerkregtelik aanvaarbaar wees as 'n toekomstige implementeringsmeganisme, maar slegs nadat die nodige bevoegde besluite geneem is.

### Voorstel 6: Uitvoering deur die SDR

Die ring stel voor dat die SDR die proses administratief erken en saam met die Ringsdiensraad van die Ring van Lydenburg uitvoer.

**Kerkregtelike beoordeling**

Hierdie voorstel herhaal in wese die bevoegdheidsprobleem wat reeds by voorstel 3 geïdentifiseer is. Die SDR kan nie deur 'n besluit van die Oostelike Sinode met 'n bevoegdheid beklee word wat die Kerkorde aan 'n ander kerklike vergadering of struktuur toeken nie. Die SDR kan wel 'n proses fasiliteer, administratiewe ondersteuning verleen, inligting versamel, gesprekke tussen die betrokke kerklike strukture koördineer, en uitvoering gee aan besluite wat reeds deur die bevoegde kerklike strukture geneem is. Die SDR kan egter nie self die kerkordelike besluit neem om 'n nuwe sinode te skep of die bestaande sinodale grense te wysig nie.

## 4. Verdere reaksie

### 4.1 Die kerkregtelike betekenis van die historiese verwysings

Die Beskrywingspunt verwys na die historiese vorming van die Sinode van Wes-Transvaal en veral na die historiese verdeling wat tot die vorming van die Sinode van Oos-Transvaal gelei het. Die Ring voer aan dat hierdie geskiedenis toon dat hergroepering van gemeentes binne die NG Kerk moontlik is en dat voorlopige ooreenkomste gebruik kan word om die oorgang te bestuur.

Die KRDG is van oordeel dat hierdie geskiedenis wel relevant is as kerkgeskiedkundige agtergrond, maar dat dit nie as 'n direkte kerkregtelike presedent vir die huidige voorstel gebruik kan word sonder om die wesenlike verskille tussen die historiese en huidige situasie in ag te neem nie. Die Familiereëls moet die primêre norm vir die besluit van die Oostelike Sinode wees.

Die geskiedenis kan ons leer dat sinodale strukture binne die NG Kerk nie onveranderlik is nie. Dit beteken egter nie dat 'n historiese proses sonder meer herhaal kan word buite die prosedures wat die huidige Kerkorde voorskryf nie.

### 4.2. Die verwysing na "vasgelooptheid"

Die Ring van Lydenburg motiveer die Beskrywingspunt onder andere vanuit die stelling dat die NG Kerk 'n punt van vasgelooptheid oor Skrifinterpretasie bereik het en dat die Algemene Sinode se besluite van 2019 en 2023, asook die Oostelike Sinode se besluite van 2021, hierdie situasie weerspieël.

Die KRDG neem kennis van hierdie motivering. Die kerkregtelike beoordeling moet egter onderskei word van 'n inhoudelike beoordeling van die teologiese standpunte wat tot die beweerde impasse aanleiding gee. Die bestaan van teologiese of kerklike spanning kan nie op sigself die bevoegdheidsverdeling van die Kerkorde verander nie. Juis wanneer 'n kerkverband onder ernstige spanning verkeer, is dit noodsaaklik dat kerklike besluite ordelik, deursigtig en binne die bestaande kerkordelike raamwerk geneem word.

Die eenheid van die kerk mag nie ligtelik prysgegee word nie. Terselfdertyd mag die beroep op eenheid ook nie beteken dat ernstige en volgehoue verskille eenvoudig geïgnoreer word nie. Die kerkregtelike weg is daarom om die spanning binne die Kerkorde te hanteer en, waar nodig, die toepaslike kerkordelike prosedures te gebruik.

### 4.3. Die toeligting dat Artikel 37 die uiteindelike oogmerk is

In die toeligtingsgesprek met die Ring van Lydenburg het dit na vore gekom dat die uiteindelike oogmerk met die voorgestelde verdeling van die Oostelike Sinode daarin geleë is om die aldus gevormde nuwe sinode vervolgens, in terme van Artikel 37 van die Kerkorde, uit die algemene sinodale verband te laat tree.

Die KRDG is daarom van oordeel dat die Sinode volle kennis behoort te neem van hierdie uiteindelike oogmerk. Die voorgestelde verdeling van die Oostelike Sinode kan nie kerkregtelik geregverdig word bloot omdat dit 'n moontlike weg na 'n latere Artikel 37-besluit met die Algemene Sinode skep nie.

Hierdie toeligting is kerkregtelik wesenlik. Dit bring mee dat die voorstel nie bloot as 'n hergroepering ingevolge Artikel 32 beoordeel kan word nie, maar dat die beoogde einddoel ook die afsonderlike kerkregtelike vraag na die toepassing van Artikel 37 behels. 'n Artikel 32-proses kan nie as 'n indirekte of voorafgaande weg gebruik word om 'n uitkoms te bewerkstellig waarvoor Artikel 37 'n eie kerkordelike grondslag en bevoegdheidsvraag daarstel nie. Die twee prosesse moet derhalwe duidelik van mekaar onderskei word.

**Gevolgtrekking**

Die toeligting van die Ring van Lydenburg bring 'n wesenlik nuwe kerkregtelike dimensie na vore. Dit gaan nie meer bloot oor die hergroepering van gemeentes of ringe binne die bestaande kerkverband nie. Indien die uiteindelike oogmerk inderdaad is om deur die voorgestelde verdeling van die Oostelike Sinode 'n nuwe sinode te skep wat daarna ingevolge Artikel 37 uit die algemene sinodale verband kan tree, raak die aangeleentheid die wese van die kerkverband self.

Daarom kan Artikel 32 en Artikel 37 nie in een kerkregtelike proses ineengestrengel word nie. 'n Herindeling of hergroepering mag nie gebruik word as 'n middel om vooraf 'n bepaalde kerkregtelike einddoel te skep of te fasiliteer wat uiteindelik deur 'n ander en selfstandige bepaling van die Kerkorde gereël word nie. Artikel 37 het sy eie kerkordelike grondslag, bevoegdheidsvraag en proses. Dit moet dus op sy eie meriete, binne die korrekte kerkordelike raamwerk en deur die bevoegde kerkvergadering aan die orde gestel word.

Die kerkregtelike vraag voor die Sinode is gevolglik nie slegs of die voorgestelde verdeling ingevolge Artikel 32 moontlik is nie, maar ook watter doel daarmee nagestreef word en watter gevolge daardie doel vir die eenheid en voortbestaan van die Oostelike Sinode kan hê. Waar 'n voorgestelde strukturele verandering uiteindelik daarop gerig is om 'n bestaande kerkverband te verswak, te fragmenteer of as voorbereiding vir uittrede uit die algemene verband te dien, kan dit nie bloot as 'n neutrale organisatoriese reëling beskou word nie.

Die eenheid van die kerkverband is immers nie 'n toevallige organisatoriese verskynsel nie, maar 'n kerkordelik gereëlde gestalte van die kerk se gemeenskap en verantwoordelikheid teenoor mekaar. Daarom behoort enige optrede wat doelbewus op verdeeldheid of skeurmakery binne die bestaande sinodale verband gerig is, met die grootste kerkregtelike erns beoordeel te word. Die Sinode behoort nie slegs die onmiddellike voorstel te beoordeel nie, maar ook waaksaam te wees teen prosesse waardeur 'n bepaalde einddoel stapsgewys bereik word sonder dat daardie einddoel self en in die korrekte kerkordelike proses aan die orde gestel word.

Teen hierdie agtergrond is dit noodsaaklik dat die Sinode 'n duidelike kerkordelike grens trek: Artikel 32 mag nie as 'n indirekte of voorafgaande weg aangewend word om 'n Artikel 37-uitkoms te bewerkstellig nie. Indien Artikel 37 die werklike oogmerk is, behoort dit as sodanig afsonderlik in die kerkordelike proses behandel te word.

Hierdie onderskeid is nie bloot prosedureel nie. Dit beskerm die integriteit van die Familiereëls, die bevoegdheid van die onderskeie kerklike vergaderings en die eenheid van die kerkverband. Juis daarom behoort die Sinode enige poging tot verdeeldheid in die lig van die Familiereëls en roeping ernstig te beoordeel en, waar nodig, kerkordelik te hanteer.

### 16.3.2 Aanbevelings:

| | |
|---|---|
| 16.3.2.1 | In die lig van BESLUIT 12/SINOOS/10/2024 en dat die beskrywingspunt in sy huidige vorm nie kerkordelik vatbaar is vir bespreking en besluitneming nie, besluit die Sinode dat die beskrywingspunt nie ontvanklik is nie |
| 16.3.2.2 | Voorstel 1: Die Sinode keur voorstel 1 nie goed nie. |
| 16.3.2.3 | Voorstel 2: Die Sinode keur voorstel 2 nie goed nie. |
| 16.3.2.4 | Voorstel 3: Die Sinode keur voorstel 3 nie goed nie. |
| 16.3.2.5 | Voorstel 4: Die Sinode keur voorstel 4 nie goed nie. |
| 16.3.2.6 | Voorstel 5: Die Sinode keur voorstel 5 nie goed nie. |
| 16.3.2.7 | Voorstel 6: Die sinode keur voorstel 6 nie goed nie. |

# 17 BESKRYWINGSPUNTE

## 17.1 TEOLOGIESE OPLEIDING: RING VAN WAKKERSTROOM, EN NG GEMEENTE GROBLERSDAL

**BESKRYWINGSPUNT**

Ring van Wakkerstroom
Meyer van Wyk (Ringskriba)

7 Julie 2026
Die Uitvoerende Amptenaar
Oostelike Sinode

**OPSKRIF VIR BESKRYWINGSPUNT: Teologiese Opleiding**

FORMULERING: Die Sinode besluit dat daar dringende ondersoek ingestel moet word sodat die NG Kerk haar kan beywer vir één eie Teologiese Kweekskool waar bedienaars van die Woord onder toesig van die Kerk opgelei kan word.

Bepaling of Sinodebesluit waarna verwys word (*indien van toepassing*) _____

_____

MOTIVERING:
By die Ringsitting van 2025 is 'n skrywe van die NG Gemeente Paardekop hanteer. Hierdie skrywe is in Februarie 2025 ontvang en die gemeente het dit ook aan die uitvoerende amptenaar van die Oostelike Sinode gestuur. In hierdie skrywe het die kerkraad van Paardekop gemeente standpunt ingeneem oor drie sake waaroor daar veral ongelukkigheid en meningsverskil was, nl.

1. Teologiese Opleiding
2. Meerdere Vergaderings
3. Die Gesag van die Skrif

Die voorsitter het aan vergadering geleentheid gegee om die kwessie te bespreek, aangesien hierdie bekommernisse ook in ander ringsgemeentes voorkom. Die vergadering ondersteun die skrywe en deel Paardekop se bekommernisse, veral rondom die teologiese opleiding en die Teologiese Fakulteite.

Die vraag ontstaan na wat gemeentes en ringe te doen staan. Daar is 'n gevoel dat daar nie verdere aandag aan bekommernisse geskenk word verby streek sinodale vlak nie. Die Ring stem saam dat iets gedoen moet word, maar dat daar met baie wysheid en verantwoordelikheid opgetree moet word – op maniere wat nie die kerk seermaak nie.

Die Ring neem gevolglik die volgende besluit:
**Aanbeveling: Die Ring van Wakkerstroom beskou die kwessie van teologiese opleiding in die NG Kerk as 'n krisis. Ons glo dat die NG Kerk haar moet beywer vir één eie Teologiese Kweekskool van die NG Kerk waar bedienaars van die Woord opgelei word onder toesig van die Kerk. Dit sal weer bydra tot die NG Kerk se eie gereformeerde tradisie en identiteit.**

**Daarom versoek die Ring 'n dringende kerklike ondersoek in hierdie verband. Die Ring besluit dat hierdie besluit aan die uitvoerende amptenaar van die Oostelike Sinode gestuur moet word met die versoek dat dit as 'n beskrywingspunt sal dien op die Oostelike Sinode se volgende sitting in 2026.**

**Besluit: Goedgekeur.**

| Handtekening | Hoedanigheid | Datum |
|---|---|---|
| | Ringskriba | 7 Julie 2026 |

Naam van afgevaardigde/kerkraad/ring/bediening van die sinode:
Ring van Wakkerstroom

# BESKRYWINGSPUNT

Adres: NG GEMEENTE GROBLERSDAL
01 KERKSTRAAT
GROBLERSDAL
0470

Datum: **09 Junie 2026**
Die Uitvoerende Amptenaar
Oostelike Sinode

**OPSKRIF VIR BESKRYWINGSPUNT*: TEOLOGIESE OPLEIDING EN TOEKOMSVOORSIENING VIR BEDIENING***

**FORMULERING:** Die Sinode besluit dat:

• 'n taakspan aangewys word om:

1. die werwing en begeleiding van persone wat 'n roeping tot die bediening onderskei, te ondersoek;
2. te ondersoek hoe die NG Kerk die belydenis- en geestelike vorming van teologiestudente binne die huidige opleidingsmodel kan versterk;
3. bestaande finansiële ondersteuningsmeganismes en toegang tot studiegeleenthede te evalueer;
4. verslag te doen aan die volgende sinode oor moontlike strategieë en opleidingsmodelle vir die toekoms.

**MOTIVERING :** Die volhoubaarheid van die bediening van die Woord en Sakramente in die Kerk is direk afhanklik van die beskikbaarheid van goed opgeleide, roepingsbewuste predikante. Onlangse tendense dui egter op 'n afname in jongmense wat teologiese studie oorweeg, toenemende finansiële druk wat studie ontoeganklik maak, en groeiende kommer oor die inhoud en rigting van teologiese opleiding by publieke universiteite.

Hierdie ontwikkelinge noodsaak na ons mening doelgerigte, strategiese nadenke op sinodale vlak.

| Handtekening | Hoedanigheid | Datum |
|---|---|---|
| M vd Linde NG Kerk Skriba | Skriba vd Kerkraad | 9/6/26 |

**Naam van afgevaardigde/kerkraad/ring/bediening van die sinode**
Kerkraad van NG Gemeente Groblersdal

'n Taakspan is aangewys om die beskrywingspunte insake teologiese opleiding van die Ring van Wakkerstroom en NG Gemeente Groblersdal te hanteer. Die Taakspan het die beskrywingspunte ontvang en met die samestellers daarvan ontmoet.

### 17.1.1 Aanbeveling:

17.1.1.1 Die beskrywingspunt is ontvanklik. Die Sinode neem kennis van die beskrywingspunt van die Ring van Wakkerstroom en verwys dit na die Algemene Sinode asook die Algemene Kuratorium vir verdere hantering.

17.1.1.2 Die Sinode keur 'n taakspan vir teologiese opleiding goed en verwys die beskrywingspunt van NG Gemeente Groblersdal na die taakspan vir hantering en terugvoer na die volgende Sinode.

## 17.2 NG GEMEENTE GROBLERSDAL: DIE ONDERSKEID TUSSEN DIE "HELDERHEID" EN "SEKERHEID" IN DIE EGTE GESPREKSRAAMWERK.

### BESKRYWINGSPUNT

Adres: NG GEMEENTE GROBLERSDAL
01 KERKSTRAAT
GROBLERSDAL
0470

Datum: **09 Junie 2026**
Die Uitvoerende Amptenaar
Oostelike Sinode

**OPSKRIF VIR BESKRYWINGSPUNT*: Die onderskeid tussen "Helderheid" en "Sekerheid" in die Egte Gesprek-raamwerk***

**FORMULERING:** Die Sinode besluit:

1. Dat die onderskeid tussen "helderheid" en "sekerheid" slegs reg verstaan kan word binne die Reformatoriese belydenis dat God Homself duidelik en betroubaar in die Skrif openbaar.
2. Dat hierdie onderskeid nie gebruik mag word op 'n wyse wat die duidelike belydenis van kernwaarhede van die evangelie ondermyn, opskort of relativiseer nie.
3. Dat die kerk geroep is om nie slegs na groter helderheid te soek nie, maar ook om met sekerheid te bely waar die Skrif duidelik spreek.
4. Dat die Sinode duidelikheid gee oor watter sake as kernwaarhede van die evangelie verstaan word waaroor die kerk met sekerheid bely, en watter sake as sekondêre verskilpunte hanteer kan word.

**MOTIVERING** Die onderskeid tussen "helderheid" en "sekerheid", soos dit in die Egte Gesprek-raamwerk geformuleer word, wek toenemende teologiese onsekerheid by lidmate en ampsdraers.

Die formulering dat groter helderheid nie tot finale sekerheid lei nie, skep die moontlikheid dat selfs duidelike Skrifwaarhede nie met sekerheid bely hoef te word nie. Dit bring spanning met die Reformatoriese oortuiging dat God Homself duidelik en betroubaar in die Skrif openbaar (*perspicuitas Scripturae*), en dat die kerk geroep is om hierdie waarheid nie slegs te ondersoek nie, maar ook met oortuiging te bely.

Indien die onderskeid tussen "helderheid" en "sekerheid" só verstaan word dat sekerheid prinsipieel onbereikbaar of onwenslik is, word die kerk se belydenis verswak en word kernwaarhede van die evangelie blootgestel aan voortdurende heronderhandeling.

Hierdie ontwikkeling raak direk aan:

- die gesag en duidelikheid van die Skrif
- die aard van die kerk as belydende gemeenskap
- die kerk se vermoë om met oortuiging oor die evangelie te spreek
- die kerklike opsig en tug

Die kerk is nie slegs 'n gespreksgemeenskap nie, maar 'n belydende gemeenskap. Waar sekerheid in wese verswak word, word die kerk se getuienis onduidelik en haar roeping ondermyn.

| Handtekening | M vd Linde<br>NG Kerk Skriba<br>Skriba vd Kerkraad<br>Hoedanigheid | 9/6/2026<br>Datum |
|---|---|---|

**Naam van afgevaardigde/kerkraad/ring/bediening van die sinode**
Kerkraad van NG Gemeente Groblersdal

Die *Egte Gesprek* dokument is ontwikkel deur die Taakspan vir Leer- en Aktuele Sake van die Algemene Sinode om gemeentes in 'n seisoen van dieper gesprek oor sake van die geloof en Christelike lewe tot hulp te wees. Die dokument self verklaar dat die doel van *Egte Gesprek* is om gelowiges te help om in die lig van die Woord, met begrip en fyn aanvoeling, met mekaar onderskeidende gesprekke oor kwessies te voer. Die Taakspan van die Algemene Sinode verklaar in die dokument dat hulle 'n veilige raamwerk vir 'n gelowige interpretasie van God se Woord in die formulering, wat in 2004 deur die Algemene Sinode aanvaar is, vind:

- Die Bybel is die Woord van God en is daarom gesagvol oor ons hele lewe. Dit is betroubaar, duidelik en voldoende.
- Ons denkvermoë word nie uitgeskakel wanneer ons die Bybel lees nie.
- Die kerk soek onder leiding van die Heilige Gees as geloofsgemeenskap na dit wat God deur sy Woord in ons tot stand bring. Hierdie soeke geskied nie sonder verantwoordelike Skrifinterpretasie nie.
- Die kerk mag in elke tyd anders oordeel oor die beste reëls en metodes vir verantwoordelike Skrifuitleg.
- Ons is daartoe verbind om in gesprek te bly met mekaar en met ander, as deel van die kerk van alle eeue, om die dinge te onderskei waarop dit aankom (Fil 1:9-10).

### 17.2.1 Aanbeveling:

In die lig daarvan die *Egte Gesprek* dokument 'n produk van die Algemene Taakspan Leer en Aktuele Sake is, verwys die Sinode die beskrywingspunt na die Algemene Sinode, met die versoek dat ATLAS op die verskillende aspekte daarvan reageer, met terugvoering aan die opstellers van die beskrywingspunt en die Oostelike Sinode.

## 17.3 NG GEMEENTE GROBLERSDAL: DIE NORMATIEWE ROL VAN DIE BELYDENISSKRIFTE IN DIE NG KERK

### BESKRYWINGSPUNT

Adres: NG GEMEENTE GROBLERSDAL
01 KERKSTRAAT
GROBLERSDAL
0470

Datum: **09 Junie 2026**
Die Uitvoerende Amptenaar
Oostelike Sinode

**OPSKRIF VIR BESKRYWINGSPUNT*: DIE NORMATIEWE ROL VAN DIE BELYDENISSKRIFTE IN DIE NG KERK***

**FORMULERING:** Die Sinode besluit:

1. Dat die Drie Formuliere van Eenheid as belydenisskrifte 'n **normatiewe en bindende** samevatting van die Skrif se leer is vir die NG Kerk.
2. Dat hierdie belydenisskrifte nie slegs as riglyne nie, maar as **teologiese grense** funksioneer waarbinne die kerk se leer en verkondiging moet bly.
3. Dat leerstellings en openbare teologiese uitsprake wat in stryd is met die belydenisskrifte nie as legitieme variasies binne die kerk se leer beskou kan word nie, maar volgens die kerk se ordelike prosesse aangespreek moet word.
4. Dat die gravamen-proses die aangewese en ordelike weg bly vir enige ampsdraer wat meen dat 'n belydenisstelling heroorweeg moet word, en dat hierdie proses konsekwent toegepas moet word.

**MOTIVERING** In die Reformatoriese tradisie is belydenisskrifte nie bloot historiese dokumente of algemene riglyne nie, maar dien hulle as 'n normatiewe samevatting van die Skrif se leer en as beskerming vir die kerk teen dwaalleer.

Die eenheid van die kerk berus nie primêr op organisatoriese verbondenheid nie, maar op 'n gedeelde en herkenbare belydenis van die evangelie.

Indien die normatiewe rol van die belydenisskrifte verswak of onduidelik gelaat word, ontstaan:

- verwarring oor die inhoud van die kerk se leer
- onsekerheid oor die grense van teologiese verskil
- 'n situasie waar leerstellings wat in stryd is met die belydenis sonder duidelike aanspreeklikheid verkondig kan word

Die belydenisskrifte funksioneer daarom nie slegs as riglyne nie, maar as **normatiewe grense** waarbinne die kerk se leer, prediking en teologiese opleiding behoort te geskied.

| Handtekening | Hoedanigheid | Datum |
|---|---|---|
| M vd Linde NG Kerk Skriba | Skriba vd Kerkraad | 9/6/26 |

**Naam van afgevaardigde/kerkraad/ring/bediening van die sinode**
Kerkraad van NG Gemeente Groblersdal

*Die Nederduitse Gereformeerde Kerk staan gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, staan uitgedruk in die Formuliere van Eenheid soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht in 1618-1619, naamlik die sewe en dertig artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die vyf Dordtse Leerreëls*. (Art 1). Die NG Kerk bely onverkort dat die Bybel heilig, volmaak, onfeilbaar en gesagvolle Woord van God is (Artikel 7 van die Nederlandse Geloofsbelydenis).

Om te sê die belydenisse word "in ooreenstemming met die Woord" bely, onderstreep dat die Bybel die enigste norm vir die belydenis van die kerk is. Die belydenisskrifte dra 'n "kerklike gesag"; die Skrif dra "Goddelike gesag". Daarom is die Gereformeerde beginsel dat die belydenisskrifte oop is vir hersiening in die lig van die Skrif. Die belydenisskrifte het wel 'n bindende gesag vir die kerk. Indien iemand vind dat die belydenis in stryd is met die Skrif, word van daardie persoon verwag om 'n gravamen (beswaarskrif) te skryf, dat die Sinode die gronde van die beswaar in die lig van die Skrif beoordeel en daaroor 'n beslissing maak. (Skrifgesag en Skrifgebruik van 1986 Punt 4).

Die kerk aanvaar die belydenisskrifte omdat (quia) en nié in soverre (quatenus) hulle met die Skrif ooreenstem nie. Dit beteken nie dat die historiese aard van die dokumente ontken word nie. Die belydenisskrifte het in spesifieke tye en omstandighede ontstaan en dra "die merktekens van die tyd waarin hulle ontstaan het". Ons interpreteer die belydenisskrifte, wat in die geskiedenis ontstaan het, in ons tyd "volgens hulle skriftuurlike bedoeling". (AS 1998 - Belydenisskrifte as Historiese Dokumente).

In 2023 het die Taakspan vir Leer- en Aktuele Sake (ATLAS) vir die Algemene Sinode se Moderamen (ASM) 'n studiestuk opgestel oor die rol en aard van belydenisse. In hierdie werksdokument word onder andere die noodsaak vir "behoorlike eksegese" van die belydenisskrifte beklemtoon. Indien die belydenisse, soos soms gebeur, as tydlose sisteme van waarheid hanteer word, en as wapens teen andersdenkende medegelowiges gebruik word, verkry die belydenisse 'n "dwingende gesag" en hou hulle op om vry te maak en op te bou. Indien ons egter die omstandighede waarin die belydenisse destyds ontstaan het in gedagte hou, sowel as die konteks waarin ons dit vandag lees, kan ons verwag om die bevrydende waarheid van die belydenisse te hoor.

### 17.3.1 Aanbeveling:

Die Sinode erken die erns van die opstellers van die beskrywingspunt se oortuiging in verband met die normatiewe rol van die belydenisskrifte in die NG Kerk. Aangesien die amptelike standpunte van die NG Kerk, soos aangehaal vanuit die Kerkorde en ook die amptelike beleidsdokumente van die kerk, reeds die standpunt van kerk oor die rol van belydenisskrifte hanteer besluit die Sinode om te volstaan by die amptelike standpunt van die NG Kerk.

# 18 FONDSEDIENSGROEP

## 18.1 INLEIDING

Bepaling 37 van die Familiereëls van 2024 maak voorsiening vir 'n Fondsediensgroep wat:

- gemeentes se sinodale bydraes aanbeveel;
- die finansiële toekennings vir sinodale werksaamhede aanbeveel;
- die Sinode en gemeentes se finansiële state kontroleer; en
- die Sinode se goedere, eiendomme en fondse bestuur.

## 18.2 LEDE

Hardus van Niekerk (voorsitter), Johan Botha, Jim de Villiers, Piet Marais, Neels Nothnagel, Darius Oosthuizen en Anne van Tonder (skriba). Cathy Odendaal was tot 30 Junie 2026 'n lid van die Fondsediensgroep.

## 18.3 WERKSAAMHEDE

### 18.3.1 Finansiële beleid

Die Fondsediensgroep het besin oor die beleidsbundel van die Oostelike Sinode wat tans deel van die Familiereëls vorm. Die beleidsbundel van die Oostelike Sinode bestaan uit dinamiese beleidsdokumente wat, na gelang van veranderende omstandighede en/of wetswysigings, soms aanpassings benodig.

Die Fondsediensgroep versoek dat hierdie beleidsdokumente nie deel van die Familiereëls vorm nie, aangesien die Familiereëls slegs deur die sinode in vergadering gewysig kan word.

Die Fondsediensgroep beveel aan dat die beleidsdokumente voortaan deur die Sinodale Diensraad (SDR), as gevolmagtigde van die sinode, gewysig en goedgekeur kan word.

### 18.3.2 Sinoos seën

Sinoos Seën is op aanbeveling van die ouditeure op 28 Februarie 2026 gesluit. Die besluit volg nadat die fonds dormant geraak het, aangesien geen verdere bydraes of aansoeke om hulp uit die fonds ontvang is nie.

## 18.4 FINANSIËLE STATE – 2026-BOEKJAAR

Hier volg 'n uittreksel uit die finansiële state van die Oostelike Sinode, soos voorberei deur MVB Ouditeure en Adviseurs wat op 7 Mei 2026 deur die Sinodale Diensraad goedgekeur en deur die voorsitter onderteken is.

**NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK OOSTELIKE SINODE**

**STAAT VAN FINANSIëLE POSISIE**
**OP 28 FEBRUARIE 2026**

| | Aant. | 2026<br>R | 2025<br>R |
|---|---|---|---|
| **BATES** | | | |
| **Nie-bedryfsbates** | | **1,794,178** | **1,794,178** |
| Vaste bates | 2 | 1,794,177 | 1,794,177 |
| Meubels en toerusting | | 1 | 1 |
| **Bedryfsbates** | | **37,430,295** | **37,568,489** |
| Beleggings | 3 | 36,265,913 | 35,038,806 |
| Kontant en deposito's | 4 | 986,588 | 2,286,357 |
| Debiteure | 5 | 177,795 | 243,325 |
| **Totale bates** | | **39,224,473** | **39,362,667** |
| **EKWITEIT EN LASTE** | | | |
| **Eie Fondse** | | **36,937,008** | **36,947,171** |
| Kapitaalfonds- Eiendomme | 6 | 1,794,177 | 3,500,000 |
| Mediese Hulpverlening Administrasiefonds | 7 | 7,666,688 | 8,017,669 |
| Reserwefonds | 8 | - | - |
| Sinodefonds | 9 | 14,753,582 | 12,551,675 |
| Ondersteuningsfonds | 10 | 12,722,560 | 12,877,826 |
| **Eksterne fondse** | | **971,865** | **963,046** |
| Gesamentlike Kommissie Evangelisasie Frankryk | 11 | 180,670 | 206,233 |
| Laersdrif (Nedersettingsfonds) | 12 | 502,889 | 478,638 |
| Emmarentia Geldenhuys Sendingstudiefonds | 13 | 208,165 | 198,033 |
| Zimbabwe Hulpverlening Medies | 14 | 80,141 | 80,141 |
| Mosambieksending Gesamentlik | 15 | - | - |
| **Bedryfslaste** | | **1,315,600** | **1,452,450** |
| Voorsienings | 16 | 1,212,666 | 1,208,810 |
| Krediteure | 17 | 102,934 | 243,640 |
| **Totale ekwiteit en laste** | | **39,224,473** | **39,362,667** |

## 18.4.1 Notas

**6. Kapitaalfonds – eiendomme**: Gedurende die jaar is die Kapitaalfonds aangepas in ooreenstemming met die kosprys van die sinodale eiendom.

**8. Reserwefonds:** Die saldo van die Reserwefonds is gedurende 2025 na die Sinodefonds oorgeplaas en vorm voortaan deel van die Sinodefonds.

**10. Ondersteuningsfonds:** Die Ondersteuningsfonds het ontstaan as gevolg van die herstrukturering van die sinode se beleggings. Die fonds word onder andere aangewend

om gemeentes deur vermindering van Bydraes vir Gesamentlike Bediening (BGB) te ondersteun.

**NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK OOSTELIKE SINODE**

**STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE**
**SOOS OP 28 FEBRUARIE 2026**

| | Aant. | 2026 | 2025 |
|---|---|---|---|
| **INKOMSTE** | | | |
| Bydraes vir Gesamentlike Bedieninge | 18 | 5,922,848 | 5,592,779 |
| Donasies ontvang | | 11,037 | - |
| Beleggingsinkomste | 25 | 4,166,560 | 3,422,575 |
| | | **10,100,444** | **9,015,353** |
| **UITGAWES** | | | |
| Gesamentlike Werksaamhede | 19 | (1,648,003) | (1,649,392) |
| Ondernemings uit die verlede | 20 | (34,531) | (34,531) |
| Vennote | 21 | (2,684,433) | (2,606,247) |
| Taakspanne | 22 | (300,170) | (291,466) |
| Funksionering van Sinodehuis | 23 | (4,408,529) | (4,075,330) |
| Funksionering van Sinodale Diensraad | 24 | (485,140) | (1,019,092) |
| Rente betaal | 26 | (43,554) | (59,544) |
| Algemene Sinodesitting | 27 | - | (150,000) |
| | | **(9,604,361)** | **(9,885,601)** |
| **NETTO (TEKORT)/OORSKOT** | | **496,084** | **(870,248)** |

### 18.4.2 Bedryfsbates en fondse

Bedryfsbates bestaan hoofsaaklik uit beleggings wat tussen Vrye Reserwes (R27 384 366) en Langtermynverpligtinge (R7 336 051) verdeel is. Die belegging vir Langtermyn-verpligtinge word aangewend om die mediese subsidie aan 'n geselekteerde groep pensioenarisse te betaal, soos histories ooreengekom.

### 18.4.3 Inkomste

Die sinode het twee hoofinkomstebronne, naamlik Bydraes vir Gesamentlike Bediening (BGB) en beleggingsinkomste. BGB-inkomste van R5 336 420 is vir die 2026/2027-finansiële jaar begroot.

Die sinode het gedurende die 2026-finansiële jaar beleggingsinkomste van R4 166 560 ontvang.

## 18.5 BYDRAES VIR GESAMENTLIKE BEDIENING (BGB)

BGB word bereken op 'n gemeente se Bepalende Inkomste, met inagneming van gemeentes se finansiële omstandighede. Die sinode verleen jaarliks minstens R1,260 miljoen se BGB-verligting.

**'n Totaal van 30% van inkomstes word vrygestel van BGB**


Gemeentes wat onder die vasgestelde minimum inkomste val, ontvang outomaties 'n 25%-vermindering. Indien verdere verligting nodig is, kan 'n gemeente 'n gemotiveerde versoek aan die Sinodehuis rig.

BGB-rekeninge word maandeliks uitgestuur en kan maandeliks of kwartaalliks vereffen word. Uitstaande BGB word nie afgeskryf nie en bly 'n finansiële verpligting van die gemeente.



### 18.5.1 Aanwending

Inkomste word aangewend volgens die toedelings wat tydens die begrotingsproses geïdentifiseer word, binne die raamwerk wat deur 'n sinodevergadering vasgestel is. Die hoofkategorieë van aanwending word skematies soos volg voorgestel:




Gesamentlike werksaamhede sluit onder meer toekennings aan die Algemene Sinode, teologiese opleiding, argiefdienste en die VGKSA in.

Die CMR is tans die Oostelike Sinode se vennoot binne hierdie begrotingskategorie. Sinodehuis-koste hou verband met die ondersteuning, administrasie en kundigheid wat vanuit die Sinodehuis gelewer word, terwyl sinodefunksionering hoofsaaklik die koste van die SDR, taakspan-funksionering, verteenwoordigers en sinodesittings insluit.

## 18.6 BEGROTING 2026/2027

Taakspanne stel hul onderskeie begrotings op en lê dit aan die SDR vir goedkeuring voor, waarna dit in die gesamentlike begroting opgeneem word. Ander oorwegings sluit historiese tendense, nuwe fokuspunte en die instandhouding van bestaande ooreenkomste in.

Die Sinodale Diensraad het soos volg vir die huidige finansiële jaar begroot:

| SAMEVATTING: OOSTELIKE SINODE BEGROTING EN TOEKENNINGS | Begroting 2026/2027 | Verskil % J-T-J | % van totaal |
|---|---|---|---|
| **Inkomste** | **10,207,420** | -4.6% | 100.0% |
| Sinodale Bydraes/BGB | 5,336,420 | -3.2% | 52.3% |
| Belegging Opbrengs | 1,300,000 | 0.6% | 12.7% |
| Onttrekking uit Beleggings | 3,571,000 | -8.4% | 35.0% |
| **Gesamentlike werksaamhede** | **1,777,638** | 5.3% | 17.4% |
| Algemene Sinode | 501,302 | 5.8% | 4.9% |
| Teologiese opleiding | 1,068,946 | 3.4% | 10.5% |
| Argief | 160,344 | 18.8% | 1.6% |
| Mosambiek Pensioen en Admin | 47,046 | 1.2% | 0.5% |
| **Ekumene** | **138,011** | -4.2% | 1.4% |
| Hulp VGKSA | 37,491 | 3.5% | 0.4% |
| Mosambiek IRM | 100,520 | -6.8% | 1.0% |
| **Vennote** | **2,764,967** | 3.0% | 27.1% |
| CMR | 2,764,967 | 3.0% | 27.1% |
| **Taakspanne/Projekte** | **876,000** | -6.2% | 8.6% |
| **Sinodehuis** | **3,851,260** | -10.2% | 37.7% |
| Personeel kostes | 3,022,241 | -16.7% | 29.6% |
| Administratiewe kostes | 729,019 | 20.4% | 7.1% |
| Eiendomme | 100,000 | 93.0% | 1.0% |
| **Sinode Funksionering** | **807,292** | -20.5% | 7.9% |
| SDR Funksionering | 309,792 | 2.9% | 3.0% |
| Diensgroepe Vergaderkoste | 227,500 | 35.8% | 2.2% |
| Verteenwoordigers | 20,000 | -57.4% | 0.2% |
| Sinodesittings | 250,000 | -50.0% | 2.4% |
| **Totale Verpligtinge** | **R 10,215,167** | -5.0% | 100.0% |
| **Surplus/(Tekort)** | **-R 7,747** | -84.6% | |

## 18.7 AANBEVELING

Die sinode keur die aanbeveling goed dat die beleidsdokumente voortaan deur die Sinodale Diensraad (SDR), as gevolmagtigde van die sinode, gewysig en goedgekeur word.

# 19 TEOLOGIESE OPLEIDING

**DIE KURATORIUM VAN DIE NG KERK VAN TRANSVAAL BY DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA: VERSLAG AAN DIE NOORDELIKE SINODES**

## 19.1 AGTERGROND

### 19.1.1 Noordelike Sinodes[17] en Teologiese Opleiding

Die NG Kerk van Transvaal het op 9 Desember 1937 vier persone genomineer om deur die Raad van die Universiteit van Pretoria as dosente in teologie aangestel te word. Die vier dosente het in 1938 begin om studente by die Universiteit van Pretoria (UP) voor te berei vir die Evangeliebediening in die NG Kerk. Omdat die Nederduitsch Hervormde Kerk (NHK) reeds in 1917 met teologiese opleiding by UP begin het, het die NHK se opleiding is gedoen deur Fakulteit Teologie Afdeling A en die NG Kerk s'n deur Fakulteit Teologie Afdeling B.

Die opset by die Fakulteit het na 1994 verander. Die twee afdelings het saamgesmelt en die Fakulteit is in 2000 in 'n veel-kerklike fakulteit verander.

### 19.1.2 Die Kuratorium van die NG Kerk van Transvaal

Die NG Kerk van Transvaal het nie net teologiese opleiding vir die NG Kerk by die Universiteit van Pretoria geïnisieer nie, maar hou van vroeg af deur middel van 'n kuratorium toesig oor teologiese opleiding. Mettertyd, toe die NG Kerk van Transvaal verdeel het in vier sinodes, is die samestelling van die Kuratorium so verander dat elk van die sinodes ewe veel verteenwoordigers daarin het. Tans kan elk van die vier sinodes vier lede (met sekundi) aanwys. Vakatures word aangevul soos nodig. Die vier sinodes is:

- die Noordelike Sinode (vroeër die NG Kerk Noord Transvaal),
- die Oostelike Sinode (vroeër die NG Kerk Oos-Transvaal),
- Sinode Hoëveld (vroeër die NG Kerk Suid Transvaal) en
- Sinode Goudland (vroeër die NG Kerk Wes-Transvaal).

Ander Sinodes van die NG Kerk kan ook op eie koste een verteenwoordiger elk aanwys. Die volgende Sinodes is tans betrokke:

- Sinode Suid en Weskaap
- Sinode Noordkaap

[17] Die naam Noordelike Sinodes word in die verslag as 'n versamelnaam gebruik vir die vier sinodes wat uit die NG Kerk van Transvaal ontstaan het.

- Sinode Vrystaat
- Sinode KwaZulu Natal.

Die Voorsitter van die Dosenteraad (of 'n sekundus) en die Voorsitter van die Proponentskommissie is lede van die Kuratorium. Die Hoof Kerklike Opleiding en die Hoof Excelsus (Voortgesette Bedieningsontwikkeling) is adviserende lede van die Kuratorium.

Die Kuratorium van die NG Kerk van Transvaal vervul sy funksies volgens sy eie reglement en Reglement 10 van die Algemene Sinode (Kerkorde 2023), *Reglement vir die opleiding en legitimasie van predikante*, *diensleraars en standplaasleraars*. Benewens ondersteuning van Teologiese Opleiding aan die Universiteit van Pretoria hou die Kuratorium toesig oor, begelei en ondersteun studente. Die Hoof Kerklike Opleiding en die Hoof Excelsus is onderskeidelik verantwoordelik vir die aanbied van die programme vir Kerklike opleiding en vorming en die aanbied van die programme vir Voortgesette Bedieningsontwikkeling.

### 19.1.3 Die ooreenkoms met die Universiteit van Pretoria

Die Noordelike Sinodes het 'n ooreenkoms met die Universiteit van Pretoria gesluit wat sedert 8 Julie 2009 van krag is. Hoewel die ooreenkoms bepaal het dat die vier noordelike sinodes van die NG Kerk 30% van tien dosente se salarisse bydra, dra die Kuratorium tans net by tot agt dosente se salarisse.

Die Fakulteit van Teologie se naam het op 1 Januarie 2018 verander na die Fakulteit van Teologie en Religie. Dit is ‘n veel-kerklike Fakulteit en die kerklike vennote is tans die NG Kerk, die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHK), die Verenigde Gereformeerde Kerk van Suid Afrika (VGKSA), die Uniting Presbyterian Church of Southern Africa (UPCSA) en die United Congregational Church of South Africa (UCCSA).

## 19.2 DEPARTEMENTE EN SENTRA BY DIE FAKULTEIT TEOLOGIE EN RELIGIE EN UNIVERSITEIT

Hoewel hierbo reeds na die naamsverandering verwys is, het ander veranderings ook die afgelope paar jaar plaasgevind. Oudstudente van die Fakulteit Teologie by die Universiteit van Pretoria onthou ses departemente in die Fakulteit, maar in 'n vorige verslag van die Kuratorium is reeds aangedui dat daar tans net 5 departemente is.

### 19.2.1 Vyf departemente

Die Fakulteit huisves die volgende vyf departemente:

- Departement Sistematiese en Historiese Teologie (Departementshoof – Prof. Tanya van Wyk);
- Departement Religie (Departementshoof – Prof. Jaco Beyers)
- Departement Ou Testamentiese en Hebreeuse Literatuur (Departementshoof – Prof. Dirk Human)

- Departement Nuwe Testament en verwante literatuur (Departementshoof – Prof. Chris de Wet)
- Departement Praktiese Teologie en Missiologie (Departementshoof – Prof. Christo Lombard).

### 19.2.2 Sentra

Die Fakulteit huisves ook twee sentra:

- Die Sentrum vir Geloof en Gemeenskap met prof Stefan de Beer as direkteur;
- Oxford (UP) Centre for Religion, Public Life and Security in Africa met Prof. Maniraj Sukdaven as Direkteur.

### 19.2.3 Personeel van die Fakulteit

Prof. Rantoa Letšosa het in 2023 prof. Jerry Pillay as Dekaan van die Fakulteit Teologie en Religie opgevolg. Prof. Jaco Beyers (Leer en onderrig) en prof. Dirk Human (Navorsing en Nagraadse Studente) is die adjunk-dekane. 29 dosente is verbonde aan die Fakulteit.

- NG Kerk Dosente

Daar was 'n wisseling van NG Kerk dosente sedert 2022. Sommige het die diens van die Universiteit verlaat:

- Dr. H (Han) Janse van Rensburg (2023) – Nuwe Testament – verlaat diens;
- Prof. DP (Danie) Veldsman (2025) – Sistematiese en Historiese Teologie – emeritaat

Nuwe aanstellings is gemaak:

- Dr. A (Annette) Potgieter (2023) – Nuwe Testament en verwante Literatuur;
- Prof. M (Manitza) Kotze (2026) – Sistematiese en Historiese Teologie.

Benewens die twee bogenoemde dosente is die ander kerklike[18] dosente:

- Prof. DJ (Dirk) Human – Ou Testament en Hebreeuse geskrifte;
- Prof. JM (Johan) van der Merwe – Sistematiese en Historiese Teologie;
- Prof. EE (Sias) Meyer – Ou Testament en Hebreeuse geskrifte;
- Prof. CJS (Christo) Lombard – Praktiese Teologie en Missiologie;
- Prof JJ (Hannes) Knoetze – Praktiese Teologie en Missiologie;
- Dr. D (Dieter) de Bruin – Praktiese Teologie en Missiologie.

[18]Kerklike dosente is persone wat aangestel is in ooreenstemming met die ooreenkoms tussen die NG Kerk en die Universiteit van Pretoria. Daar is ook ander gelegitimeerdes van die NG Kerk wat akademiese personeel van die Fakulteit Teologie en Religie is.

Prof. Hannes Knoetze is die voorsitter en dr. Annette Potgieter is ondervoorsitter van die Dosenteraad van die NG Kerk. Prof. Danie Veldsman was voorsitter tot met sy emeritaat. Die Dosenteraad is 'n komitee van die Kuratorium. Al bogenoemde dosente, ander dosente verbonde aan die Fakulteit wat ook lidmate van die NG Kerk is, die Hoof van Kerklike Opleiding, die Hoof van Excelsus en 'n verteenwoordiger van die Dagbestuur van die Kuratorium is lede van die Dosenteraad.

Hoewel die Kuratorium probeer om jaarliks gesprek te voer met lede van die Dosenteraad, was dit nie in 2025 en 2026 moontlik nie. Prof Hannes Knoetze en dr. Annette Potgieter wat gereeld die vergaderings van die Kuratorium bywoon, vergemaklik skakeling met die dosente.

Kerkbode het 'n artikel gepubliseer met die titel "Fokus op Teologiese opleiding" wat 'n goeie oorsig gee van die dosente by al die NG Kerk se fakulteite. Die artikel kan hier gelees word.

### 19.2.4 Internasionale en plaaslike skakeling

Die Fakulteit Teologie en Religie geniet wye internasionale en plaaslike erkenning en het aktiewe ooreenkomste met soortgelyke instellings in Afrika en internasionaal.

Dosente woon plaaslike en internasionale konferensies by, lewer referate en publiseer boeke en artikels in plaaslike en internasionale akademiese tydskrifte. Danksy die ooreenkomste besoek buitelandse dosente en navorsers ook die Fakulteit Teologie en Religie.

### 19.2.5 Studente

Die studente van die NG Kerk wat by die Fakulteit Teologie en Religie studeer, registreer hoofsaaklik vir 'n 4 jaar B.Div met Grieks 2 en Hebreeus 2, 'n 1 jaar M.Div en doen 'n Gemeentejaar. Dit was aanvanklik gekoppel aan 'n Nagraadse Diploma maar is later omgeskakel na 'n BTh Hons.

Soos die getalle hieronder aandui is die NG Kerk studente deel van 'n groter groep studente wat aan die Fakulteit studeer Vir 2026 was die getalle soos volg:

**Voorgraads**

- BDiv 48
- BTh 180
- Dip 224
- Totaal 452
- Nie graad doeleindes 22

**Nagraads**

- **Honneurs** 75
- **Meesters** 126
- **Doktoraal** 157

'n Totaal van 832 studente van verskillende kerke en groepe is ingeskryf vir studie by die Fakulteit Teologie en Religie.

## 19.3 KERKLIKE OPLEIDING

Die tabel hieronder dui die studentegetalle aan van studente by die Kuratorium ingeskryf is en wat voorberei vir bediening in die NG Kerk:

| 1. Jaar | 2. 2023 | 3. 2024 | 4. 2025 | 5. 2026 |
|---|---|---|---|---|
| 6. 1 – B.Div. | 7. 5 | 8. 3 | 9. 7 | 10. 8 |
| 11. 2 – B.Div | 12. 3 | 13. 5 | 14. 3 | 15. 7 |
| 16. 3 – B.Div | 17. 3 | 18. 3 | 19. 6 | 20. 3 |
| 21. 4 – B.Div | 22. 11 | 23. 3 | 24. 3 | 25. 4 |
| 26. 5 – M.Div | 27. 11 | 28. 11 | 29. 3 | 30. 5 |
| 31. 6 – BTH Hons | 32. 5 | 33. 8 | 34. 12 | 35. 3 |
| 36. Kandidate vir diensleraars | 37. | 38. 6 | 39. 1 | 40. 4 |
| 41. Artikulasie | 42. | 43. | 44. 2 | 45. 9 |
| 46. Hugenote 1jrs | 47. | 48. | 49. 19 | 50. 6 |
| 51. Hugenote 2jrs | 52. | 53. | 54. 9 | 55. 17 |
| 56. Hugenote 3 jrs | 57. | 58. | 59. 3 | 60. 7 |

Let daarop tabel hierbo die studente wat vir die verskillende jare van B.Div, M.Div en BTh Hons ingeskryf is, studente is by die Universiteit van Pretoria. Die studente van Hugenote Kollege word afsonderlik aangedui.

Dr. Kobus (JA) Myburgh wat die Hoof Kerkeie Teologiese Opleiding was, het September 2024 geëmeriteer en die Kuratorium het dr. Wicus (JL) van der Merwe benoem om hom op te volg.

Die Kuratorium kom sy verantwoordelikheid vir kerklike opleiding na binne die raamwerk wat gestel is die dokument *Geroep, gevorm, gestuur* wat in 2022 deur die Algemene

Kuratorium daargestel is. Nie alleen beskryf dit die roetekaart vir Teologiese Opleiding in die NG Kerk nie, maar dui aan aan watter aspekte aandag gegee moet word:

- Etos (Wie ek is en word)
- Logos (wat en hoe ek glo)
- Patos (wie en hoe ek dien).

Onder elk van die aspekte is daar bepaalde bedieningskapasiteite wat ontwikkel moet word onderskeidelik vir persone wat as hulself wil bekwaam om as bedienaars, diensleraars en leraars in die NG Kerk wil dien. Geroep, gevorm, gestuur kan hier afgelaai word.

Die Hoof Kerklike Opleiding maak gebruik van verskeie persone om hom by te staan in die proses van Kerklike opleiding van studente. Voordat studente gelegitimeer word om beroepbaar te word om as diensleraars of leraars in die NG Kerk te dien, evalueer 'n Kommissie van die Kuratorium, die Proponentskommissie, die studente.

Die Proponentskommissie is ook verantwoordelik vir die afneem van die colloquium doctum van persone wat hul bevoegdheid verloor het en wil terugkeer na die bediening in die NG Kerk.

Sedert 2025 neem die Kuratorium ook verantwoordelikheid vir studente wat by Hugenote Kollege studeer, maar wat in die sinodale gebiede van die Noordelike Sinode, Goudland Sinode, Oostelike Sinode en Hoëveld Sinode woon. Dit het meegebring dat die Hoof Kerklike Opleiding en sy kantoor verantwoordelik is vir meer studente as tevore en moet dikwels skakel met die personeel van Hugenote Kollege.

## 19.4 VOORTGESETTE BEDIENINGSONTWIKKELING – EXCELSUS

Dr. André Bartlett wat sedert 2012 Hoof Excelsus was, het Februarie 2024 geëmeriteer en die Kuratorium het dr. Tom Smith aangewys as sy opvolger.

Dr. Smith het nie net die werk wat Excelsus oor die jare heen ontwikkel het, voortgesit nie, maar werk aktief mee aan die Algemene Taakspan vir Voortgesette Bedieningsontwikkeling se ontwikkeling van programme. Die jaarlike Lentekonferensie is met groot vrug aangebied in 2024 en 2025, maar het nie in 2026 plaasgevind nie as gevolg van die Predikante Saamkoms. Excelsus se aanbod van programme en kursusse werk saam om gelegitimeerdes se kennis te verdiep, hulle Bedieningsvreugde en geestelike groei te bevorder en te verdiep. Dit slyp hul bedieningsvaardighede en help hul om getrou te bly aan ons gereformeerde tradisie en teologie. Die VBO-ekologie word breedvoerig bespreek in die nuwe prospektus Gestuur, Gevorm, Geroep. Die prospektus kan hier afgelaai word.

## 19.5 FINANSIES

Hoewel die Kuratorium betrokke is by die opleiding van persone om as leraars en diensleraars in die hele NG Kerk te dien, maak die vier Noordelike Sinodes deur hul maandelikse bydraes die grootste deel van die Kuratorium inkomste uit. Gesamentlike

Fondsekommissie van die Noordelike Sinodes bepaal die bydraes wat deur die Sinodes gemaak moet word. Die Kuratorium dank die Sinodes vir hul bydraes tot die vorming en opleiding van studente en die voortgesette bedieningsontwikkeling van leraars en diensleraars.

Ander bronne van inkomste is 'n maandelikse toekenning uit die De Jager Steynfonds. Die De Jager Steynfonds bewillig die geld vir teologiese opleiding en beurslenings. Ander donateurs sluit individue en die Hartmann Trust in. In die verlede is versoek dat gemeentes jaarliks 'n kollekte opneem vir Teologiese Opleiding, maar dit blyk dat baie gemeentes nie aan die versoek gehoor gegee het nie.

Die Kuratorium is ten volle verantwoordelik om die salarisse van die personeel, die koste van die kantoor en die dienste wat Kerklike Opleiding en Excelsus lewer, te betaal. Die Kuratorium se finansiële verantwoordelikheid sluit ook verder die betaling in van 30% van vergoeding van die 8 dosente kragtens die vier Noordelike Sinodes se ooreenkoms met die Universiteit van Pretoria.

## 19.6 BEURSLENINGS

Studente wat by die Kuratorium aanmeld vir teologiese opleiding kan jaarliks aansoek doen vir beurslenings. Die beurslenings word toegeken uit die geld wat van die De Jager Steynfonds ontvang word. Studente onderneem om 50% van die beurslenings wat ontvang word aan die Kuratorium terug te betaal.

Die Universiteit van Pretoria stel in oorleg met die Kuratorium beurse beskikbaar vir Teologiese studie uit skenkings wat vir die doel aan die Universiteit geskenk is.

## 19.7 ALGEMENE KURATORIUM

Benewens die feit dat elke Sinode op die Algemene Kuratorium verteenwoordig is, word die Kuratorium van die Noordelike Sinodes (die NG Kerk van Transvaal) deur 'n lid op die Algemene Kuratorium verteenwoordig. Die gesprekvoering en die voortgaande besinning oor teologiese opleiding en voortgesette bedieningsontwikkeling is onontbeerlik vir die Kuratorium.

In die afgelope vier jaar is begin met 'n besinning oor die volhoubaarheid van teologiese opleiding. Die Algemene Kuratorium sal DV by die Algemene Sinode van 2027 verslag gee van sy werksaamhede.

## 19.8 DANKIE

Die Kuratorium bedank die dekaan, prof. Rantoa Letšosa en sy voorganger, prof Jerry Pillay, vir hul hartlike samewerking en bereidheid om die Kuratorium en sy personeel te betrek by aksies en funksies van die Fakulteit.

Die Kuratorium bedank die dosente. Dankie aan prof. Danie Veldsman en dr. Han Janse van Rensburg vir hulle toewyding nie net aan die Fakulteit nie, maar ook aan die NG Kerk.

Dankie aan die huidige dosente vir die goeie gesindheid en samewerking met die Kuratorium.

Dankie aan dr. Bartlett en dr. Myburgh wat in 2024 geëmeriteer vir hul diens aan die Kuratorium en die NG Kerk. Dankie aan die personeel van die Kuratorium: dr. Tom Smith, dr. Wicus van der Merwe, me. Lizette van der Kooi en me. Rika van Rensburg.

Dankie aan almal wat tussen 2022 en 2026 lede van die Kuratorium en die Proponentskommissie was.

*Die verslag is opgestel deur ds. JH Windell (voorsitter) namens die Kuratorium.*


## 19.9 AANBEVELINGS

19.9.1 Die Sinode neem kennis van die verslag van die Kuratorium.

19.9.2 Die Sinode neem deel aan 'n besprekingsgeleentheid saam met die sinodale verteenwoordigers vir die Kuratorium en dr. Wicus van der Merwe, Hoof Kerklike Opleiding, Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria.

*In die*

# VOETSPORE VAN JESUS



*Diensbaar*



*Deernis*



*Doelgerig*

OOSTELIKE SINODE